# HOOFSTUK 1

## 1.1 DIE PROBLEEMSTELLING

In Europa en die VSA is daar die onrusbarende tendens dat die gevestigde hoofstroomkerke lidmate verloor (vgl. Hoek 1999; Mann 1999:ix; Gibbs 2000: 10; Gibbs 2005:11, Driscoll 2006, Barna 2005, Niemandt 2007). In Nederland het die getal buitekerklikes in 1947 op 17,1% van die bevolking gestaan, in 1979 het dit op 27% gestaan en teen 1993 was die getal 52% (Heitink 1993:14). Lidmate van die Nederlands Hervormde Kerk het in 1900 ongeveer 90% van die Nederlandse bevolking uitgemaak, terwyl dit in 2000 slegs 14% beloop het (Dreyer 2009:1).

Hoek (1999:121) wys daarop dat die kerk in die moderne samelewing van Wes-Europa nie meer in die middelpunt is nie. *"De onkerkelijkheid neemt immers nog steeds toe, van meer dan 50 procent in 1999 tot, als de trends zich doorzetten, 73 procent in 2020."* Hy noem verder dat driekwart van die 21 tot 30 jariges nie meer lidmate van die kerk is nie. Gibbs (2005:11) verwys na die afname in getalle in die groot denominasies in die VSA. *"Those traditional denominations that used to be called 'mainline' are now 'sideline'".* In die VSA het die bywoning van eredienste tussen 1965 en 1994 van 42% na 26% gedaal, ten spyte van die opkoms van die Church Growth Movement wat in dieselfde tydperk na vore gekom het. Hirsch (2006:36) oordeel dat nóg die tradisionele hoofstroomkerke, nóg die onafhanklike megakerke die styging in ongeloof en buitekerklikheid kon stuit nie.

Ook Suid-Afrika het hierdie tendens nie gespaar gebly nie. Dreyer (2003:1051-52) noem dat die draaipunt in die VSA in 1965 was, terwyl dit in Suid-Afrika in 1985 was. Die Gereformeerde groepe se markaandeel in Suid-Afrika het van 33% in 1911 tot 16% in 1991 gedaal. Oliver (2006:126) noem dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK), wat die grootste Afrikaanssprekende kerk is, meer as 270 000 lidmate die afgelope twintig jaar verloor het.

In 'n tabel wat Dreyer (2009:4) saamgestel het, word die drie Afrikaanse susterskerke se lidmaatgetalle aan die hand van amptelike statistieke wat in die onderskeie kerke se jaarboeke gepubliseer is, vergelyk. Dit is opvallend hoe identies die statistieke (uitgedruk in persentasies) van die drie kerke vertoon. Die opsommende syfers lyk soos volg:


| | **NEDERDUITSE GEREF KERK NGK LIDMAATTAL** | | **NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK NHKA LIDMAATTAL** | | **GEREFORMEERDE KERKE IN SA GKSA LIDMAATTAL** | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Doop** | **Belydend** | **Doop** | **Belydend** | **Doop** | **Belydend** |
| **% Afname 1988-1998** | 24% | 5,5% | 25% | 6% | 23% | 3% |
| **% Afname 1999-2008** | 20% | 4,5% | 20% | 12% | 23% | 9% |
| **AFNAME** | 199 083 | 98 943 | 27 610 | 23 446 | 16 953 | 9 128 |

Die tradisionele Afrikaanse Kerke (Nederduitsch Hervormde Kerk; Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika) het dus die afgelope 21 jaar met 375 163 lidmate verminder, waarvan die dooplidmate gedurende hierdie periode die grootste verlies verteenwoordig, naamlik 65% óf 243 646 (vgl. Dreyer 2009:6).

As die kerke en die twee dekades met mekaar vergelyk word, is die volgende opvallend (Dreyer 2009:6):

- Die verlies aan dooplidmate by al drie kerke is feitlik identies as dit persentasiegewys uitgedruk word.
- Die NG Kerk het die kleinste daling van belydende lidmate. Dit kan daarop dui dat die NG Kerk, as grootste kerk, nog nie die impak van demografiese verandering vertoon nie; of dat die vlak van tevredenheid in die NG Kerk hoër is as by die ander twee kerke en dat minder lidmate die Kerk verlaat.
- Die NHKA se verlies aan belydende lidmate het in dekade 2 (1999 tot 2008) verdubbel (van 6% tot 12%), in vergelyking met dekade 1 (1988 tot 1998). Hierdie versnelling sal na alle waarskynlikheid toeneem, omdat kleiner kerke meer blootgestel is aan demografiese veranderinge.
- Die kleiner kerke se groter blootstelling aan demografiese verandering word bevestig deur die daling van belydende lidmate van die Gereformeerde Kerke, wat drievoudig toegeneem het (van 3% tot 9%).

Uit onderstaande skematiese voorstelling blyk dit dat daar tans 'n rapsie meer as 300 gemeentes in die NHKA bestaan, terwyl die lidmaattal die sieletal reflekteer (Dreyer 2009:14).




As die statistieke van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) verder ontleed word, is daar sedert 1992 'n konstante afname in lidmaatgetalle. Van 1971 was daar 'n konstante groei vanaf 109 240 belydende lidmate tot 'n hoogtepunt in 1992 met 134 160 belydende lidmate. In die 16 jaar sedertdien, het die belydende lidmaattal tot 107 202 afgeneem (Almanak 2009:167). Volgens Dreyer (2009:9-10) kan die volgende opsomming wat die NHKA betref uit die statistieke gemaak word:

- Die groter mobiliteit van lidmate in die laaste dekade is opmerklik - tot 5 maal meer as in die voorafgaande dekades.
- Totale lidmaatgetalle het in die laaste twintig jaar met 30% afgeneem.
- Die getal dopelinge het met 75% afgeneem. Dit hou ten nouste verband met die lae geboortesyfer en veroudering wat in die gemeenskap aan die gang is. Dit dui ook daarop dat talle jongmense die Kerk verlaat deur na ander kerke te gaan, te emigreer of omdat hulle buitekerklik word.
- Tans is die getal sterftes in die Kerk reeds meer as die getal geboortes.

- Dit beteken dat die Kerk geen groei deur natuurlike aanwas en deur die normale proses van doop, kategese en belydenis beleef nie.
- Die vermindering van lidmate is oor die laaste twee dekades konstant en daar is geen aanduiding dat dit nie so sal voortduur nie.
- Gemeentes sal dit toenemend moeilik vind om predikante te versorg en gemeentes sal moontlik moet saamsmelt om te oorleef, of predikante sal meer as een gemeente moet bedien.
- Al meer predikante sal gemeentes deeltyds bedien.
- Die Kerk se sinodale aktiwiteite gaan toenemend onder druk kom.

Vra jy rond oor redes waarom die kerk se getalle afneem, kry jy baie antwoorde. Kerke se studiestukke verdink sekularisasie, materialisme, fundamentalisme, liberalisme, formalisme, postmodernisme en nog ander -ismes as die oorsaak daarvan (Van Staden 2007:12). Hierby voeg Van Wyk (2007:10) nog kwessies soos internasionalisering of globalisering, asook die verandering van die vrou se rol in die Westerse samelewing. George Barna (2006:118) wys daarop dat hulle navorsing in Amerika daarop dui dat die plaaslike kerk feitlik geen invloed op hulle kultuur het nie. Die sewe dominante sfere van beïnvloeding in die samelewing is rolprente, musiek, televisie, boeke, die internet, die reg en die familie. Die tweede reeks entiteite wat die samelewing beïnvloed, bestaan uit entiteite soos skool, portuurgroep, nuusblaaie, die media en besigheid. Die plaaslike kerk is onder die entiteite wat min of geen invloed op die samelewing het. Niemandt (2007:13) sluit hierby aan as hy die term Christenheid gebruik as verwysing na die Konstantynse Christendom en noem dat die invloed van Christelike kerke in Westerse lande op 'n laagtepunt is - miskien die laagste in die geskiedenis. Kerkbywoning het gedaal en in baie Europese lande woon minder as 5% van die bevolking gereeld eredienste by. Niemandt (2007: 14) maak die volgende stelling:

> Dit is die verhaal van die einde van die Christenheid. Ek bedoel nie die Christelike geloof nie en ook nie die einde van kerke nie. Ek bedoel die einde van 'n spesifieke bedeling en 'n spesifieke manier waarop die kerk in die samelewing gefunksioneer het. Die kerk het sy invloed verloor en het een van baie stemme geword.

Die prentjie, veral wat die kerk in die Weste betref, lyk ietwat bleek. Gelukkig lyk dit elders beter. Winter & Fraser (1999:354) noem dat daar enorme groei in die Christendom in die nie-Westerse wêreld is. Daar is tans meer praktiserende Christene in Latyns-Amerika as in die VSA, terwyl daar meer as 80 miljoen Christene in China is (Winter & Koch 1999: 510). Wat Afrika betref, merk Winter & Fraser (1999:366) soos volg op: "Someday there will be more Christians in Africa than on any other continent in the world!"

Hoe moet daar teologies oor die wins en verlies van lidmaattalle gedink word? Kyk 'n mens na bogenoemde vraag, begewe jy jou onmiddellik tussen twee standpunte. Die kerkgroeibeweging wat deur die jare meer genuanseerd geraak het teenoor 'n skeptisisme waar dit gaan oor die najaag van getalle. Warren, die vader van die "Purpose Driven" paradigma, asook 'n kenner en toepasser van kerkgroeibeginsels (1995:17) kwalifiseer groei soos volg: "*I believe the key issue for churches in the twenty-first century will be church health, not church growth ... Focusing on growth alone misses the point. When congregations are healthy, they grow the way God intends. Healthy churches don't need gimmicks to grow - they grow naturally.*" Van Aarde (2006:115), aan die ander kant, stel dit dat ons soms mislei word deur te dink dat die toename in getalle die sukses van sending bepaal. Hy stel dit soos volg: "Waar kry jy dat die teenswoordige kerk groei? Dit is daar waar die kerk sekte-eienskappe aanneem." Hy verwys na die Amish in Noord-Amerika wat sekte-kenmerke openbaar deur hulle af te skei en deur hul eiesoortige kleredrag ensovoorts en in die proses groei. Hy verwys na fundamentalistiese groepe wat groei en stel dit dat fundamentalisme en sektarisme hand aan hand gaan. Dit is 'n sosiologiese verskynsel. Mense wil in 'n godsdienstige sin anders as die wêreld wees en empiriese navorsing toon dat dit juis daardie godsdienstige groeperings is wat anders as die wêreld is, wat groei (Van Aarde 2006:115-116).

Kan kerke in die gereformeerde tradisie getallegroei beleef sonder om fundamentalisties te wees of sekte-kenmerke aan te neem? Hoe moet gesonde kerkwees gesien word en watter rol het gemeenteboubeginsels hier te speel? Sonder om in hierdie stadium in diepte in te gaan op die omvangryke saak van gemeentebou, kan die volgende gevra word: In watter mate slaag 'n gestruktureerde gemeentebouproses om missionêre doelwitte in 'n gemeente ten uitvoer te bring en watter mate van sukses word behaal?

Southerland (1999:14-15) in sy boek, *Transitioning: leading your church through change,* verwys na die term "metodes", wanneer hy sê ons is aan die vooraand van 'n tweede reformasie. Volgens hom het die eerste reformasie gehandel oor die boodskap, wat die Bybel presies sê oor sonde en redding, en hoe ons verhouding met God moet wees. Hy word verder aangehaal (Southerland 1999:14):

> *In the first reformation, the Bible was given back to the people. The second reformation is about methods. It concerns how we should relate to the world around us; how we make the gospel culturally relevant so that men and women everywhere can come to know, love, and serve Jesus Christ. In this second reformation, the ministry of the church is being given back to the people.*

Die vraag kan aan Southerland gestel word of dit nie om veel meer as net 'n tweede reformasie en metodes gaan nie. Barna (2006:9-10) is van mening dat die huidige die Rewolusionêre Tyd is. Die geloofsgemeenskap het oor die eeue heen verskillende tydperke beleef, naamlik die Apostoliese era, die tyd van die martelare, die era van die Woestynvaders, die tyd van die mistisisme, die Reformasie, die "Groot Ontwaking" en die missionêre era, om maar enkeles te noem (Barna 2006: 9-11).

> *Today, we have the Revolutionary Age. It fits our cultural context, doesn't it? Newspapers, magazines, and television shows belch out endless stories about the information revolution, the technological revolution, the sexual revolution, the globalization revolution, the entrepreneurial revolution, the conservative revolution, and so forth. It's amazing that most people are totally unaware of the most important renaissance of them all: the spiritual revolution that is reshaping Christianity, personal faith, corporate religious experience, and the moral contours of the nation … the revolution of faith is the most significant transition you or I will experience during our lifetime.*

Southerland (1999:31) vertel hoe hulle in hulle gemeente gedurende 1990 'n groei van 300 tot 500 in hulle erediensbywoning gehad het. Hy noem hoe ingenome hulle met hierdie groei was, totdat hulle besef het dat 90% van die groei uit mense bestaan het wat uit ander kerke gekom het. Slegs 10% van die groei was nuwe Christene: "*We were growing by swapping sheep! Our church had simply become the hottest church in town and every Christian who was unhappy or disgruntled in the least with their church was joining ours*." Gibbs (2000:41-42) sluit hierby aan en lewer insiggewende kritiek op dit wat hy die *"*marketing mentality*"* noem. Kerke wat 'n verhoogde erediensbywoning het, behoort bedag te wees op wat Gibbs (2000:41) 'n *"premature sense of achievement"* noem. Die vraag na waar die mense vandaan kom, moet altyd gevra word. Is 'n betrokke gemeente besig om ten koste van 'n ander gemeente te groei? (Kyk ook Sider et al 2002:67). Daar moet gekyk word na die tipe groei wat plaasvind (Gibbs 2000: 41-42):

> *A distinction needs to be made between those 'seeker-sensitive' churches that represent new growth (returning 'de-churched' and 'never –churched' people), and the 'market-driven' that have grown at the expense of the smaller community churches around them. In the latter case, one is left wondering what will happen to these market-driven churches when their small-church feeder systems dry up.*

Nog 'n kwessie is die stabiliteit van so 'n kerk/gemeente (Gibbs 2000:42)*:*

> *… large congregations that lack a shared memory are unstable communities. A significant percentage of their members drift from church to church and are especially vulnerable during a time of leadership transition. If such churches eventually collapse and the churches around them are so depleted or have already been driven out of business, will they have produced a spiritual wilderness?*

## 1.2. DRIE MAATSTAWWE VIR DIE KERK

Soos reeds vermeld, lyk die prentjie wat die gereformeerde kerke in die RSA betref, nie rooskleurig nie. Dit wek kommer en laat baie vrae na moontlike oplossings ontstaan. In ’n onderhoud met Jim Collins (2006:1) na aanleiding van *Good to Great and the Social Sectors* (2006), wat volg op die treffer, *Good to Great* (2001), word die vraag gevra: Wat maak ’n organisisasie (kerk/gemeente) “*Great*” (uitnemend)? Collins antwoord soos volg:

1. Effektiewe funksionering volgens sy missie in die wêreld.
2. ’n Onderskeidende impak op die gemeenskap. As ’n bepaalde gemeente sou verdwyn - sal daar ’n ernstige leemte in die gemeenskap ervaar word?
3. Volhoubaarheid. Om oor ’n lang genoeg tyd ’n impak te maak, sodat die sukses nie aan die persoonlikheid van een leier alleen toegeskryf kan word nie.

Collins (2006) se drie maatstawwe dien as vertrekpunt vir hierdie studie om by ’n werkbare hipotese uit te kom en sal aan die einde van die studie by die bevinding weer aan die orde kom.

### 1.2.1 Effektiewe funksionering volgens sy missie in die wêreld.

Hierdie hoofpunt vra na ’n tweeledige uiteensetting - eerstens van die konsep “effektiewe funksionering” en tweedens van die betekenis van die term “missie” in die plaaslike gemeente. Die begrippe sluit mekaar nie wedersyds uit nie, maar is ten nouste met mekaar verweef. Trouens, die uitgangspunt van hierdie studie is dat effektiewe funksionering juis bydra tot beter bereiking van die gemeente se missie in die wêreld. Die vak, gemeentebou, is juis gemoeid met die optimale en effektiewe funksionering van die gemeente volgens haar missie in die wêreld. In hoofstuk 2 (Gedissiplineerde mense) word die saak van gemeentebou meer breedvoerig bespreek.

Met missie word nie hier na die gemeente se eie visie- en missieformulering (hoewel dit deel uitmaak van gemeentebou) verwys nie, maar na die gemeente se sendingopdrag. Sending het sy oorsprong in die hart van God, Hy is die fontein van sendende liefde. *This is the deepest source of mission. It is impossible to penetrate deeper still; there is a mission because God loves people* (Bosch 1991:391-392). Die missionale opdrag aan

die gemeente vra op sy beurt ’n deurdagte ondersoek na die *Missio Dei* en al die verwante subtemas daar rondom. Soos Niemandt (2007:147-148) dit stel: “Dit is nie ’n geval dat God sending doen nie - Hy is sending!” En verder: “Die kerk het nie sendingwerk nie, die kerk is God se sending aan die wêreld.” In hoofstuk 2 word daar meer breedvoerig gekyk na die sendingopdrag van die kerk.

In Hoofstuk 3 (Gedissiplineerde denke en aksie) word daar gekyk na die werklikheid van ons tyd, visieformulering en die vergestalting daarvan in die gemeente. Hierdie twee hoofstukke is ’n uiteensetting van hoe ’n gemeente effektief volgens sy visie in die wêreld behoort te funksioneer.

### 1.2.2 Het die gemeente ’n duidelik waarneembare (onderskeidende) impak op die gemeenskap?

Hierdie punt sluit ten nouste aan by die vraag oor die missionale, soos in die vorige punt (1.2.1) aangeraak. Effektiewe funksionering wat missionaal gerig en bepaal is, mond noodwendig in die breë spektrum van missionale aktiwiteite, soos getuienislewering, onderlinge verhoudinge as getuienistaak, sending, evangelisasie en dienslewering in die gemeenskap uit. Impak op die gemeenskap behels ongetwyfeld die “wen van siele” vir Christus, maar daar is ook meer by betrokke, soos byvoorbeeld armoedeverligting, hulp aan verslaafdes, verskaffing van behuising ensovoorts, om maar enkele sake te noem. Dan kan daar ook gevra word in hoe ’n mate die gemeente as geheel ’n impak op die gemeenskap het wat al hierdie aktiwiteite betref. Wie moet almal uitreik? Is dit die opdrag van enkeles in die gemeente, wat die nodige gawes ontvang het, of moet die hele gemeente so ver moontlik gemobiliseer word?

Die vraag na ’n duidelike waarneembare impak word met reg ook ’n empiriese vraag. Maak die gemeente met sy teenwoordigheid en bediening ’n verskil aan die nood van die omgewing waarvan hulle deel is? Die nood sou insluit geestelike nood, asook ’n bepaalde bestaansnood. En dan, - wat van die meetbaarheid van daardie impak? Uiteraard sal ’n meetinstrument daar gestel moet word wat deurlopend vir gemeentes met ‘n gemeentebouproses geld, asook vir gemeentes wat nie ’n gestruktureerde gemeentebouproses deurloop nie.

### 1.2.3 Volhoubaarheid?

Kan ’n uitnemende gemeente dit volhou om volgens haar missie in die wêreld te leef en om ’n impak op die gemeenskap te bly maak, al verwissel pastors of ander sleutelleiers? Collins (2006) meen dat die impak oor ’n lang genoeg tyd moet geskied sodat die suksesse nie net aan die persoonlikheid en werk van een begaafde leier toegeskryf kan word nie. “*If a church is effective during one pastorate, it may be a church with a stellar pastor, but it is not yet a great church.*”

Die antwoord op hierdie vraag is nie eenvoudig nie. Dit vra na ’n gemeentekultuur en strukturele onderbou wat ’n volhoubare proses ondersteun lank na die gemeentebouleiers (wat die eerste proses geïnisieer het) van die toneel verdwyn het. Na my mening is ’n verteenwoordigende studie in die RSA na volhoubaarheid (volgens Collins 2006 se kriteria) nog nie gewens nie, omdat die vak gemeentebou betreklik onlangs eers op die toneel verskyn het. Aldus Malan Nel, is die eerste gemeente-analise volgens die Callahanmetode in 1991 gedoen, waarna die res (meer as 100 analises) gevolg het. In hoofstuk 4 word die saak van volhoubaarheid, asook die termyn waaraan gemeentes in terme van missionale sukses gemeet word, verder beredeneer.

Die drie maatstawwe wat Collins (2006) aan die kerk stel, laat die vraag ontstaan of ’n gemeente wat grootliks op eie instandhouding fokus, wel by hierdie drie kriteria sal uitkom. Indien wel, hoekom vind die kommerwekkende daling in lidmaattalle, waarna reeds verwys is, dan plaas? As die gewone werksaamhede soos prediking, huisbesoek, pastoraat, presbiteraat, diakonaat, apostolaat, soos in die NHKA toegepas, tot hierdie kommerwekkende tendense gelei het, wat sou dan die manier wees om dit te verhoed? Die antwoord lê waarskynlik in die verbete nastreef van God se missie vir die gemeente én om op ’n volhoubare manier ’n impak op die wêreld waarin ons leef, te maak. Om dit te bereik vra na nuwe denke, ’n paradigmaskuif in benadering, ’n proses wat aan die gang gesit word - iets soos ’n gestruktureerde gemeentebouproses wat verweef is met die hele saak van die missionale. Die volgende vertrekpunt word in die negatief gestel:

*Gemeentes wat nie op ’n gestruktureerde manier aandag gee aan verantwoordbare missionale doelwitte nie, loop die gevaar om geen aandag daaraan te gee nie en word ’n evangeliese opdrag gevolglik versaak.*

## 1.3 SLEUTELKWESSIES IN DIE PROBLEEMSTELLING

1.3.1. Kerke in die gereformeerde tradisie in Suid-Afrika ervaar die probleem dat hulle lidmaattalle onrusbarend kwyn. Hier, soos in die VSA, is die tradisionele "mainline"- kerke besig om "sideline"-kerke te word.

1.3.2. Daar bestaan ook by sommige teoloë (sien Breytenbach 1991:333) en gemeentepredikante wantroue en verdagmakery teenoor gestruktureerde gemeentebouprosesse.

1.3.3. Hoe moet daar teologies oor die wins en verlies van lidmaattalle gedink word? Dit blyk dat getallewins misleidend kan wees, omdat lidmate gewoon van gemeentes of kerke na gelang van smaak of modegier verwissel. Dit vra na 'n grondige ondersoek oor wat die missionale alles behels en hoe daar oor getallegroei gedink moet word.

1.3.4. Die drie maatstawwe aan die kerk gestel, kan as invalshoek gebruik word in die studie oor gemeentebou en die missionêre funksionering van 'n gemeente.

1.3.4.1. Is die gemeente effektief volgens sy missie (bestaansdoel) in die wêreld? Dit gaan hier oor die wesenlike van die vak gemeentebou en die proses soos dit hom in gemeentes voltrek.

1.3.4.2. Die deurslaggewende vraag is of die gemeente 'n onderskeidende impak maak op die gemeenskap. Sal die gemeente enigsins gemis word as hy oornag uit die gemeenskap sou verdwyn. Die vraag is of die kerk genoegsaam kerk is vir ander en in 'n dienskneggestalte meewerk aan die heelword van mense, families, verhoudinge en geregtigheid.

1.3.4.3. Hoe volhoubaar is die gemeente se missionale funksionering in die wêreld? Is die gemeentekultuur en -strukture ondersteunend genoeg om stand te hou as pastors en ander sleutelleiers in die gemeente wissel?

1.3.5. Gemeentes wat nie op 'n gestruktureerde manier aan verantwoordbare missionale doelwitte aandag gee nie, loop die gevaar om geen aandag daaraan te gee nie en gevolglik word 'n evangeliese opdrag versaak.

1.3.5. Kan gemeentes in die reformatoriese tradisie wat met 'n gestruktureerde gemeentebouproses besig is, daarin slaag om verantwoordbare missionale doelwitte daar te stel en dit suksesvol ten uitvoer bring?

## 1.4. DIE DOELSTELLINGS VAN DIE STUDIE

Die doelstelling van hierdie studie is om te bepaal of ’n verantwoordbare gestruktureerde gemeentebouproses in gemeentes meehelp om missionale doelwitte te bereik. Die studie is gemoeid met die vraag of sulke gemeentes meer effektief in hulle missionale uitkomste is as gemeentes wat met geen gestruktureerde gemeentebouproses besig is nie.

## 1.5 HIPOTESESTELLING

Wetenskaplike kennis is hoofsaaklik voorwaardelik en berus op tentatiewe verklarings of verduidelikings. Die hipotese is deel van die metodes wat wetenskaplikes gebruik om problematiese verskynsels te verklaar en verstaanbaar te maak. Dit dui op ’n tentatiewe oplossing van ’n probleem, of is ’n voorlopige waarheid wat nog bepaal of getoets moet word. Dit beteken dat daar nie genoeg bewyse of regverdiging vir die waarheid is om algemeen deur die betrokke vakwetenskap herken te word nie (De Wet, Monteith en Venter, 1981:32; Antonites 1996:91). Dit is ’n stelling wat ’n vermeende verband of verskil tussen twee of meer verskynsels of veranderlikes postuleer (Mouton & Marais, 1985:135). Volgens die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) is ’n hipotese ’n onbewese stelling wat moet dien as grondslag vir redenering, of anders gestel, ’n veronderstelling of voorlopige veronderstelling wat gebruik word om iets anders te bewys (Odendal & Gouws 2000).

Antonites (1996:92-93) stel die volgende vereistes vir ’n hipotese:

- Relevansie. Die hipotese moet relevant wees tot die probleem wat ondersoek word.
- Die hipotese moet toetsbaar wees. Geen afleiding kan uit die hipotese gemaak word voordat dit nie getoets is nie.
- Die hipotese moet logies en inhoudelik saamval en aansluit by ’n bestaande teorie of paradigma.
- Die hipotese moet vrugbaar wees, met ander woorde, dit moet beskik oor die vermoë om te verklaar en om voorspellings te maak.
- Die hipotese moet eenvoudig wees.

In die lig hiervan, sou die volgende as basiese hipotese vir die studie kon dien:

***Gemeentes wat besig is met ’n gestruktureerde gemeentebouproses, is missionaal meer suksesvol as gemeentes wat geen gestruktureerde gemeentebouproses deurloop nie.***

Met in ag neming van Antonites (1996: 92-93) se kriteria, kan die volgende gestel word:

- Die onderwerp en hipotesestelling is beslis relevant. Daar heers by talle kommer oor die kwyning van hoofstroomkerke in die RSA. Dit vra na moontlike oplossings vir die probleem en die relevansie daarvan.
- Die hipotese behoort in ’n empiriese ondersoek deur middel van vraelyste toetsbaar te wees.
- Die hipotese val saam met heelwat navorsing wat reeds in die vakgebied Gemeentebou gedoen is en ook wat resente navorsing oor ontluikende kerke, gestuurde gemeentes en dienslewering betref.
- Die vrugbaarheid van die hipotese is voldoende. Dit kan deurlopend verklaar en tendense uitwys.
- Dit voldoen aan die toets van eenvoud.

## 1.6 METODE VAN ONDERSOEK

Volgens Firet (1987:260) is praktiese teologie die vak wat hom besig hou met kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie. Heitink (1993:18) definieer praktiese teologie soos volg: “*Onder praktische theologie als handelingswetenschap wordt hier verstaan de empirisch-georiënteerde theologische theorie van de bemiddeling van het christelijk geloof in de praxis van die moderne samenleving*.” Pieterse (1993:2) meen dat daarby ook gekyk word na die dinamiese gebeure van die kommunikasiegebeure tussen God en mens, en mens en mens, in diens van die Heer. Sy vertrekpunt is dat die praktiese teologie as handelingswetenskap slegs verstaan kan word vanuit ’n voorgegewe sin, naamlik die werklikheid en die praxis van God. God neem alle inisiatief. In sy genadige en liefdevolle toewending tot die mens het Hy Hom as lewende God openbaar (Pieterse 1993:5). Mette (2005:11) sny aan by die vraag na wie handel, die Subjek of die kerk? “*Kan Kirche überhaupt handeln*?” Pieterse (1993:5) meen die pastorale optrede van mense is ’n vertolkende diens wat intermediêr instaan

tussen die sprekende Heer in die gewaad van die Skrif, en die deelnemers aan die gesprek.

Dreyer (1995:795-796) kyk opsommenderwys na die paradigmaskuif van moderniteit na postmoderniteit en die kommunikatiewe handelingsteorie asook die implikasies daarvan vir die vak praktiese teologie. Hy meen dat met hierdie benadering afskeid geneem word van die diakonologiese benadering. Die feit dat die studieveld van die Praktiese Teologie in terme van kommunikatiewe geloofshandelinge beskryf word, is ’n wins (Dreyer 1995:796).

- Die Praktiese Teologie hou hom besig met die verstaan en verklaar van kommunikatiewe geloofshandelinge in diens van die evangelie. Dit is geloofshandelinge wat Christene uitvoer omdat hulle in Jesus Christus glo. Hierdie handelinge kan omskryf word aan die hand van ’n paar trosbegrippe soos: prediking, onderrig, sorg, viering en diens (Pieterse 1990:15).
- Daar is een handeling wat grondliggend aan alle ander handelinge funksioneer, en dit is kommunikasie (Firet 1987:260). Die handelinge van prediking, onderrig, sorg, viering en diens is wesenlik kommunikatief, omdat die Christelike geloof daarin oorgedra en opgebou word.
- Die kommunikatiewe handelingsteorie vereis ’n simmetriese kommunikasiepatroon; dit lê klem op die vrye, gelykwaardige, nieoutoritêre optrede wat mense vrywaar teen magsmisbruik en instrumentele manipulasie.
- Die gees van hierdie metateorie is ’n liefdevolle, offervaardige, solidêre diensvaardige omgang van gelowiges met mekaar (Pieterse 1993:7).
- Kommunikatiewe handelinge het dus ook ten doel om onderlinge begrip en konsensus oor die normatiewe betekenis van die Skrif en die optrede daarvolgens te bewerk (Pieterse 1993:8).
- Die werk van die Heilige Gees binne ’n handelingsteoretiese opvatting maak die verlegging van die grense van die kommunikatiewe kompetensie in die rigting van ’n oop, regverdige en kommunikatiewe gemeenskap veel meer moontlik (Van der Ven 1990:56-67).
- Die affektiewe dimensie van menswees in relasie met die kognitiewe, asook ’n doelbewuste werklikheidsbetrokkenheid, sal in kommunikatiewe geloofshandelinge weerspieël moet word (Dreyer 1995:796).

Die gemeente soos die Bybel dit definieer, staan bekend as die gedefinieerde subjek (Nel 1994:12, 1995:860). Daar kan ook van die gedefinieerde subjek gepraat word as teorie. Die gemeente as gedefinieerde subjek, is dit soos God bedoel het die gemeente moet wees en soos die Bybel die gemeente definieer. Op aarde gebeur dit dat die gemeente dikwels anders lyk, dit word die empiriese subjek (*praxis*) genoem. Tussen die gedefinieerde subjek (teorie) en die empiriese subjek (*praxis*) kan daar op 'n bepaalde tyd en plek 'n groot kloof wees.

Die praktiese teologie hou hom dus besig met 'n *praxis* (Pieterse 1993:18). Van der Ven (1990:47) noem dat hierdie praxis waarmee die praktiese teologie besig is, 'n hermenieuties-kommunikatiewe praxis is. Hendriks (1992:281) meld dat *praxis* verwys na die proses van optrede of handelinge waarin daar reflektererend en intuïtief binne bepaalde strukture gewerk word en verandering aangebring word wat op die ou end tot nuwe teorievorming lei. Heitink (1993:19-20; 1999:8-9) bied 'n tweërlei praxisbegrip aan:

*Praxis 1*: Intensionele handelinge binne die gemeente: Die objek van die praktiese teologie lê in die intensionele handeling of mediale handeling met die bedoeling om in 'n bepaalde situasie langs die agogiese weg verandering aan te bring. Dit dra die waarheid dat God na die mens in die wêreld gekom het en dat Hy deur bemiddeling van menslike handeling optree. Hierdie oordrag van God se boodskap vind plaas deur middel van samekomste, in gespreksontmoetings, in groepsbyeenkomste, in vieringe en deur die media. Dit vind plaas binne bepaalde strukture van die kerk, gesin en skool. Dit vind deur middel van kommunikatiewe handeling plaas, met ander woorde die kommunikasieproses wat binne strukture afspeel. Praktiese teologie handel oor die vraag oor hoe hierdie prosesse so kan verloop en hierdie strukture sodanig ingerig kan word dat daar van werklike oordrag van die Christelike tradisie sprake is.


Praxis 2 Die konteks wat die samelewing insluit: Hierdie konteks is dinamies en is waarin mense en groepe binne die samelewing, religieus en in ander opsigte, hulle op 'n bepaalde wyse gedra en uiteenlopende doelwitte nastreef. Dit gebeur binne die leefwêreld van mense, in hulle onderlinge verhoudinge soos die huwelik en gesin, in hulle daaglikse beroepslewe, politieke, ekonomiese en maatskaplike verbande. Die term *praxis* beteken meer as gewoon “praktyk” omdat dit vanweë die waardes, norme en belange hierby inbegrepe 'n teoreties gelaaide begrip is.

*Praxis* 1 is altyd in verhouding met *praxis* 2. In die beoefening van die praktiese teologie is die samelewing, en nie die kerk nie, die horison.

Volgens Odendaal en Gouws (2000) is teorie die grondreëls van 'n wetenskap om waargenome feite of verskynsels te verklaar. Teorie is volgens Heitink (1999:151) die samehangende hermeneutiese-teologiese verklaring, wat die Christelike geloof verbind met die ervaring in die lewe en die handelinge van die moderne mens. Daar bestaan 'n bipolêre verhouding tussen teorie en *praxis* wat neerkom op 'n spanningsgevulde kritiese verhouding tussen die twee. Die *praxis* is die objek van refleksie vanuit die teorie. Die *teorie* is denke en aksies uit die verlede, veral nuwe Skriftuurlike interpretasies, wat vrae vra aan die praktyk. Die praktyk evalueer homself na aanleiding van die teorie en dit kan weer lei tot 'n nuwe *praxis*. Op sy beurt stel dit weer vrae aan die *teorie*.

Pieterse (1993:25-26) sê dat praktiese teologie as handelingswetenskap met die empiriese metode werk. Hy noem dat daar in die teologie basiese metodologiese wyses is waarop die teologie beoefen is, naamlik die histories-kritiese, literêr-kritiese en die sistematies-kritiese metode. Die literêr-kritiese asook die histories-kritiese metode word in die Bybelwetenskappe gebruik. Die histories-kritiese metode word ook in die kerkgeskiedenis en die dogmageskiedenis gebruik. Die sistematies-kritiese metode word veral in die sistematiese teologie gebruik. Die praktiese teologie het gesorg vir 'n nuwe metode, naamlik die empiries-kritiese metode, ook genoem die *praxis* 2 (vgl Heitink 1999:168).

Heitink (1993:212) noem dat ons in die metodologie van die praktiese teologie te make het met drie begrippe: begryp, verklaar en verander. In dieselfde konteks kan die metodologie van praktiese teologie ook in terme van drie sirkels beskryf word (Heitink 1999:165). Dit kan onderskei word van Van der Ven (1994:29-44) se benaderings ten opsigte van ondersoekmetodes wat handel met die hermeneutiese, historiese en empiriese benadering.




*Figuur: Die Metodologie van die Praktiese Teorie (Heitink 1993:161)*

Volgens Heitink (1993:212; 1999: 165) gaan die hermeneutiese sirkel (begryp/teorie) oor die verstaan van menslike handelinge binne spesifieke omstandighede, terwyl dit nie daaroor gaan om algemeen geldende konklusies te bereik nie. Die perspektief van verklaar staan sentraal in die empiriese benadering (empiriese sirkel – *praxis*) wat handel oor die identifisering van prosesse, empiriese navorsingsmetodes, die formulering van hipoteses en toetsing van die geldigheid daarvan. Die strategiese of regulerende sirkel (modelle) handel oor 'n perspektief van verandering en staan in 'n ander orde as die vorige twee. Beide begryp (hermeneutiese sirkel) en verklaar (empiriese sirkel) se uitwerking lei tot verandering (strategiese sirkel). Verandering is die resultaat en doel van God se koms na die mens.

Hierdie studie beoog kwantitatiewe navorsing in terme van 'n empiriese ondersoek. Die doel van hierdie navorsing is om die empiriese gegewens te verstaan sodat veralgemening van bevindings aan die einde van die navorsingsprojek kan plaasvind (vgl. Mouton & Marais 1985). Met hierdie werkswyse wil weggekom word van wat Burger (1991:80) 'n "stel ongekontroleerde aannames" noem. Pieterse (1993:26) redeneer verder: "Sonder hierdie empiriese navorsing loop die praktiese teologie (en die pogings tot verstaan van die evangelie in ons eietydse konteks) gevaar om verkeerde vermoedens, naïewe assosiasies en ongegronde spekulasies oor wat mense sou glo, ervaar en praktiseer, as die waarheid daar te stel." Empiriese ondersoek, volgens Pieterse (1993:26-27), geskied deur distansiëring, objektivering en deur beskrywing, verkenning en verklaring. Empiriese navorsing verloop ordelik en sistematies. Navorsingsdata word volgens 'n vaste en sistematiese metode ingesamel. Die

navorsingsproses moet deur ander navorsers gevolg en gekontroleer kan word. Vooroordele moet sover moontlik uitgeskakel word en noukeurigheid en geldigheid is van uiterste belang. Die gegewens bestaan in die werklikheid, daarom dat dit empiriese gegewens heet. Denzin en Lincoln (1994:4) gee die volgende beskrywing van kwantitatiewe navorsing: "*Quantitave studies emphasize the measurement and analysis of causal relationships between variables, not processes. Inquiry is purported to be within a value-free framework*".

**Die volgende werkswyse word in vooruitsig gestel:**

'n Literatuurondersoek na die teorie en praktyk van gemeentebou met spesifieke toespitsing op die missionale opdrag van die kerk en die regte verstaan daarvan binne die konteks van gemeentebouteologie. Om dit te doen, word daar van die raamwerk van Collins (2001/2006) gebruik gemaak.

Collins (2001) het 'n totaal van 1 435 maatskappye, wat op die Fortune 500-lys verskyn het, bestudeer. Slegs 11 maatskappye het dit tot die hoogste vlak van die kriteria gehaal. Die boek, *Good to Great,* van Collins (2001) beskryf die soektog na maatskappye waarvan die aandele vir vyftien jaar lank onder die gemiddeld van die aandelebeurs was, wat dan almal 'n spesifieke tyd van oorgang beleef het en 'n kumulatiewe groei van drie keer die markgemiddeld - weer oor 'n periode van vyftien jaar - getoon het. Die studie is oor 'n periode van vyftien jaar gedoen om te verseker dat die tendense wat waargeneem is, werklik tendense was en dat die navorsers nie mislei kon word deur korttermynopflikkerings nie. Ook die vereiste wins van drie keer meer as die markgemiddeld was om die werklike volhoubaarheid van die deurbraak te kon verifieer. Uiteindelik het net elf van die maatskappye aan bogenoemde kriteria voldoen. Voorts het die ondersoek daaroor gegaan om vas te stel wat die sogenaamde *Good to Great* maatskappye in gemeen het en wat hulle van die vergelykende maatskappye onderskei. In 2006 het Collins 'n boek geskryf, *Good to Great and the Social Sector*, wat spesifiek daarop gemik was om die model op sosiale organisasies, insluitend die kerk, toe te pas.

Collins (2001) bied 'n raamwerk wat die proses van hoe 'n maatskappy of organisasie van goed na uitnemend kan vorder, verklaar. Onderstaande dui die basiese ontwikkeling aan:


| **Vlak 5-Leierskap** | **Eers wie … *Dan wat*** | **Konfronteer harde feite** | **Krimpvarkie-konsep** | **Kultuur van dissipline** | **Vliegwiel-konsep** |
|---|---|---|---|---|---|
| GEDISSIPLINEERDE MENSE | | GEDISSIPLINEERDE DENKE | | GEDISSIPLINEERDE AKSIE | |

Die motivering om Collins (2001) se strukturele raamwerk binne die praktyk van gemeentebou te gebruik, maak myns insiens volledig sin. Collins (2006) bied waardevolle agtergrond om die studie uit die hoek van die "sosiale sektor", waarvan die gemeente beslis deel is, aan te pak. Die raamwerk, soos hierbo aangedui, bied 'n prosesmatige struktuur vir gemeentes waarbinne die missionale gestalte kry. Die raamwerk begin by die konsep van gedissiplineerde mense, wat vlak 5-leierskap veronderstel, en dit dan uitbrei na die regte span, wat op hulle beurt vra na wat die "kernbesigheid" van die organisasie (gemeente) behoort te wees. Gedissiplineerde denke maak dat die span 'n ondersoek instel na die stand van die gemeente en watter kernaksies ingestel moet word ten einde die gewenste resultate te kry. Gedissiplineerde aksie, wat deurentyd gemonitor word, word geloods.


Die hoofstukindeling geskied volgens hierdie raamwerk.

**Hoofstuk 2** handel oor gedissiplineerde mense wat heel eerste die uiters belangrike saak van leierskap onder oë neem. 'n Algemene bespreking oor leierskap vanuit 'n kerklike perspektief word opgevolg deur 'n spesifieke bespreking van die pastor as *primus inter pares* en ook as moontlike vlak 5-leier. Dan word gefokus op die "eers wie..." van die raamwerk. Dit gaan hier oor die belangrike saak om die regte mense met jou saam te neem en om die beste rolle/posisies vir jou sleutelleiers te beding. Die "dan wat" handel oor die teorie van gemeentebou, wat in die laaste afdeling van die hoofstuk vervolg met "steeds .... dan wat?" Hierdie afdeling handel oor die saak van die missionale perspektief wat 'n gemeente aan die dag moet lê.

**Hoofstuk 3** handel oor gedissiplineerde denke. Hier word die saak van 'n gemeente-analise, om die stand van die gemeente vas te stel, ondersoek. Faktore en invloede wat op die gemeente inwerk, word ook ondersoek. Die krimpvarkie-konsep handel oor die vasstelling van doelwitte aan die hand waarvan 'n gemeente na die verwesenliking daarvan kan beweeg. Dit is op hierdie punt dat daar vir die eerste keer van 'n deurbraak sprake kan wees (kyk die skerp opwaartse styging van die swart pyl in die diagram hieronder). Vervolgens word daar aandag gegee aan die kweek van 'n kultuur van dissipline.




Die vliegwielkonsep verwoord iets van volgehoue en toegewyde werk om die gewenste resultate te bereik. Die vliegwiel word met die buitenste sirkel en pyle (kloksgewys) aangedui:



**Hoofstuk 4** beskryf die kwantitatiewe ondersoek na gemeentes wat met ’n gestruktureerde gemeentebouproses besig is, teenoor dié wat geen gestruktureerde proses deurloop nie.

**Hoofstuk 5** handel oor die evaluering van resultate en ’n finale bevinding of die hipotesestelling geverifieer of verkeerd bewys gaan word.

## 1.7. SAMEVATTING

1.7.1. Die onrusbarende tendens van hoofstroomkerke in die RSA (soos elders in die Westerse wêreld) wat in getalle kwyn, die gebrek aan impak in die wêreld (gemeenskap) en die oënskynlike onvermoë om iets daaraan te doen, regverdig ’n studie van hierdie aard.

1.7.2. Drie basiese maatstawwe dien as vrae aan die kerk/gemeentes vandag: (1) Het die gemeente ’n onderskeidende verrigting volgens haar missie- en doelstellings. (2) Maak die gemeente ’n onderskeidende impak op die gemeenskap sodat daar werklik ’n verskil ervaar word? (3) Hoe volhoubaar is die verrigting van die gemeente ten opsigte van (1) en (2).

1.7.3. Die volgende hipotesestelling dien as vertrekpunt: *Gemeentes wat besig is met ’n gestruktureerde gemeentebouproses is missionaal meer suksesvol as gemeentes wat geen gestruktureerde gemeentebouproses deurloop nie.*

1.7.4. Die raamwerk wat Collins (2001/2006) met die diagram voorsien, dien as goeie struktuur vir die aanpak van hierdie studie en ook vir die gemeentebouproses.


HOOFSTUK 2

GEDISSIPLINEERDE MENSE

# 2.1. LEIERSKAP

## 2.1.1 Inleiding

Soos in Hoofstuk 1 vermeld, word van die prosesindeling van Collins (2001; 2006) gebruik gemaak. In hierdie hoofstuk word daar na die eerste deel van die opbou gekyk waar op gedissiplineerde mense gefokus word. Heel eerste word na leierskap gekyk omdat hierdie studie van die vertrekpunt uitgaan dat geen proses gestruktureerd aan die gang kan kom sonder leiers wat doelgerig besin en beplan nie (vgl. Easum in Joubert et al 2007:213). Daarna word gekyk na die gelowiges wat in die eerste deel van die opbouproses en ook later aan betrokke is. Onderstaande skets dui die begin van die proses aan en die gekleurde gedeelte die belang van leierskap. Leierskap word eers in die algemeen bespreek, alvorens daar aan vlak 5-leierskap aandag gegee word.




#### 2.1.1.1 Die Hoof van die gemeente

Roberts (1963: 54-116; vgl. Nel 1994:6-8;60-61) bied nodige perspektief op God drie-enig wat sy gemeente bou. Die bouwerk is die verantwoordelikheid van die Vader, Seun en Gees wat deur die diens van mense die gemeente help groei in effektiewe funksionering ten einde God se doel met die spesifieke gemeente te beantwoord. God se bouwerk aan sy gemeente kom op die volgende neer (Nel 1994:8-9):

- In God die Vader is die begin- en eindpunt van alle opbou in die gemeente geleë (vgl. Roberts 1963:58).
- Christus is die Hoof van die heelal/kosmos (vgl. Du Plessis 1962:69, 107) en sy kerk (vgl. du Plessis 1962:72). Hy is die hoeksteen van die Godsgebou en deur Hom, Here en Hoof, vind die opbou plaas. As *Kyrios* is Hy die Gewer van gawes vir die opbou van die gemeente (vgl. Du Plessis 1962:2; Roberts 1963:60,66,89).
- Die vorming van 'n besielde gemeenskap van dissipels van Jesus Christus,
- waarbinne gelowiges gesamentlik en afsonderlik hulle gawes tot nut en saligheid van mekaar aanwend en
- as opgeleide mense God so bekend maak dat die wêreld Hom deur Christus en die werk van die Heilige Gees leer ken en
- in die gebou van God, sy kerk, ingebou (bygebou) word (Nel 1994:6-8 vgl. Du Plessis 1962:78-83).

In die ontstaan en in die voortbestaan van die gemeente, is die Drie-enige God persoonlik en altyd betrokke. As daar aangesluit word by die diens van Christus word nóg die werk van die Vader, nóg die werk van die Gees geringgeskat. Omdat Christus die beliggaming van die drie-enige God se kosmosverowerende werk was (Du Plessis 1962:69; Nel 1994:34), word vir 'n oomblik stilgestaan by Christus as Hoof van die gemeente wat deur die werk van die Gees tot stand gekom het. Mens kan redeneer dat gemeentes baie leiers, maar slegs een Hoof het. Al die leiers in die gemeente moet deurdrenk wees met die wete dat Jesus Christus die lewende Heer en Hoof van sy gemeente is (vgl. Du Plessis 1962:73). Dit het verreikende gevolge vir gemeentebou in die breë, en vir leierskap in die besonder omdat die gemeente sy oorsprong en voortbestaan aan Christus te danke het. Buite Christus om is daar geen gemeente nie.

Christus se hoofskap beteken dat Hy verantwoordelikheid vir die gemeente en sy opbou neem (vgl. Du Plessis 1962:78- 83). Hierdie regering van Christus is egter nie 'n luuksheid waarmee slegs rekening gehou kan word wanneer dit die gemeente pas nie. Wie Hom as versorgende Middelaar ken, moet Hom ook as regerende Hoof en Heer dien. Nel (1994:60-61) wys op twee maniere hoe Christus as Hoof van die gemeente funksioneer:

Christus se Hoofskap beteken dat Hy as *versorgende Hoof* verantwoordelikheid neem vir die opbou van die gemeente. Hierdie versorging spruit primêr uit die versoeningswerk van Christus deurdat Hy sy lewe vir die kerk afgelê het. Deur sy Middelaarswerk is Hy die bestaansgrond en die voortbestaanswaarborg, die lewe, die alles van sy gemeente. Die gemeente is die ruimte waarin Hy sy volheid vind - die gemeente is sy volheid! Sy Hoofskap beteken verder dat Hy *regerend aktief* is (vgl. Jonker 1983:53-54). Hoewel Hy mag het om te heers en gehoorsaamheid af te dwing, trek Hy ons eerder in, in 'n lewenseenheid met Hom wat op 'n oorgawe van die self neerkom. Die Hoof wat die gemeente versorg, is ook die Heer wat hulle deur sy Gees en Woord regeer. Leiers wat deelneem aan die sorg en gestaltegewing van die sorg van die Versorgende Hoof, word geroep om deel te neem en gestalte te gee aan die regering van die enigste Hoof in die gemeente, Jesus Christus die Here.

### 2.1.2 Wat behels leierskap vroeg in die 21ste eeu?

Callahan (1990:8-9) het reeds aan die einde van die vorige eeu daarop begin wys dat die gevestigde leierkultuur in die kerk - 'n kultuur waar dit vir die wêreld die 'inding' was om kerk toe te gaan - aan die kwyn is. Kerkleiers was tot op hede te behep met wat *binne-in* die kerk aangaan (Kyk ook Niemandt 2007:48. 51-53). Vandaar dan sy bekende uitdrukking: *The day of the professional minister is over. The day of the missionary pastor has come.* Gibbs (2005:10) hou hom veral besig met die verhouding van kerkleierskap en die verlies aan, wat hy, die onder-vyf-en-dertigs noem. *Younger adults are walking away from those institutions characterized by a culture of control and a style of delegation that is considered disempowering*. Hulle het geen erg aan die 'boomers' en die 'silents' se konsep van die PLOC (Plan, Lead, Organize en Control) - tipe leierskap nie (Gibbs 2005:11). Dit is 'n leierskapstyl wat gewerk het in 'n tyd toe toegang tot inligting beperk was en vir die bevoorregtes bedoel was. Dit was in tye toe omstandighede voorspelbaar was en verandering ordelik geskied het. Hierdie toestande geld nie meer nie. In die postmoderne era het die versoberende (*sobering*) besef gekom dat die chaos buite beheer is. Die chaotiese natuur van postmoderniteit vra beweging weg van kompartementalisering na die aanvaarding dat ons in 'n wêreld vol

kompleksiteit en interaksie leef. Die verskuiwing is nou duideliker as voorheen: "van die van-bo-na-onder vertikale verhoudings na 'n horisontale, konsensus-soekende, samewerkende modus om mense byeen te kry en 'n nuwe verskil te maak" (Cleveland 2002: 44,119). Miskien som Gibbs (2005:79-80) die eise wat hierdie leierskap stel die beste op:

> *Many leaders who vainly endeavour to be all things to all people will soon discover that they have raised unrealistic expectations and have set themselves up for failure. In their struggle to survive, increasing numbers of these leaders burn out, and many of them withdraw from full-time ministry. Some observers estimate that nearly 50% of those who train for local-church ministry are no longer serving local churches ten years later. Thus for a person to survive, let alone thrive on, the demanding call of church leadership, discernment and discipline are critical.*

#### 2.1.2.1 Diensleierskap

Naas leierskap in spanverband is daar ook ander kwaliteite waarna gestreef word. Nel (1994:49,51-52,59) gebruik die uitdrukking 'die diens van leierskap' en praat deurentyd van 'diensleiers' in sy boek. Volgens hom is ampte ten diepste dienste in diens van die versorging en regering van Christus deur sy Gees en Woord in die gemeente. Die gemeente is God se dienskneg in hierdie wêreld. Wanneer hy van diensleiers praat, is dit nie om die amp te verwerp of te verkleineer nie, maar om deur die gebruik van die woord mee te werk aan 'n nuwe bewussyn by die ampte dat hulle leiers in diens is. Wat die rol van die pastor betref, merk Nel (1994:79) soos volg op: "Die leraar, ja, minstens die leraar moet deurdronge wees daarvan om van die gemeente 'n dienende liggaam te maak. Juis dit vra na 'n visie op die gemeente in sy totaliteit en vind uitdrukking daarin dat die leraar en die ander leiers elke lidmaat, as deel van die geheel, ernstig opneem.'' McManus (2001:25) stel die saak soos volg:

> *Pastors were valued for their ability to bring and keep order rather than for their ability to bring and lead change. The reality was that pastors were being equipped to preserve the past rather than to create the future. We became known for being traditional rather than transformational. The ritual replaced the radical. The pastor/teacher replaced the apostle/evangelist.*

Soos Nel (1994:49,51-52,59), verwys Gibbs (2005:23-24) ook na "*servant leadership"*. Dié konsep is 'n reaksie teen die prestasie-soekende en dominerende tipe leierskapstyl wat in sommige kerklike tradisies geheers het. Die dienskneg leierskapsmodel van Jesus Christus is 'n welkome korreksie daarop. Daar moet egter gemaan word dat hierdie konsep nie 'n leierskapstyl is wat die behoeftes en eise van elkeen wat gedien word, tegemoet wil kom nie. Jesus was in die eerste plek dienskneg van sy Hemelse Vader en Hy het gereeld na die Vader se wil vir die regte leiding in sy bediening gesoek. As diensknegleier was sy primêre toewyding aan sy Hemelse Vader, wat 'n unieke verbintenis aan die wil van God was.

Tog behoort diensleiers versigtig te wees in hulle toe-eiening van die diensknegg estalte van Jesus (Gibbs 2005:23). Ons is nie Jesus nie en ons gebrekkige verstaan van God se wil, asook ons sondige neigings demonstreer dit. Daarby worstel ons om God se daaglikse leiding in ons lewe te interpreteer en na te volg. Om diensleier te wees, beteken nie 'n soort regverdiging vir wat ons doen of 'n piëtistiese dekmantel vir ons swakhede en valshede of 'n verplasing van verantwoordelikheid nie (Gibbs 2005:24). Dit gaan oor eerlike soeke na God se wil vir hulle bediening in 'n gebroke wêreld, welwetende dat daar foute langs die pad gemaak word, foute wat weer eens eerlik hanteer moet word sodat die foutmaker en die foutvinder albei daaruit kan leer.

Die vraag gaan nie oor hoe om mense in die kerk te kry nie, maar hoe om die kerk in die wêreld te kry. Diensleierskap gaan nie oor onttrekking uit die wêreld nie, maar oor betrokke raak in die gemeenskap. Die diens wat gelewer word uit meelewing en sosiale geregtigheid, is in die gees van liefde soos Christus gedemonstreer het, sonder enige verskuilde agenda. Ware liefde neem die inisiatief sonder enige voorwaardes en sonder om iets terug te verwag. Gelowiges wat hongeriges voed en skuiling bied aan die dakloses, uitgeworpenes en mishandeldes vertoon die karakter van dié God wat hulle

dien. Wanneer mense dan tot geloof in Jesus Christus kom, kom dit as byproduk. Ware dienaars verheerlik Christus se Naam, ongeag of hulle die geleentheid het om sy Naam te gebruik of nie (Gibbs 2005:38).

Jim Collins (2001:30) behandel verskillende vlakke van leierskap in sy boek en het ontdek dat veral die vlak-5-leier (word later meer breedvoerig behandel) die beste resultate in die transformering en leierskap van groot maatskappye behaal. In hulle soeke na ’n regte benaming het hulle in ’n stadium gekyk na terme soos *“selfless executive”* en *“servant leader”*, maar die res van die span het daarteen besluit omdat dit strydig is met normale besigheidsbeginsels: *“It makes them sound weak or meek ...”* Wat die sekulêre wêreld ten diepste aanvoel en in ander terme bevorder, kan die kerk met oorgawe by die naam noem en volgens Bybelse beginsels uitleef en verkondig.

**2.1.2.2 Leiers wat verhoudings bou**

Skrywers is dikwels op soek na redes waarom die vroeë kerk so merkwaardig gegroei het (Kyk Stark 1997; Gibbs 2005:11,70; Moffit 2006:36-42; Niemandt 2007:125). Daar is ’n toenemende besef dat verhoudings in die grondstruktuur van die kerk ingebou is. Mense is geskep om saam met ander te wees en het ’n ingeboude behoefte aan verhoudings. Soos wat die drie-enige God in verhouding bestaan, kan daar nie aan die kerk buite om verhoudings gedink word nie. Niemandt (2007:126) verwys na die vorige eeu se teoloë soos Barth, Rahner en Moltmann wat onder andere die belangrikheid van spanwerk en gemeenskaplikheid by die Triniteit uitgewys het – die onbeskryflike en onbeskryfbare, onderlinge afhanklikheid tussen Vader, Seun en Heilige Gees. Hulle wys daarop dat Jesus nooit alleen opgetree het nie, maar sy werk altyd in gemeenskap met, en in gehoorsaamheid aan die Vader, en deur die krag van die Heilige Gees gedoen het. Die kerk se roeping is om iets van hierdie liefdevolle verhouding tussen Vader, Seun en Heilige Gees op aarde waar te maak - ook in leierskap.

Die leier loop nie alleen voor nie, maar is ’n medereisiger. Gibbs (2005:154) beskryf goeie leiers as mense wat die potensiaal, in plaas van die probleme, raaksien. Ontluikende leiers hou van mense omdat hulle op verhoudings floreer. Die teenwoordigheid van mense gee hulle energie en dreineer hulle nie daarvan nie. Hulle is konstant besig om mense aan mekaar te verbind en dan dop te hou wat gebeur. Niemandt (2007:125) noem dat die belangrikste vaardigheid wat enige leier begeer,

vaardighede is wat verhoudinge skep, versorg, uitbou en laat blom. Hy noem dat leierskap om verhoudingsbou draai: Om mense so te beïnvloed dat hulle saam dinge doen wat geeneen alleen kan doen nie. ’n Ware leier bou die ander spanlede op so ’n manier op dat elkeen ’n beter mens word en die span saam groei in insig en vaardigheid.

De Pree (1997:62-64) skryf die volgende oor hierdie aspek van leierskap:

> *Leaders are walking and talking manuals of behavior. They ensure that everyone has a right to be heard, serving as ‘guardians of equal access’. They affirm that everyone ‘has the right to pursue potential and to be taken seriously’. Leaders create a corporate culture characterized by ‘civility, good manners, sensitivity and forgiveness’.*

#### 2.1.2.3 Leierskap as spanwerk

Leierskap het oor tyd heen verander. Wat vroeër as ’n definisie van leierskap gegeld het, geld nie noodwendig vandag meer nie. Die geweldige verandering oor die afgelope dekades het meegebring dat leierskap nuut gedefinieer moet word (Gibbs 2005:9). Niemandt (2007:124) dui aan dat mense vir eeue lank die kerk as ’n vertikale struktuur voorgestel het. God was heel bo en die kerkleiers (soos die biskoppe en moderators) was net onder Hom, terwyl die predikante en kerkrade in die middel rond aangetref is, met die lidmate heel onder aan die struktuur. Hierdie siening het veral in die tyd van die modernisme, met sy meganiese uitkyk op die lewe, floreer. Leierskap is gebou op mag, beheer, kontrole en onderwerping aan gesag. Die postmoderne vloedgolf het dinge verander en baie min organisasies, maatskappy en sosiale instellings werk nog volgens hierdie piramidestrukture. Dit gaan nie meer oor beheer en kontrole nie, maar oor samewerking en konsensus. Begrippe wat eerder gebruik word, is plat strukture, visnette, nie-burokraties en spanwerk. Niemandt (2007:124) meen dat dit oral, behalwe in die kerk, geskied.

Gibbs (2005:22,26,) pleit dat leierskap meer in spanverband sal plaasvind as teenvoeter vir die solo-pastor-model van die verlede. Hy noem dat dit onmoontlik is vir een mens om oor al die gawes wat ’n span in hom ronddra, te beskik. Die solo-pastor wil alles vir almal wees en is nie bereid om funksies te delegeer nie. Nel (1994:69) verwys na pastors wat nie bereid is om die bediening te deel nie as *“one-string violinists”* wat op

sy/haar een snaar wil speel en orals gehoor wil word. In so ’n geval word die leraar die bottelnek, “*if not the cork”* van die gemeente.

Niemandt (2007:131) spreek hom sterk uit teen die praktyk van leierleraars omdat dit neerkom op ’n hiërargiese leierskapstyl wat vandag nie meer werk nie. Hy pleit vir ’n gemeenskap van leiers wat oop is vir deelname deur almal wat ’n bydrae kan lewer om ’n verskil te maak. Die tipe leierskap wat meer resoneer met die postmoderne tyd is spanleierskap. By hierdie tipe leierskap gaan dit daaroor om konneksies tussen lede te bewerkstellig en nie om kontrole uit te oefen nie. Dit gaan daaroor om mense in ’n kreatiewe sinergie byeen te bring. Dit is veral die tipe leierskap wat algemeen deur leiers van ontluikende kerke gebruik word (Gibbs 2005:93).

Ontluikende kerke deel ’n sterk oortuiging dat dit nie gaan oor een sterk leier nie, maar oor spanleierskap. Die ou opvatting was: Kry die leier reg en die span sal regkom. As die gemeente sukkel om die mas op te kom, is die leraar die een wat te blameer is (Niemandt 2007:129). Die klem val nie meer soseer op die leier, soos algemeen in die verlede geglo is nie, maar op die dinamika van die span. Volgens Gibbs (2005:96) verg dit baie gee en neem van ’n leier om as spanspeler deel te neem. Dit vra groot vloeibaarheid veral as die leier hom/haar voorheen as die onbetwiste leier gesien het. In spanverband moet die leier soms van leier na volgeling wissel, afhangende van die werk wat gedoen moet word. Soms moet ’n leier heeltemal opsy staan om ander toe te laat om hulle eie leierskap in ’n area van hulle eie spesialiteit te ontwikkel. Niemandt (2007:129-130) is ook van mening dat die voorheen liniêre manier van denke oor leierskap al hoe meer bevraagteken word. Dit gaan daaroor om die regte vrae te vra. Watter omstandighede kan in ’n wenspan waargeneem word? Watter dinge speel in op die span se samewerking? Watter omstandighede gee rigting aan ’n span? Watter dinamika speel hom binne die span af?

Wat is die omstandighede wat ’n span laat werk? Niemandt (2007:130-131) noem vyf vrae wat gevra kan word:

1. Is die span mense ’n **ware span** met duidelike grense, mense wat onderling van mekaar afhanklik is en met genoeg kontinuïteit?
2. Het die span **rigting,** ’n duidelike doel wat hulle uitdaag, maar wat ook gevolge vir hulle bestaan inhou as hulle dit nie nastreef nie? Help hierdie doel die span met hulle fokus op dit wat bereik moet word?
3. Ondersteun of hinder die span se **struktuur** hulle opdrag, samestelling, kernwaardes en samewerking?
4. Ondersteun die span se **sosiale sisteem** en konteks hulle met die nodige aanmoediging en bronne om hulle gesamentlike werk te doen?
5. Is daar ’n **mentor** wat die span oor struikelblokke help en ondersteun om nuwe geleenthede wat opduik, aan te gryp?

Volgens Lipman-Blumen (1996:17) is leiers wat konneksies bewerkstellig diegene wat:

- hulle visie met die droom van ander kombineer
- konnekteer en kombineer, eerder as om te verdeel en ten alle koste te wil wen.
- strewe om gemeenskaplike probleme te oorkom, eerder as algemene vyande te maak.
- ’n sin vir gemeenskap van gelowiges vorm wat diversiteit omarm.
- koalisies van toegewyde leiers en konstituente, wat gemeenskaplike doelwitte nastreef, bevorder.
- aktiewe lidmate (konstituente) bemoedig om verantwoordelikheid op alle vlakke te aanvaar.
- met ander leiers saamwerk, selfs al was hulle voorheen as kollegas in kompetisie met mekaar – maar nou sonder om te kompeteer.
- omsien na potensiële leiers en hulle moontlike opvolgers.
- demokratiese instellings op ’n breë basis vernuwe en bou, eerder as dinastieë en oligargies handhaaf.
- egtheid, wat hulle eie ego’s oortref, demonstreer deur volgehoue toewyding aan doelwitte.
- ernstige opoffering eis, eerstens van hulleself en dan van ander.

Hybels (2002:74) vertel van sy 23-jarige seun wat by die leierskap van ’n gemeente se jeugbediening betrokke geraak het. Sy seun het een aand die volgende aan hom beken: “*Dad, I understand team communication now. I understand that it’s more than just working with other people, it’s doing life deeply with one another as we serve together. And there’s a huge difference between the two.”* Dit is ’n baie goeie samevattende definisie van spanwerk en van spanleierskap – doing life deeply with one another...

### 2.1.3 Oor leiers en leierskapstyle

Gibbs (2005:17-18) meen daar is ’n simbiotiese verhouding tussen die sekulêre en spirituele. Heelwat belanghebbende navorsing is oor hierdie simbiose gedoen en boeke het die lig gesien wat spreek van ‘n verandering in denke. So byvoorbeeld het die bestuursfilosofie wat voorheen vir so baie in die besigheidswêreld veeleisend, manipulerend, en destruktief was, nou grootliks verdwyn. Baie boeke oor leierskap in die winsgewende en niewinsgewende wêreld, lê groter klem op menslikheid, ’n dienskneghouding, spiritualiteit en waardes. Hierdie nuwe ontwikkeling is in lyn met die Nuwe Testament se waardes vir leierskap. Sparks (2007:165) se navorsing bevestig hierdie tendens as hy sê: *“... that a large percentage of the leaders surveyed see very little difference between leadership in business and leadership in the Church.”*

#### 2.1.3.1 ’n Paar bondige definisies

Soos reeds genoem, is daar ’n simbiotiese verhouding tussen sekulêre en kerkleierskap. In die nagaan van verskillende bronne kan letterlik dosyne definisies gevind en neergepen word. Leierskap geld en funksioneer op elke vlak van die kerk se strukture (Gibbs 2005:21) en het ook baie gesigte (Hybels 2002:139). Vervolgens word ’n paar definisies van leiers en kerkleierskap, in geen bepaalde orde van belangrikheid of outoriteit nie, gegee:

*A Christian leader is a person with God-given capacity and God-given responsibility to influence a specific group of God’s people toward God’s purpose for the group.*

Clinton (1989), aangehaal in Gibbs 2005:20)

*... It is a process ordinary people use when they are bringing the best from themselves and others...*

Kouzes en Posner (2002:xxiv)

*Leadership involves a person, group, or organization who shows the way in an area of life – whether in the short- or the long term – and in doing so both influences and empowers enough people to bring about change in that area.*

Banks en Ledbetter (2004:16-17)

Wright (2000:2) noem dat as met leierskap gesagsposisies bedoel word, elke Christen nie ’n leier kan wees nie. Ons weet almal dat strukture in gemeentes net nie soveel tipe leiers kan akkommodeer nie. Maar dan maak Wright (2000:2) ’n belangrike opmerking wat verreikend vir elke Christengelowige is (vgl. Labuschagne 2009:143):

> *But if by leader we mean a person who enters into a relationship with another person to influence their behavior, values or attitudes, then I would suggest that all Christians should be leaders. Or perhaps more accurately, all Christians should exercise leadership, attempting to make a difference in the lives of those around them.*

Tot dusver kan die volgende waarnemings gemaak word:

- Leierskap is ’n Godgegewe gawe en verantwoordelikheid
- wat persone, groepe en organisasies insluit
- en impliseer dat daar in ’n verhouding/e betrokke geraak moet word
- ten einde invloed uit te oefen
- om verandering vir die indiwidu, groep of organisasie ten beste te bewerkstellig.

Hoewel Wright (2000:2) se siening van leierskap vir elke Christen nie hierbo verreken word nie, verdien dit nogeens aandag. Om in ’n verhouding met ’n ander persoon invloed uit te oefen, verg ’n vorm van leierskap. Om só te beïnvloed dat die ander se gedrag verander, meen dat ’n mate van volgelingskap bestaan, al is dit net ten opsigte van daardie een aspek van gedragsverandering. Dit maak dat elke gelowige opnuut hierdie waarheid moet hoor en snap. Dit hou hopelik die implikasie in dat daar minder passiewe volgelinge sal wees, en altyd aktiewe “leiers” sal wees wat oral gereed sal wees om invloed uit te oefen in elke verhouding waarin hulle hul bevind.

’n Definisie van leierskap (eie weergawe) sou soos volg kon lees:

**Leierskap is ’n Godgegewe gawe wat wissel in aard en aanwending en wat daarop toegespits is om binne spanverband effektiewe invloed uit te oefen, ’n kreatiewe sinergie daar te stel ten einde die missie en doelstellings van ’n organisasie of beweging uitnemend te laat realiseer.**

#### 2.1.3.2 ’n Bewese leier se drie vereistes

Brian McLaren (2001:147), wat allerweë as die vader van die Emergent Church Movement beskou word, maak ’n terloopse opmerking oor Rick Warren en Bill Hybels as hy die volgende sê:

> *The next hunch is going to be counterintuitive – but I would guess that churches that “missed” the traditional-to-contemporary transition (à la Willow Creek or Saddleback) might have a better chance of transitioning to postmodern ministry than ones that became contemporary… Contemporary churches are happily modern, and their numbers (attendance, budget) are probably sufficient so that the pain of changing would be greater than the pain of not changing. Of course, there are some amazingly smart contemporary pastors out there – Rick Warren and Bill Hybels and others. So I’m sure there will be exceptions to this.*

Beide hierdie pastors het daarin geslaag om megakerke te vestig en hoewel Schwarz (2005) na die fenomeen van megakerke as *megatraps* verwys, is daar veel te sê oor hierdie twee manne en hulle leierseienskappe. Hybels (2002:80-85) identifiseer en bespreek dit wat hy “*the three C’s of team selection”* noem. Die drie C’s staan vir *character, competence* en *chemistry*. Gibbs (2005:26) weer, verwys na karakter, charisma en bevoegdheid. Daar is na my mening tog ’n verskil in betekenismoontlikheid tussen “chemie” en “charisma”. Vir die doeleindes van hierdie hoofpunt word die woord “chemie” gebruik.

**(a) Karakter (Character)**

Sparks (2007:54,162) noem dat daar in die meeste literatuur oorweldigende konsensus is dat karakter die primêre fokus van uitstaande leierskap is. Karakter gaan oor basiese geestelike dissipline en ’n verhouding met Jesus Christus. Sparks (2007:54-55) noem die volgende eienskappe as bewys van karakter: “*A leader of integrity is always honest, courageous, truthful, honourable, authentic, humble, reliable and upright*”.

Hybels (2002:81) noem dat hy by geleentheid nog ’n leemte in bevoegdheid sal aanvaar, maar dat ervaring hom geleer het dat wat karakter betref, geen kompromieë

aangegaan kan word nie (vgl Sweet 2004: 79). Gebreke in 'n persoon se karakter lei een of ander tyd tot probleme met verreikende gevolge. Dit veroorsaak 'n gebrek aan vertroue by ander spanlede en plaas geweldige druk op die spanleier om die saak reg te hanteer sonder om die vertroue van die spanlede te skend.

Ook Gibbs (2005:27) sluit by hierdie standpunt aan as hy sê: "*Within the context of the church, as well as in business and political spheres, leadership failure arises more out of character failure than unwise decision-making".* Hy maan verder dat karakter nie van bevoegdheid geskei kan word nie. Later lug hy sy mening oor charisma, wat deur baie as die *sine qua non* van leierskap gesien word. Vir baie gaan charisma en leierskap hand aan hand, maar volgens Gibbs (2005:114) is dit geen plaasvervanger vir karakter nie: "*Indeed, leaders who have charisma but lack character are a danger to others and often bring disaster on themselves."*

Hybels (2002:82) maak die volgende gevolgtrekking oor 'n gebrek aan karakter wanneer dit kom by 'n moontlike aanstelling in sy gemeente:

> *Ever the optimist, I thought that if that person were in a healthy church environment, surrounded by godly people who would hold him or her accountable, it would eventually work out. But after thirty years of optimism I have had to admit defeat ... So I look for character that has already been positively formed.*

Ook Warren (2006) huldig sy mening in dié verband:

> *Integrity is the foundation of leadership. You only lead people if they trust you. If you lose people's trust, you've lost it all. That's why the right to lead is earned, and it's earned by being trustworthy. I think the most damaging sin a leader can commit is to betray the trust of his people.*

**(b) Bevoegdheid (Competence)**

Volgens Hybels (2002:83) soek hy na mense met die hoogste vlak van bevoegdheid en wat werklik oor die gawe beskik vir die rigting waarvoor aansoek gedoen word.

> Die kandidaat waarna jy soek is heel waarskynlik baie gelukkig in sy bestaande pos en het 'n vaste betrekking. As jy iemand vind wie se kwalifikasies goed lyk, maar daardie persoon is ongelukkig in sy bestaande werk of is werkloos – dan moet jy groot versigtigheid aan die dag lê. Die geskikte kandidaat is waarskynlik besig om 'n reusebydrae elders te maak. Hulle is waarskynlik dolgelukkig en geliefd onder hulle kollegas. Gaan agter bewese bevoegdheid aan.

**(c) Chemie (Chemistry)**

Die persoon wat 'n positiewe emosionele indruk op jou maak die oomblik as jy hom/haar ontmoet, is waarskynlik, met inagneming van die vorige twee vereistes, die geskikte kandidaat. Wanneer twee kandidate ten opsigte van die eerste twee vereistes gelyk vaar, behoort die een wat 'n positiewe emosionele indruk maak, voorrang te geniet omdat daar soveel ure met daardie mens deurgebring word. Dit is goed om nie mense uit eie geledere oor te sien nie. Hybels (2002:85-86) noem dat byna 75% van hulle leiers uit Willow Creek kom. Dit is mense wat toe hulle as vrywilligers gewerk het, reeds bewys gelewer het van hul karakter, bevoegdheid en chemie. Dit is mense wat die visie en etos van 'n organisasie ken en wat oor jare deur die plaaslike leiers geskool is. Die suksessyfer van mense wat van buite af by Willow Creek aangestel is, is byna 50% as dit by 'n langtermyn werksverbintenis kom.

**2.1.3.3 Soeke na houdinge (attitudes) by ontluikende kerkleiers**

Die onderskeie kenners identifiseer verskillende kwaliteite, houdinge en eienskappe wat na hulle mening ontluikende leiers in die kerk openbaar. Dit is kwaliteite wat wat opvallend is en maak dat sulke leiers geïdentifiseer en as leiers ontwikkel moet word. Hybels (2002) identifiseer die volgende as sodanige kwaliteite: invloed, karakter, menseverhoudinge, dryfkrag, intelligensie, passie, onafhanklikheid, kreatiwiteit, nuuskierigheid, hoop, inklusiwiteit, interafhanklikheid, vergifnis, medemenslikheid en moed.

Sparks (2007:54-79) behandel die volgende 12 " Leadership commitments" van uitstaande leiers:

1. *Exceptional leaders develop character.*
2. *Exceptional leaders lead themselves.*
3. *Exceptional leaders understand their context.*
4. *Exceptional leaders know their model.*
5. *Exceptional leaders model the way.*
6. *Exceptional leaders inspire a shared passion.*
7. *Exceptional leaders learn to communicate effectively.*
8. *Exceptional leaders understand, develop and enable people.*
9. *Exceptional leaders work hard at execution.*
10. *Exceptional leaders challenge the process.*
11. *Exceptional leaders make courageous decisions.*
12. *Exceptional leaders encourage the heart*.

#### 2.1.3.4 Kontras in leierskap – vroeër, nou en later

Niemandt (2007:136) tabuleer die kontras in leierskap soos dit was en dit nou daar uitsien en in die vooruitsig gestel word:

| Was | Is ... en in die vooruitsig gestel word |
|---|---|
| Beheer en voorsê | Deelneem en luister |
| Beplan, beplan, beplan | Speel, speel en geniet die lewe wat God gee |
| Duidelike grense in swart en wit | Grys gebiede en paradokse. Leiers floreer op paradokse |
| Bekommerd oor die beeld wat mense van jou het | Gedryf deur die moontlikhede van jou verbeelding |
| Help mense reg | Verbind mense aan mekaar |
| Reëls, prosedures en kerkorde | Stories en ervarings |
| Los probleme op | Help span om uitdagings te waardeer |
| Leierleraar; die leier maak die span | Spanleier; die span maak die leier |
| Korrek en presies | Maak foute |

Behalwe leierskap in spanverband, beweeg die fokus al meer in die rigting van wat as "ontluikende leierskap" bestempel word. Dit kan ook missionale leierskap genoem word. Missionale leierskap wil wegbeweeg van beheer na kreatiewe vryheid en inklusiewe konsensus. Dit begin met 'n verstaan van die Goddelike Triniteit waarin daar geen hiërargie is nie. Labuschagne (2009:138) verreken leierskap meer in terme van

leierskap uit die wêreld van die kwantumfisika teenoor die Newtoniaanse model en maak die volgende opmerking:

> In chaosteorie word leierskap gesien as 'n kollektiewe aangeleentheid. Leierskap moet deur alle agente en rolspelers binne die organisasie gebeur. Hierdie benadering is nie-hiërargies en kollaboratief van aard. Juis vanweë die chaos en kompleksiteit van die sisteem is dit wesenlik dat leierskap vertikaal en horisontaal in die hele organisasie gebeur en nie gelokaliseer word nie.

Missionale leierskap groei uit 'n waardering vir die Trinitariese begronding van leierskap. Niemandt (2007:157) brei verder op die nuwe soort leierskap uit deur die volgende verskille tussen ou leierskap en ontluikende (missionale) leierskap aan te dui:

| OU LEIERSKAP | ONTLUIKENDE LEIERSKAP |
|---|---|
| Modernistiese leierskap gebou op kontrole, beheer en hiërargie | Missionêre leierskap gebou op bemagtiging, deelname en spanne |
| Streng kontrole | Kreatiewe vryheid |
| Die leier se visie bepaal alles | Almal se visie deur 'n proses van deelname bepaal |
| Kragdadige leiers | Leierlose groepe, spanwerk |
| Leierskap deur dié wat gewillig is om die werk te doen | Leierskap deur dié wat die gawes ontvang het |
| Gesag vloei uit die posisie wat die leier in die hiërargie het | Invloed vloei uit passie en deelname |
| Geslote sisteem: die leiers vorm saam die klub | Oop sisteem wat maklik nuwe toetreders verwelkom |
| Die leier bepaal die gemeente se agenda | Die gemeente bepaal die leier se agenda |
| Sterk klem op besluitneming | Sterk klem op uitbou van konsensus |

Hoewel 'n mens volmondig met Niemandt oor hierdie kontras kan saamstem, is daar tog 'n versoberende sienswyse by Gibbs (2005:58) te vind. Hy meen dat daar selfs in die postmoderne tyd 'n toepaslike uitoefening van outoriteit moet wees. Dit is nie 'n outoriteit wat uit 'n titel of posisie moet spruit nie, maar moet eerder 'n vertroue wees wat op die karakter, bevoegdheid, respek en toewyding van die leier gebou is. Dit moet ook 'n

outoriteit wees wat op die twee pilare van verantwoordelikheid en die invloed wat ’n leier uitoefen, gebou is. Sulke leiers dwing nie hulle wil op mense af nie, maar is dié soort indiwidue wie se mening graag gevra word.

### 2.1.4 Die primus inter pares

Dit is duidelik leierskap in ontluikende kerke al hoe meer in spanverband plaasvind en dat die dae van die solo-pastor en hiërargiese leierskapsmodel met die leierleraar getel is. “*Churches may be more effective if they move beyond the concept of a single leader to one in which leadership is exercised by a team with one individual serving as ‘primus inter pares’ – first among equals”* (Gibbs 2005:56). Hoewel Gibbs dit nie sê nie, kan met sekerheid geredeneer word dat die pastor die primus inter pares behoort te wees. Easum (Joubert et al 2007:213) meen dat die kerk van die toekoms meer as ooit tevore, ’n enkele sterker, gefokusde leier nodig sal hê. Hy merk dan soos volg op: “Ek weet daar is al baie geskryf oor spangebaseerde bedienings, en ek dink dit is ’n goeie ding, solank die groep een leier het. Elke vorm van lewe wat vooruitgaan, het een enkele organiserende beginsel.”

Black & Gregersen (2008:1) oordeel dat die meeste organisasies wat verandering te weeg wil bring, by die organisasie begin met die veronderstelling dat wanneer die organisasie verander, indiwiduele verandering ook sal plaasvind. Die teendeel is eerder waar volgens hulle ervaring - blywende sukses lê daarin dat die indiwidue eers verander voordat die organisasie sal volg. ’n Organisasie verander net so ver of so vinnig as wat sy kollektiewe indiwidue verander. *“... [T]o change your organization, you must first change individuals, and sometimes (maybe even often) this means changing yourself as well”* (Black & Gregersen (2008:1). Dit klop met wat Olson (2002:42) geskryf het: *“However, very few, if any, organizations grow past their leaders.”*

Volgens Kallestad (2001:169) begin verandering by leierskap en leierskap begin by die pastor. Christus is die Hoof van sy liggaam en leierskap in die kerk gaan daaroor dat die wil van God gedien moet word. *“The office of pastor is established by God to serve God’s purposes.”* Om pastor te wees is ’n geweldige verantwoordelikheid en die gemeente het hom/haar beroep op grond van teologiese opleiding, Bybelse onderrig en sy/haar begronding in die tradisies van die geloof. Die pastor se verantwoordelikheid en voorreg is om met God te worstel totdat hy/sy God se visie vir geloofsgemeenskap kry.

Hierdie worsteling sluit lang ure van gebed, Bybelstudie, die ontdekking van die verskillende werklikhede, die samestelling en behoeftes van die bepaalde sosiale en kulturele kultuur binne gemeenteverband in. ’n Pastor wat nie op hierdie wyse geworstel het nie, sal nie in staat wees om in die hele proses van verandering die nodige leierskap te bied nie.

Die pastor moet oor komprehensiewe denke en vermoëns beskik. Hy moet meer as een talent hê en kan nie ’n “*one-string violinist*” wees nie. Aan die ander kant is die taak te veel en te groot vir een mens. Al is die indiwidu ook hoe bekwaam, hy/sy moet erken dat niemand die pad alleen kan loop nie (Nel 1994:69). Dit is daarom dat Kallestad (2001:170) die volgende stap aanbeveel. Sodra die pastor alles moontlik gedoen het om die pad met God oor sy wil vir die gemeente se visie te loop, moet die wysheid en ondersteuning van die sleutelleiers in die gemeente gesoek word. Ook die sleutelleiers moet getrou wees in hulle gebedslewe, Bybelstudie, en lewe van dissipelskap.

Stanley (2003:19) meld dat die meeste van die produktiewe mense wat hy ken, daarin slaag om oor heelwat vrye tyd te beskik en dat hulle ook oor die vermoë beskik om hul skedule te hanteer, pleks daarvan dat hulle deur hul skedules geregeer word. Hy noem dat ’n minderheid van oorsake, insetsels of pogings gewoonlik tot ’n meerderheid van uitslae, uitsette en belonings lei. *“Taken literally, this means that, for example, 80 percent of what you achieve in your job comes from 20 percent of the time spent. Thus for all practical purposes, four-fifths of the effort – a dominant part of it – is largely irrelevant.”* Stanley (2003:20) noem dat hy ontdek het dat 80% van sy professionele produktiwiteit van drie aktiwiteite kom:


- Korporatiewe visioenering
- Korporatiewe kommunikasie
- Leierskapontwikkeling

Die res het hy so ver moontlik gedelegeer. Hy vervolg verder: “*In my line of work, the majority of my success hinges on a weekly forty-minute presentation referred to in most circles as a sermon. It doesn’t matter how many hours I work. For the most part, my success hinges on whether or not I can deliver the goods on Sunday morning.”* Hy spandeer meer tyd aan die 20% aktiwiteite wat ’n verskil maak. ’n Sestig uur werksweek gaan nie ’n verskil aan ’n swak preek maak nie. Mense kom nie Sondae kerk toe omdat

hy 'n goeie pastor, herder of berader is nie. Sy kommunikasievermoëns maak die verskil en dit is waarop hy sy tyd fokus (Stanley 2003:20-21; kyk ook Black & Gregerson 2008:15).

#### 2.1.4.1 Die vlak-5-leier

Collins (2001; 2006) en sy span het die konsep "vlak-5-leier" ontwikkel. Soos elders in hierdie studie vermeld, was die aanvanklike gedagte om van dienskneglеiers (servant leaders) te praat, maar die gevoel was dat dit 'n te "sagte" benaming vir só 'n leier in die korporatiewe wêreld is (Collins 2001:30).




Die verrassende aspek wat by hierdie 11 maatskappye aangetref is, is die feit dat hulle hoofdirekteure almal dieselfde basiese eienskappe geopenbaar het. Al die "good to great" maatskappye het in die belangrike tyd van transformasie en deurbraak vlak-5-leiers gehad. Nog 'n ooreenkoms was dat 10 uit die 11 "*good tot great*" direkteure (HUB's) het uit hulle maatskappy na vore getree om die leiersrol oor te neem (Collins 2001:32).

Wat is dan die kwaliteite wat die elf leiers in gemeen het? Die volgende kom na vore (Collins 2001:17-40):


- Vlak-5-leiers openbaar 'n paradoksale mengsel van persoonlike nederigheid en professionele wil. Hulle is ambisieus, maar dan allereers en altyd vir die maatskappy en nie ter wille van hulleself nie.
- Vlak-5-leiers posisioneer hulle opvolgers vir selfs groter sukses terwyl egosentriese vlak 4-leiers dikwels hulle opvolgers vir mislukking opstel (vgl. Maxwell 1995:24-25).
- Vlak-5-leiers openbaar 'n dwingende beskeidenheid, stel hulleself op die agtergrond en onderbeklemtoon die rol wat hulle vervul. Daarteenoor het twee derdes van die vergelykende maatskappye se direkteure (vlak-4-leiers) geweldige ego's gehad wat tot die ondergang of voortslepende middelmatigheid van die maatskappye bygedra het.
- Vlak-5-leiers is fanaties-gedrewe mense met 'n aansteeklike behoefte om volhoubare resultate te behaal. Hulle is daartoe verbind om te doen wat ook al nodig is om die maatskappy uitnemend te maak, ongeag hoe groot en moeilik die besluite ook al mag wees.
- Vlak-5-leiers openbaar 'n ywerige werksetiek – is eerder ploegperd (*plow horse*) as skouperd (*show horse*).
- Vlak-5-leiers kyk by die venster uit en skryf sukses aan faktore buite hulleself toe. Wanneer dinge sleg gaan, kyk hulle in die spieël en blameer hulleself, terwyl hulle volle verantwoordelikheid aanvaar. "*Look for situations where extraordinary results exist but where no individual steps forth to claim excess credit. You will likely find a potential Level 5 leader at work*" (Collins 2001:37). Die vergelykende direkteure (vlak-4-leiers) doen dikwels die teenoorgestelde. Hulle kyk in die spieël en neem krediet vir die sukses en kyk by die venster uit om die skuld vir teleurstellende resultate op ander te pak. Collins (2001:36-37,39) verwys na vlak-4-leiers as leiers wat neig om "*larger-than-life, egocentric leaders*" te wees.
- Vlak-5-leiers skryf baie van die sukses toe aan geluk, eerder as aan hulle persoonlike bydrae en vernuf.

Labuschagne (2009:165) gebruik die term "transformasieleiers", wat hy dan ook aan charismatiese leierskap koppel. Hy sluit aan by Hughes et al (2009:629) wat sê dat hierdie leiers daarin slaag ... "*to generate high levels of excitement among followers and*

*build particularly strong emotional attachments with them. The combination of a compelling vision, heightened emotional levels, and strong personal attachments often compels followers to put forth greater effort to meet organizational or societal challenges.*" In die wêreld van verandering en kompleksiteit blyk charismatiese leierskap volgens Labuschagne (2009:165; kontra Collins 2001:36-37,39) die mees geskikte en aanpasbaarste leierskapstyl, waarmee lidmate maklik kan identifiseer, te wees. Charismatiese leiers is passievolle leiers wat oor die uitsonderlike vermoë beskik om die toekoms in terme van 'n duidelike visie uit te beeld.

Die vraag is: op watter vlak lê charismatiese leierskap? Is charismatiese leierskap met vlak-5-leierskap te versoen? Collins (2001:37) verwys na voorbeelde van vlak-5-leiers wat beduidende lewenservaringe, wat hulle as vlak-5-leiers verder geslyp het, gehad het byvoorbeeld Darwin Smith, wat kanker onder lede gehad het, Joe Cullman, wat deur sy ervarings gedurende die Tweede Wêreldoorlog gevorm is en dan Colman Mockler, wat tot die Evangeliese Christendom bekeer is. Hy het later die stimulus geword agter *"... A group of Boston business executives who met frequently over breakfast to discuss the carryover of religious values to corporate life.*" Hoewel ek nie in diepte wil ingaan op die hele saak van die versoenbaarheid van charismatiese leierskap en vlak-5-leierskap nie, is dit tog met dien verstande dat charismatiese leierskap kennis sal neem van die swak monderings in vlak-4-leierskap (vgl. Collins 2001:35, 37,39).

Die vraag kan ontstaan of daar enige verband tussen hierdie vlak-5-hiërargie en kerkleierskap bestaan. Het die besigheidswêreld en die kerk raakpunte as dit by leierskap kom? Volgens Collins (2006) in sy boek, *Good to Great and the Social Sectors*, is die antwoord 'n besliste ja. Ook by Spark (2007:164-165) is dit 'n besliste ja.




**Vlak-5-Hiërargie -** Geneem uit Collins (2001:20)

Die vraag is hoe die besigheidsektor van die sosiale sektor verskil. Die merkbaarste verskil tussen die besigheid- en sosiale sektor lê daarin dat geld by die besigheids- en korporatiewe wêreld as inset (hulpbron om grootheid te bereik) en as uitset (maatstaf waaraan sukses gemeet word) dien. In die sosiale sektor is geld net 'n inset en nie 'n maatstaf vir sukses nie. Die uitnemendheid van 'n sosiale instansie, hetsy 'n skool, jeugbeweging, orkes, kerk ensovoorts, lê in die inherente dinamiese proses en nastrewing van die sosiale instelling se missie, en nie in die eindpunt nie. "*The moment you think of yourself as great, your slide toward mediocrity will have already begun*" (Collins 2006:9).

Die vlak-5-leier in die sosiale sektor beskik op die oog af nie oor dieselfde uitvoerende gesag as waaroor 'n vlak-5-besigheidsleier (HUB) beskik nie. Die gesag is egter wel daar, as 'n mens net weet waar en hoe om daarna te soek. Daar is die mag van insluiting, die krag van taal, die krag van gedeelde belange, die krag van koalisie. *"Power is all around you to draw upon, but it is raw, rarely visible. Social sector leaders are not less decisive than business leaders as a general rule; they only appear that way to those who fail to grasp the complex governance and power structures common to social sectors"* (Collins 2006:10-12).

Die onderskeid tussen besigheidsleiers en niebesigheidsleiers kan getref word op grond van die onderskeid wat tussen uitvoerende gesag (*executive*) en wetgewende gesag (*legislative*) bestaan. Ter wille van groter verstaanbaarheid word "wetgewende leiers" hiervandaan eerder "leiers in sosiale strukture" (wat uiteraard kerkleierskap insluit) genoem.

- In uitvoerende leierskap het die indiwidu genoeg gekonsentreerde mag om die regte besluite te neem. By leiers in sosiale strukture het geen indiwiduele leier – nie eens die uitvoerende hoof – voldoende strukturele mag om die belangrikste besluite alleen te neem nie.
- Leiers in sosiale strukture vertrou meer op oorreding, politieke gangbaarheid, en gedeelde belange om die regte omstandighede te skep sodat die regte besluite geneem kan word. Dit is juis hierdie dinamika wat die vlak-5-leier so belangrik in die sosiale sektor maak.
- Die vlak-5-leier se waarde hier lê weer eens in die feit dat hy/sy ter wille van die saak, beweging, doelstellings en werk wat gedien word ambisieus is – en nie vir hom/haarself of in eie belang nie – en wat ook al nodig is om hierdie doelstellings vir die organisasie te laat slaag, sal hulle doen.
- Die belangrikste punt vir vlak-5-leierskap in die sosiale sektor is om toe te sien dat die regte besluite geneem en uitgevoer word. Dit gebeur veral as mense besef dat dit nie oor eie belang gaan nie, maar dat dit altyd en allereers oor die saak gaan.

Collins (2006:12-13) gee toe dat die hele konsep van uitvoerende leierskap teenoor Leierskap in sosiale strukture nog nie aan diepgaande empiriese toetse onderwerp is nie. Hy voorspel dat die mees effektiewe leier in die toekoms oor 'n mengsel van beide

uitvoerende en wetgewende vaardighede sal beskik. Hierdie leier sal ook moet weet wanneer om in uitvoerende en wanneer om in wetgewende hoedanigheid op te tree. Hy vermoed ook dat daar groter ware leierskap in die sosiale sektor as in die besigheidsektor aangetref word. Hoekom?

> *The practice of true leadership is not the same as the exercise of power. If I put a loaded gun to your head, I can get you do things you might not otherwise do, but I've not practiced leadership; I've exercised power. True leadership only exists if people follow when they have the freedom not to ... perhaps tomorrow's great business leaders will come from the social sectors, not the other way around.*

Soos verwag, het baie kerkleiers wêreldwyd groot belangstelling in die werk van Collins (2001/2006) getoon. In 'n onderhoud wat op Christianity Today.Com (2006) met hom gevoer is, is hy uitgevra oor sy sienswyse van kerkleierskap na aanleiding van sy boek (2006). Van die belangrikste sake wat toe uitgelig is, is die volgende:

- Uitmuntende kerke/gemeentes (*greatness in a church*) is nie gelyk aan grootte (*bigness*) nie. "*Big is not great and great is not big. In fact, the bigger you become the harder it may be to remain great.*"
- 'n Organisasie moet aan drie maatstawwe voldoen om as "*great*" te kwalifiseer:
    - Uitstekende funksionering volgens sy missie in die wêreld.
    - 'n Onderskeidende impak op die gemeenskap maak, tot dié mate dat gesê kan word: As hierdie kerk/gemeente verdwyn, sal dit 'n ernstige leemte in die gemeenskap laat.
    - Uithouvermoë. Om die impak oor 'n lang genoeg tyd te maak sodat die sukses nie aan die persoonlikheid van een leier toegeskryf kan word nie. "*If a church is effective during one pastorate, it may be a church with a stellar pastor, but it is not yet a great church.*"
- Soos in ander sosiale strukture, speel geld in die kerk die rol van hulpbron om uitstekende doelwitte te bewerkstellig, naamlik om mense met die boodskap te bereik. Geld as hulpbron word ook gebruik om gemeenskap te skep en uit te bou en om bydraes te lewer aan die gemeenskap buite die kerk.
- Kerkleiers funksioneer dikwels binne uiters gekompliseerde bestuurstrukture. In sodanige strukture kan veelvoudige bronne van mag wees en leiers kan te make

hê met veelvuldige belangegroepe, beide in die gemeenskap en in die gemeente. Kerkleiers kan nie 'n gemeente soos 'n Russiese Tsaar lei nie. Hulle sal groter sosiale leierskap as 'n uitvoerende leierskap moet openbaar.

- Hierdie tipe leierskap gaan nie daaroor om almal tevrede te stel en elkeen goed te laat voel nie (Collins 2006):

> *What needs to happen to produce the best results relative to our mission? I know everyone won't like it and it might be hard on some people. And I know I don't have the power to just make this happen. So where can I find the sources of power that allow me to get what needs to happen, even if it isn't popular?*

### 2.1.5 Samevatting

Enigeen wat al 'n studie, hoe gering ook al, oor leierskap gedoen het, sal kan getuig van die geweldige omvang van die veld. Toe Winston (2002) sy boek gepubliseer het, het sy soektog by www.amazon.com aan die hand van die sleutelwoord, *leierskap,* 8 616 trefslae opgelewer. 'n Mens sien duidelik wat McManus (2001:50) bedoel as hy van 'n informasieontploffing wat "*information anxiety*" veroorsaak, praat. Tog behoort die voorafgaande, asook die onderstaande samevatting as behoorlike basis oor leierskap vir hierdie studie te dien.

**Sleutelkwessies vir missionale leierskap**

2.1.5.1. Al die leiers in die gemeente moet deurdrenk wees van die wete dat Jesus Christus die Hoof van sy gemeente is. Christus is die versorgende Hoof wat vanweë sy versoeningswerk primêr die bestaansgrond is. Hy is ook regerend aktief en sluit ons in 'n lewenseenheid met Hom in waar Hy met Woord en Gees regeer.

2.1.5.2. Die gevestigde leierkultuur in die kerk wat voorheen tiperend was van die modernisme, is aan die verdwyn. In hierdie postmoderne era is die klem eerder op horisontale, konsensus-soekende samewerking.

2.1.5.3. Groter klem word op diensleierskap gelê. Dit is in reaksie op die prestasie-soekende en dominerende leierskapstyl wat voorheen in sommige kerklike tradisies geheers het. Diensleierskap gaan oor 'n eerlike soeke na God se wil vir hulle bediening in 'n gebroke wêreld.

2.1.5.4. Ontluikende leiers in ’n missionale konteks is veral gesteld op daardie vaardighede wat verhoudinge skep, versorg, uitbou en laat blom. Hulle wil mense so beïnvloed dat hulle dinge wat normaalweg nie alleen gedoen kan word nie, saamdoen.

2.1.5.5. Ontluikende leierskap fokus al meer op die dinamika van spanwerk. Dit gaan daaroor om konneksies tussen lede te bewerkstellig en hulle in ’n kreatiewe sinergie te laat saamwerk. In wese is dit “*doing life deeply with one another*”.

2.1.5.6. ’n Definisie van leierskap: Leierskap is ’n Godgegewe gawe wat wissel in aard en aanwending en wat daarop toegespits is om binne spanverband effektiewe invloed uit te oefen, ’n kreatiewe sinergie daar te stel ten einde die missie en doelstellings van ’n organisasie of beweging uitnemend te laat realiseer.

2.1.5.7. Die primêre kriterium vir ’n leier behoort altyd karakter te wees, dan bevoegdheid en sy/haar vermoë om ’n goeie “chemie” tussen mense te bewerkstellig.

2.1.5.8. Hoewel daar groter klem op deelnemende leierskap in spanverband is, behoort daar tog in hierdie postmoderne tyd ’n toepaslike uitoefening van primus inter pares-leierskap” wees. Dit moet gebou wees op die twee pilare van verantwoordelikheid en die invloed wat ’n leier uitoefen.

2.1.5.9. Leierskapstyle verskil in aard en aanwending en behoort dienooreenkomstig in die gemeente aangewend te word.

2.1.5.10. Enige verandering in ’n organisasie begin by die pastor en werk deur na die res van die leierskap. ’n Organisasie, meer spesifiek die missionale gemeente, groei selde verby haar leierskap en verander net so ver, of so vinnig as wat die lidmate kollektief verander.

2.1.5.11. Die pastor is die waarskynlike veranderingsagent wat na worsteling met God deur gebed, Bybelstudie en langdurige ondersoek na die stand van die gemeente, die eerste treë in die rigting van transformasie gee deur met sleutelleiers in die gemeente te gesels. Vanweë die kompleksiteit van die sisteem is dit wesenlik dat leierskap vertikaal en horisontaal in die hele gemeente gebeur en nie gelokaliseer word nie.


2.1.5.12. Daar is veel te leer by die besigheids- en korporatiewe wêreld om die missionale gemeente van goed na uitnemend te ontwikkel. Waar uitnemendheid in die besigheidswêreld aan die grootte van die wins gemeet

word, geld ander standaarde in die kerk en sosiale sektor. Uitnemendheid word gemeet aan die effektiewe bereiking van die gemeente se missie en doelstellings.

2.1.5.13. Uitnemendheid by die missionale gemeente word bepaal deur die uitstekende funksionering volgens haar missie in die wêreld; haar impak op die gemeenskap; en haar uithouvermoë om volhoubaar 'n impak te maak sodat sukses nie aan die persoonlikheid van een leier toegeskryf kan word nie.

2.1.5.14. Die vlak-5-leier se basiese kwaliteite kan net so op die gemeente van toepassing gemaak word, hoewel charismatiese leierskap in gesonde maat daarby, in 'n geestelike leier se guns tel. In die besigheidswêreld het die vlak-5-leier meer uitvoerende gesag, terwyl die leier in die sosiale sektor (kerk) meer aangewese is op oorredende gesag en die uitoefening daarvan. Kerkleiers moet daarom alle bronne van mag in die gemeente só mobiliseer en beïnvloed dat die regte besluite wat die doelstellings van die gemeente die beste dien, geneem word.

## 2.2. EERS WIE ...




### 2.2.1 Wie is op die bus en waar sit hulle?

Hierdie punt sluit ten nouste aan by leierskap en val volgens die raamwerk steeds onder die indeling – gedissiplineerde mense. Collins (2001:41-64) maak 'n sterk saak daarvoor uit dat die regte mense eers verkry moet word voordat daar in enige proses verder beweeg word. Anders as in die vergelykende maatskappye, wat eers 'n visie stel, begin die *Good to Great*-maatskappye eerstens met 'n keuse van die regte mense. Met ander woorde die "wie-vraag" kom voor die "wat-vraag" – eers wie, dan wat. Hy gee die volgende skema om dit voor te stel (Collins 2001:47):

| **VLAK-5 + BESTUURSPAN**<br>GOOD TO GREAT-MAATSKAPPYE | **DIE "GENIE MET 'N 1 000 HELPERS"**<br>VERGELYKENDE MAATSKAPPYE |
|---|---|
| **VLAK-5-LEIER** | **VLAK-4-LEIER** |
| ↓ | ↓ |
| **EERS WIE**<br>Kry die regte mense op die bus. Bou 'n uitnemende uitvoerende span | **EERS WAT**<br>Kry 'n visie waarheen die bus geneem word. Ontwikkel 'n padkaart om mee te bestuur |
| ↓ | ↓ |
| **DAN WAT**<br>Met die regte mense op die bus, kan die beste pad na uitnemendheid uitgewerk word | **DAN WIE**<br>Werf 'n groep hoogs bekwame "helpers" om die visie te laat werk |

Om die regte mense in die span te kry, het die vergelykende maatskappye baie meer van afleggings en herstrukturering gebruik gemaak as wat die uitnemende (*Good to Great*) maatskappye moes doen. Laasgenoemde het eerder van die volgende beginsels gebruik gemaak (Collins 2001:62):

1. As jy twyfel, moenie iemand in diens neem nie – bly soek vir die regte kandidaat.
2. As jy 'n verandering aan personeel moet aanbring – maak eers seker dat iemand nie bloot in 'n verkeerde sitplek is nie. Dit gebeur dikwels dat iemand net in die verkeerde posisie aangewend word. Sodra die persoon in 'n ander posisie ingeskuif word, is dit moontlik dat hy/sy floreer.
3. Plaas jou beste mense by die grootste geleenthede en nie by die grootste probleme nie.

By uitnemende maatskappye is werknemers soms swakker as hul eweknieë by vergelykende maatskappye vergoed. Dit bewys weer eens dat goed gemotiveerde en selfgedissiplineerde indiwidue nie primêr deur geld gemotiveer word nie. Die bekende spreekwoord wat lui dat mense jou belangrikste bate is, moet vervang word met: "Die regte mense in die eerste plek". Om die regte mense te kry, het meer te doen met karakter en ingebore kwaliteite as met spesifieke kennis, agtergrond en vaardighede (vgl paragraaf 2.1.3.2, p 12).

Ook wat hierdie saak betref, het vlak-5-leiers in die sosiale sektor dit veel moeiliker as hulle kollegas in die korporatiewe en besigheidswêreld. 'n Skoolhoof sit byvoorbeeld met personeel waar die uitnemende, sowel as die gemiddelde tot swak onderwysers deur dieselfde vakbond beskerm word. In ander organisasies weer, soos byvoorbeeld die Landsdiens of die Voortrekkers, word hoofsaaklik met vrywilligers gewerk. In die plaaslike gemeente (In die Suid-Afrikaanse konteks en spesifiek in die geval van die meerderheid NHKA gemeentes) is daar 'n predikant wat 'n traktement ontvang (medeleraars is skaars in die NHKA), 'n sekretariële beampte, 'n orrelis, 'n skoonmaker en 'n tuinwerker wat vergoeding ontvang. Die res, dit is al die sleutelleiers, ouderlinge, diakens en gemeentelede – is vrywilligers.

Tog is Collins (2006:13-17), soos in die geval van vlak-5-leierskap, oortuig dat dieselfde beginsels steeds toegepas kan word. Dit blyk weer eens 'n geval van meer dinamiese

leierskap te wees. Hy gebruik die voorbeeld van 'n departementshoof wat daarin kon slaag om 'n uitnemende personeel in sy departement op te bou. Hoe het hy dit reggekry? 'n Paar beginsels geld:

- Bou 'n kultuur van uitnemendheid (*pocket of greatness*) op in die sentrum van die organisasie, sonder om van uitvoerende mag gebruik te maak (vgl. Maxwell 1995:24).
- Kry die regte mense op die bus, sorg dat dié wat nie daar hoort nie, afkom, en sorg dat die regte mense op die regte sitplekke beland. Uiteraard kan min organisasies in die sosiale sektor personeel sommer net links en regs begin afdank. Die gedagte hier is eerder dat die onderpresteerders só ontuis begin voel in 'n omgewing van uitnemendheid, dat hulle self van die bus afklim.
- Begin vroegtydig met die regte taksering en meganismes om te verseker dat die regte mense op die bus kom.
- Die regte mense is die selfgemotiveerde mense met selfdissipline wat dit in hulle DNS het om hulle uiterste bes te lewer.
- Hoe meer selektief die proses (en posisie), hoe aantrekliker word dit – selfs vir 'n vrywilliger.
- Die sosiale sektor – en die kerk by uitstek – het een geweldige voordeel: mense het 'n desperate soeke na sin en betekenis in hulle lewens. "*Purity of mission – be it about educating young people, connecting people to God, making our cities safe, touching the soul with great art, feeding the hungry, serving the poor, or protecting our freedom – has the power to ignite passion and commitment*" (Collins 2006:16).
- Vir enige organisasie is die regte mense - en genoeg van hulle - om hulleself te verbind aan die missie van die organisasie, sy grootste hulpbron.

Hoe kan hierdie beginsels in die plaaslike gemeente verreken word? Die volgende wenke word aan die hand gedoen:

- Begin vroegtydig met die regte identifisering en taksering van potensiële leiers (Kallestad 2001:145-146; Collins 2006:14). Leierskap gaan nie in die eerste plek oor kwalifikasies nie, maar oor onderskeiding en bewese leierskap binne die gemeente. Die hele gemeente kan met verloop van tyd waarneem wie die persone is wat natuurlike en geestelike leierseienskappe vertoon. Die roeping word dus deur baie mense "getoets" en bevestig voordat die persoon akademies en andersins vir die taak toegerus word (Hancke 2006:147).

- Moenie net mense in ampte en spesifieke posisies van diens verkies omdat daar 'n vakature is en almal dit met mag en mening gevul wil hê nie. Dit is waarskynlik die grootste rede vir middelmatigheid in 'n gemeente. Dit geld vir ouderlinge, diakens en leiers wat in posisies verkies is, sonder dat hulle werklik daar hoort. Tydens ringsvisitasies word kerkrade telkens gevra of al die wyke gevul is en hoeveel wyke vakant is. Dit skep spanning en die verwagting dat wyke ten alle koste gevul moet word. Terselfdertyd word die persepsie geskep dat min, of geen vakante wyke in 'n gemeente 'n aanduiding is dat dit goed gaan in die gemeente. Intussen gaan die gemeente mank aan goeie en dinamiese leierskap (vgl. Hancke 2006:145-164).
- Neem die "suprakulturele beginsels" by die keuse en aanstelling van leiers in ag. Getz (2003) beskryf 14 suprakulturele beginsels, en die toepassing daarvan in die plaaslike gemeente (Getz 2003: 237-281; vgl. Kallestad 2001:145-164; Winston 2002:72-80, Stanley 2003:111-129).
- Waar dit by aanstellings in spesifieke posisies (betaald of vrywillig) kom, behoort deeglik te werk gegaan word. Dit wil nie sê dat die persoon wat die werk wil doen, dit kan doen nie. Kallestad (2001:147-149) beskryf 'n proses waardeur die regte kandidaat vir die regte bediening gevind moet word. Dit sluit ook aan by Collins (2001/2006) se beginsel om die regte mense in die regte sitplekke op die bus te plaas. Wanneer die kriteria deurgewerk is, noem Kallestad (2001) dat die volgende stappe vir onderskeidingsvermoë belangrik is: gebed; selfrefleksie waarin die mens en die posisie vergelyk word; kontak en gesprekke met referente; deeglike gespreksvoering en uiteindelik besluitneming.
- Met verloop van tyd word 'n omgewing van uitnemendheid (*pockets of greatness*) geskep wat uitnemende leiers aantrek, en leiers wat onderpresteer laat terugstaan (Collins 2006:14).
- Die motiverings- en ontvriesingsfase in die gemeentebouproses, is die tyd waartydens leiers as moontlike kernleiers getakseer word om "op die bus" saam te neem.

In die lig van hierdie basiese agtergrond word daar vervolgens na die gemeente gekyk - wat al te dikwels toustaan om op 'n ander vervoermiddel te kom – die passasierskip! – en dit terwyl ander passasiers weer van skip verwissel omdat die "diens" by 'n volgende een beter is. In die volgende hoofpunt word prinsipieel na die gemeente gekyk, daarna

word die proses van gemeentebou onder die loep geneem, gevolg deur die missionale roeping van die gemeente, om hopelik die punt te bereik waar, soos Niemandt (2007:154) dit stel, **elkeen 'n sendeling is!**

### 2.2.2 Wie is die gemeente vroeg in die 21ste eeu?

Die hipotesestelling vir hierdie studie begin met die woord "Gemeentes". ***Gemeentes*** *wat besig is met 'n gestruktureerde gemeentebouproses is missionaal meer suksesvol as gemeentes wat geen gestruktureerde gemeentebouproses deurloop nie.* Vervolgens word daar prinsipieel na die gemeente gekyk.

Wat beteken die woord gemeente? Die Griekse term e*kklesia* word in Afrikaans met kerk of gemeente vertaal. Volgens Odendal en Gouws (2000) kan die term kerk die volgende betekenismoontlikhede inhou:

- Gebou vir 'n Christelike erediens, ook die mense wat daarin vergader.
- Diens, godsdiensbeoefening in 'n kerk.
- 'n Groep of afdeling Christene wat dieselfde geloof, dieselfde vorm van erediens, ensovoorts het; kerkgenootskap: die Hervormde, die Gereformeerde, die Nederduitse Gereformeerde Kerk ensovoorts.
- Die gemeenskap van gelowiges.
- Kerklike gesag, geestelike owerheid.

Die woord "gemeente" is volgens Odendal en Gouws (2000), die gesamentlike gelowiges van die Algemene Christelike Kerk. Verder verwys dit na die byeenkoms van die gesamentlike lede van 'n kerk onder een kerkraad. Die term "kerk" word met 'n kleinletter geskryf wanneer dit op die kerk in die algemeen dui, terwyl Kerk (met 'n hoofletter), 'n spesifieke denominasie aandui (Müller 2003:89,329).

Die feit dat "kerk" in die volksmond dikwels na die gebou (Odendal en Gouws 2000) waar die Christelike erediens plaasvind, verwys en ook daarmee geassosieer word, word oortuigend deur Truter (2007:208) weerlê wanneer hy vra: "Is kerkgeboue werklik nodig? Wanneer die Bybelse ideaal oor kerkgeboue – wat normatief in die Christen se lewe moet wees – verreken word, dan is die antwoord onomwonde: Nee, kerkgeboue is nie werklik nodig nie." In hierdie verband haal hy dan vir Winter (1973:24) aan wat soos volg oor die kerk se missie skryf: "*If there is one simple method of saving the church's*

*mission, it is probably the decision to abandon church buildings, for they are basically unnatural places.*" Tog meen Truter dat die werklikhede van die geskiedenis dit moeilik maak om daarvan los te kom, vandaar sy ondersoek na alternatiewe byeenkomplekke vir die gemeente.

Getz (2003:47-49) skryf breedvoerig oor die begrippe *ekklesia,* die universele kerk en die plaaslike gemeente: Hy noem dat die term *ekklesia* meer as 'n honderd keer in die Nuwe Testament gebruik word. Behalwe vir die Evangelies, word die grootste gedeelte van die Nuwe Testament aan die storie van plaaslike gemeentes gewy, en hoe God hulle wou laat funksioneer. Jesus het die fondament gelê toe Hy aan Petrus (Matt 16:18) gesê het: "Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou ..." Jesus het sekerlik nie 'n kerkgebou in Sesarea-Filippi in gedagte gehad nie, maar het dit veel wyer bedoel. Hy het reeds die menigte plaaslike gemeentes in Judea, Samaria, regdeur die Romeinse Ryk en uiteindelik dwarsoor die wêreld soos ons dit vandag ken (vgl. France 1985:255) geantisipeer.

Paulus gebruik die term *ekklesia o*ok in 'n universele sin as hy verwys na die eerste eeuse gelowiges wat oor die Romeinse wêreld versprei is. Tog word die term *ekklesia* 82 keer in verwysings na gelowiges wat 'n sekere geografiese area bewoon, gebruik. In 80% van die gevalle waar N.T. skrywers die term *ekklesia* gebruik, word verwys na wat ons "gemeentes" sou noem (35 kere na 'n groep gemeentes en 48 keer na spesifieke gemeentes). Hoewel hierdie voorbeelde na die begrip gemeente verwys, het dit nie noodwendig dieselfde inhoud as wat ons in die 21$^{ste}$ eeu daaraan heg nie. In die meeste gevalle verwys die N.T. skrywers na al die praktiserende gelowiges in 'n bepaalde gemeenskap of stad. Lukas verwys byvoorbeeld na die gemeente in Jerusalem (Hand 8:1), asook die plaaslike gemeente in Antiogië (Hand 13:1). Ook wat Paulus se sendingreise betref, word daar na die gemeentes in Listra, Ikonium en Antiogië verwys (Getz 2003:49).

Getz (2003:49) meen dat hoewel die term *ekklesia* gedefinieer word as "byeenkoms /gemeente", óf de "*samengeroepen volksvergadering*" (Heitink 2007:25), dit in terme van hoe gelowiges in die Nuwe Testamentiese wêreld gefunksioneer het, eintlik te eng is. Dit staaf Newbigin (1989:228) se opmerking dat die konstante gebruik van die term *ekklesia* in die Nuwe Testament op twee betekenismoontlikhede neerkom, naamlik die kerk van

God/Christus en dat dit 'n bepaalde plek se kerk is (*church of a place*). Bybelse skrywers het die term gebruik om Christene te beskryf, ongeag of hulle vir 'n erediens of die beoefening van sekere rituele byeen was, en of hulle oor die spesifieke gemeenskap versprei was – in hulle huise, by die werk, besig om te handel te dryf, naastebestaandes te besoek of om by die plaaslike spa te ontspan. Getz (2003:49) merk soos volg op:

> *Furthermore, each believing family in a given community, ideally speaking, was to be "church in miniature" and the father the primary spiritual leader ... In order to understand the scriptural meaning of the local church, we must think in terms of people in relationships – not structures, not meeting places, not buildings.*

Soos uit bogenoemde uitleg van die term *ekklesia* blyk, gaan kerkwees en gemeentewees oor veel meer as geboue. In 'n referaat vir 'n Inligtings- en besprekingsvergadering skryf Kuyper (2007), terwyl hy nou aansluit by die Heidelbergse Kategismus (vraag en antwoord 54) en die Nederlandse Geloofsbelydenis (Artikel 27) soos volg: Die kerk is 'n gemeente wat deur Jesus Christus, deur sy Gees en Woord uit die hele menslike geslag vergader word. Beide die belydenisskrifte stel dit dat God deur die Seun en die Heilige Gees die kerk as 'n heilige vergadering vergader. Soos Heitink (2007:27) dit stel: *"De gemeente is de tempel van de Geest ... een gebouw dat nooit af is. Het staat altijd in de steigers ..."* Dus is dit nie mense wat die kerk vergader nie, maar die Drie-enige God self. Daarom word die kerk hier deur die Heidelbergse Kategismus gemeente genoem. Om kerk op aarde te wees is om gemeente te wees, die gemeenskap van gelowiges met mekaar (Kuyper 2007:2).

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die NHK (2006) gee die volgende omskrywings van kerk en gemeente: Die begrip **kerk:** Is 'n gemeenskap van gelowiges van God wat Hy deur sy versoening in Christus tot stand bring en in stand hou, deurdat Hy mense in Christus in genade uitkies en deur die werk van die Heilige Gees saambring om deur die Woord en sakramente 'n heilige volk (1 Pet 2:9) te wees en dienswerk in die wêreld te verrig. Die begrip **gemeente**: Is 'n gemeenskap van gelowiges wat selfstandig georganiseer is en deur die eenheid in geloof en belydenis saam met al die ander gemeentes die Kerk is; die wyse waarop die Kerk op 'n bepaalde plek bestaan (vgl. Heitink 2007:20).

Die regte gemeenteverstaan word in die volgende punte weergegee aan die hand van stellings wat Bischoff (1991:66-94) geformuleer het. Enkele ander skrywers se insette word bygewerk:


- Die gemeente bestaan ter wille van die Een deur wie dit tot stand gekom het (vgl. Nel 1994:15, 22). Daarby kan gestel word dat die gemeente se bestaan daarop afgestem is om God te eer en te aanbid. Dit is alleen moontlik as elke lidmaat in die geloof opgebou word en elkeen deelneem aan die uitbou van die gemeente (vgl. Truter 2007:48).
- Christus is die Hoof van die gemeente, sy liggaam (vgl. Du Plessis 1962:72; Roberts 1963: 54-116; vgl. Nel 1994:6-8;60-61; Heitink 2007:26-27). Die gemeente probeer daarom om Hom in afhanklikheid, gehoorsaamheid, liefde, geloof, lojaliteit en vreugde na te volg.
- Die gemeente is God se subjek deur wie Hy na die wêreld toe kom. Nel (1994:12) onderskei tussen die gemeente as gedefinieerde subjek, met ander woorde hoe die gemeente volgens God se doel daarmee (hoe die Bybel dit definieer) beskryf word. Die gemeente soos dit oral op die aarde voorkom, sien dikwels anders daaruit. Na hierdie gemeente word verwys as die empiriese subjek.
- Die Woord is die grondslag vir die lewe as gemeente van Christus. Daarom is studie en gehoorsaamheid noodsaaklik vir die gemeente wat deur die Heilige Gees gelei wil word. Kuyper (2007:4) wys daarop dat die Woord vir Christene nie net na die Bybel verwys nie, maar ook na Jesus Christus self.
- Die woord kerk (byeenkomplek van die gemeente) *"... heeft in dat geval geen betrekking op het gebouw maar op de verzamelde geloofsgemeenschap"* (Heitink 2007:19). Hierdie versamelde geloofsgemeenskap kan 'n fisiese geografiese gebied beslaan (vgl. Getz 2003:49), maar kan ook in hedendaagse tye 'n virtuele geloofsgemeenskap wees soos die e-kerk, webtuiste van dr. Stephan Joubert by http://www.ekerk.co.za.
- Die gemeente bestaan om deelgenootskap van gelowiges te koester. Soos Ott (1981:401) dit stel: *Ich kann meinen Glaube an Jesus Christus gar nicht allein für mich vollziehen, sondern nur in einer innersten Solidarität mit meinen Brüdern im Glauben. Mein Glaube ist gar nicht mein persönlicher Glaube allein, sondern der Glaube der anderen ist gewissermaßen schon ein Teil meines Glaubens.*

- Die kerk is ’n familie en nie ’n organisasie of instelling nie, dit is mense, en nie ’n plek nie. Dit is ’n gemeenskap wat onderling aan mekaar verantwoording verskuldig is (Niemandt 2007:83).
- Die gemeente is nie net gemeente wanneer daar byeengekom word nie, maar elkeen is gemeente waar geleef, gewerk en ontspan word (Getz 2003:49).
- Die Heilige Gees maak mense God se kinders. Hy gee die versekering van kindskap en Hy stel ons in staat om die Here te dien. Nel (1994:24) noem die gemeente die teken van die Koninkryk waar mense Hom as die enigste ware God liefhet; waar mense meer as offerhandes, naamlik hulleself uit dankbaarheid gee, waar mense in vrede met mekaar in ’n gemeenskap van reg en geregtigheid leef, waar mense liefde, trou en bedagsaamheid aan God en naaste betoon.
- Die kerk, deur middel van die gemeenskap van gelowiges, word die stem van outoriteit vir die Christen (Van der Merwe 1997: 714; Bentley 2007:1650; vgl. Odendal & Gouws 2000).
- Die wese en funksie van die kerk word deur God in sy Woord bepaal. Die wese van die kerk is om as gemeenskap van gelowiges, ’n aanbiddingsgemeenskap te wees. Die funksie van die kerk is om dienende gemeenskap te wees (vgl. Heitink 2007: 40; Truter 2007:48).
- Gemeentes is gawes van God aan die wêreld (Malan Nel, aangehaal in Niemandt 2007:149).
- In ’n sekere sin is die vier kenmerke of eienskappe van die ware kerk ook bekend as die *notae ecclesiae*, ’n samevatting van bogenoemde, naamlik eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit (vgl. Heitink 2007:28-32).

Net soos die gemeente in die eerste eeu, leef die gemeente in die 21$^{ste}$ eeu nie in isolasie nie. Die kerk in die eerste eeu is aan vervolging blootgestel, terwyl die kerk in die 21$^{ste}$ eeu ook nie vervolging vryspring nie (vgl. Barrett 2002:23). Die gemeente in die eerste eeu het riglyne benodig oor hoe om hulle besittings te betrag, só ook die gemeente in die 21$^{ste}$ eeu. Getz (1987:39) noem dat hulle na ’n ses maande studie 126 beginsels gehad het wat as riglyne aan Christene dwarsoor die wêreld gegee kon word. Hy noem dit suprakulturele beginsels (kyk Getz 2003:39-44) wat universeel geldend is. Tog is daar eietydse invloede wat op die gemeente in die 21$^{ste}$ eeu inspeel wat geensins op die kerk se radarskerm in die Apostoliese era verskyn het nie. Die volgende afdeling fokus op gemeentebou, waar die gemeente in ’n proses gewikkel raak om haar

wesensdoel te realiseer. Hierdie gemeentebouproses en die ontwikkeling van 'n missionale gemeente behoort baie van hierdie suprakulturele beginsels te vertoon.

## 2.3. DAN WAT...




### 2.3.1 Gemeentebou

Die onderwerp gemeentebou is op baie mense se lippe. Soos dit gaan met baie begrippe wat bekend geword het, word dit met uiteenlopende reaksies begroet. Sommige meen dit is nuut en vreemd en moet met agterdog bejeën word. Ander is weer "nuwigheidsjagters" en gryp daarna. Ander is status quo-mense en verwerp dit omdat dit verandering impliseer. Sommiges dink daaroor na, probeer verstaan wat daarmee bedoel word, raak krities betrokke en begin verantwoordelik meedink en meedoen (Nel: 1995:858).

Te Velde (1992:10) meen dat die saak van gemeentebou, reeds by die apostoliese vaders, die oud-Christelike kerk en die hervormers soos Luther, Bucer en Calvyn voorkom. Die vak Gemeentebou het sy oorsprong in die periode 1870 tot 1930 in die werke van die Duitse teoloë soos J.H. Wichern en B Gutmann. Te Velde (1992:18, vgl. Nel 1994:9) noem dat gemeente-opbou in die moderne geskiedenis sy ontstaan in die

Grote Duitse Volkskerk het. Die lidmaatregisters in die groot stede het duisende aangedui, terwyl slegs 'n klein persentasie getroue kerkgangers was. Teen die einde van die vorige eeu (1890) het mense na nuwe moontlikhede begin soek om randlidmate meer aktief by die kerk in te skakel. Met die oog hierop het predikante in enkele Duitse stede *"Gemeindeaufbau"* begin doen.

Beukes (1995:809) wys daarop dat gemeentebou aanvanklik onder die name oikodomiek en pastorale kybernetiek bekend gestaan het. Beide hierdie benaminge het mettertyd plek gemaak vir die name *gemeentebou* of *gemeente-opbou* (kyk Herbst 1988:72). Nel (1994:9) kies die term *gemeentebou* op grond van taalkundige en nie soseer teologiese oorwegings nie. Hy noem dat die bedoeling met gemeentebou nie is dat daar niks bestaan, wat dan van vooraf gebou moet word nie. Dit gaan eerder daaroor dat daar meegebou moet word aan die bouwerk waarmee God in elk geval besig is.

Sedert 1982 word die vak Gemeentebou deur feitlik alle erkende Praktiese Teologiese departemente in Nederland, Duitsland, Amerika en Suid-Afrika gedoseer (Beukes 1995:809). In die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het die saak van gemeentebou nog altyd indirek as deel van kerkvisitasie en deurlopende verslaggewing aan meerdere vergaderings bestaan. Dit was veral die Werkgroep Gemeente-opbou en sy rade wat deur die jare met hierdie saak gemoeid was. Beukes (1995:809,811) vermeld ook dat gemeentebou sedert 1985 as deel van die vak Praktiese Teologie aan die Teologiese Fakulteit van die Hervormde Kerk gedoseer is. Op Suid-Afrikaanse bodem is dit veral Malan Nel (1986, 1988, 1994), Jan Bisschoff (1991) en Jurgens Hendriks (1992) wat 'n leidende rol ten opsigte van die fundering, die vestiging en uitbouing van die vak Gemeentebou gespeel het.

Beukes (1995:816-817) meen dat die volgende aspekte in die kerk gemeentebou noodsaaklik maak:

- Groot getalle gemeentes wat net nie meer die mas opkom nie.
- Baie predikante wat die bediening neerlê.
- Die totaal na-binne-gerigtheid van gemeentes wat daarop dui dat die kerk nie werklik besef wat haar roeping in die lig van die Woord is nie. Uit jaarverslae blyk

dit dat gemeentes slegs deur die byvoeging van dooplidmate groei, maar nie deur evangelisasie nie.

- Gebrek aan beroepe dwing predikante om feitlik lewenslank in een gemeente te werk. Afgesien van gevolglike stagnasie, kan 'n predikant na 'n aantal jare sonder intensiewe beplanning en doelgerigte bediening, net nie meer die mas opkom nie.
- Kerkleiers funksioneer in gemeentes nie volgens die gawes wat hulle ontvang het nie. In baie gemeentes is dit algemene praktyk dat die sterkste leiers nie in werkgroepe wat met die bediening van die Woord te doen het geplaas word nie, maar by die finansies.
- Pastor-gesentreerde gemeentes is bykans 'n algemene verskynsel.
- Die ampte funksioneer so oorheersend dat daar feitlik nie ruimte vir dienswerk deur die gelowiges is nie.
- Gestolde strukture, die goeie ou dae-sindroom, is aan die orde van die dag en daar word nie met die nuutste teologiese ontwikkeling rekening gehou nie, veral nie op die terrein van die Praktiese Teologie nie.
- Nuwe omstandighede in die land en op plaaslike vlak word doodgewoon geïgnoreer.
- Die stagnante situasie in gemeentes het in baie gevalle daartoe aanleiding gegee dat vernuwing bloot ter wille van vernuwing ingevoer is. In baie gevalle is hierdie ongemotiveerde, planlose vernuwing niks anders as oppervlakkige foefies wat nie standhou nie.

Omdat hierdie studie vanuit 'n gemeentebouperspektief geskied, word daar vervolgens gekyk na 'n teoretiese onderbou vir die vakgebied gemeentebou.

### 2.3.2. Die boumetafoor

'n Metafoor is 'n taalverskynsel waarin een 'ding' gesien word as iets anders, om voor te gee dat hierdie daardie is, omdat ons eintlik nie weet om oor hierdie te praat nie en daarom maak ons van daardie gebruik om oor hierdie te praat (McFague 1983:15; vgl. Van Aarde 1995b:42). 'n Metafoor is 'n poging om na analogie van die bekende iets oor die onbekende te sê. Om die betekenis van die metafoor te verstaan moet dit telkens in konteks verstaan word (Van Aarde:1995b:43). Soos uit ondergenoemde en die beskrywing daarvan in die Ou en Nuwe Testament blyk, is dit duidelik dat die begrip 'bou' oor eeue heen aktueel en universeel gebly het.

As ’n mens in die Bybel soek na die term “gemeentebou”, soek jy tevergeefs. Wat wel na vore kom, is dat dit die Here God is wat sy gemeente wil bou (Bisschoff 1991, Te Velde 1992:10, Nel 1994:7, Beukes 1995:807, Heitink et al 1998:13 ). Bou veronderstel ’n begin, ’n fondament wat God self gelê het waarop daar ook voortgaande arbeid moet plaasvind (Te Velde 1992:11). Die opbou van die liggaam het ten doel om almal wat deel uitmaak van sy liggaam tot die eenheid van geloof en kennis te bring (Du Plessis 1962:78). God is die Subjek van die bouwerksaamhede, die gemeente is van die begin tot die einde die werk van God: “Die gemeente is werk van God, of daar is geen gemeente nie.” (Roberts 1963:31.) Du Plessis (1962:79) meld dat Jesus Christus die Een is na Wie toe die gemeente moet groei, maar tegelyk ook die Een is uit Wie die gemeente haar groeikrag ontvang. Warren (1995:309) praat van die skare erediensgangers wat kerk moet word: *“The crowd must become a church.”* Dit is ’n gebeure wat verloop van ’n gemeenskap wat praat van “daardie Kerk” na ’n skare wat praat van “hierdie Kerk” tot by ’n gemeente wat praat van “ons Kerk”.

In hierdie konteks is die opmerkings van Pieterse (1993:5) belangrik:

> God neem alle inisiatief. In sy genadige en liefdevolle toewending tot die mens het Hy Hom as lewende en sprekende God openbaar. Die hoogtepunt van sy openbaring is die versoeningswerk van Jesus Christus. Ons moet openbaring en Skrif aan mekaar koppel. In die Skrif openbaar God Hom as sprekende God. En die Heilige Gees is die Vertolker van die Skrif. God is vandag onder meer lewend en sprekend teenwoordig deur sy Woord en Gees. Daartoe neem Hy mense in diens. God kom tot mense in hul wêreld in sy Woord deur die intermediêre, die bemiddelende pastorale optrede van mense wat deur die Gees ingeskakel word in sy werk.

#### 2.3.2.1 In die Ou Testament

God is deurgaans die subjek as dit by die opbou van sy geloofsgemeenskap kom (vgl. Hendriks 1992:40; Te Velde 1992:10; Nel 1994:3; Oberholzer 1995: 857, Hoek 1999:13-16, Hancke 2005: 2-19; Heitink 2007:26) Die stam van die werkwoord *om te bou* (*banâ*) kom ongeveer 350 (vgl. Hendriks 2008:386) kere in ’n verskeidenheid van vorme in die Ou Testament voor, byvoorbeeld in Jeremia 24:6-7 waar daar staan: “Ek sal hulle opbou

(*banâ*), nie afbreek (*haras*) nie" (Hendriks 1992:40, Nel 1994:2). Dit is God wat as die Verbondsgod in die geskiedenis optree en dit 'n heilsgeskiedenis maak. Dit is die Here wat bou, maak, oprig, tot stand bring en regmaak. Dit kan selfs beteken om te skep (Nel 1994:2). Verskeie tekste dui op God wat as die subjek te werk gaan: Amos 9:11; Jesaja 65:21; Jesaja 66:1-2; Jeremia; Sagaria en andere.

God as subjek het wat sy bouwerk betref egter ook 'n objek, naamlik sy verbondsvolk. Opbou is die werk van God, Hy beloof dit en Hy doen dit self, ook wanneer Hy sy opbouwerk deur die diens van mense uitvoer (Nel 1994:3). Dit geskied egter nie ongekwalifiseerd nie. As die volk ongehoorsaam is, dan bou Hy hulle nie op nie maar breek hulle af. Oberholzer (1995:855) noem dat die kerk 'n ryke erfenis het waarin die mens voor God die gestalte het van die ongehoorsame mens in die paradys, die verbanne moordenaar, die begenadigde Noag, die geroepe Abram, die verbondsgenote Abraham, Isak en Jakob, die gevolmagtigde Moses, die uit-slawerny-verloste, wat verbondsgenoot en verbondsbreker is, die profete, priesters en konings, die skrywers en digters, die sangers en wyses, die verworpe en begenadigde Godsvolk wat in skamele reste 'n nuwe begin probeer maak.

Die begrip *banâ* (Kittel 1990) word in sy verbondskonteks gebruik, waarin dit duidelik is dat God bepaalde eise aan sy volk stel. Dit is ook duidelik dat God meer as net die volk se eie opbou ten doel het (Hendriks 1992:42; Nel 1994:4). Hy het ook 'n missionêre perspektief in gedagte. Die oprigting en heropbou van die land sluit doelbewus die heidene in: "... wat die betrekking aangaan tussen die heidene en Jahwe – deur Sy magtige dade met Sy volk wat sigbaar word in die heropbou van die verwoeste land, sal ook die heidene tot die besef kom van Sy heilsame werk met Sy volk en sal Sy Naam geheilig word" (Roberts 1963:26). Heidene wat hulle tot Jahwe bekeer, word ingebou in die volk van God. Dit gaan ten diepste nie net om die volk van God nie, maar om die eer van God: "Sodat al die ander mense die Here kan soek, ja, al die heidennasies wat Ek geroep het om my eiendom te wees, sê die Here wat hierdie dinge doen (Vertaling van die Septuagint in Hand 15:17 van Amos 9:12 en Jer 33:9). Wesenlik verwys die boubegrip in die Ou Testament na die aktiwiteit waardeur die wêreld volgens die wil van God herstel of herskep word. Wanneer Israel nie hieraan meewerk nie, word hulle afgebreek en uitgeruk (Nel 1994:4).

Brueggemann (1997:724) wys daarop dat God wat homself openbaar het, ten diepste besorg is oor die morele en praktiese wêreld. Sending is om begaan te wees oor die situasie waarin mense hulself bevind. Guder (2000:30-31) praat van die goeie nuus in die geskiedenis en belewenis van Israel en sê dat dit altyd in die realiteit van God se liefde gesentreer was - God het altyd uit liefde opgetree. Sy begeerte was dat al die nasies hierdie seëninge sou ontvang. *"... and to make that happen, Israel and his seeds will be blessed."* God se sendelingvolk moet reageer op hierdie liefde en magtige dade deur dit uit te dra aan ander, iets wat hulle nie altyd geredelik gedoen het nie. Die inhoud van die Ou Testamentiese sendingopdrag kan in drie stappe geïllustreer word (Hancke 2005:43-44):

- God openbaar sy plan om die nasies deur Abraham en sy nageslag te seën.
- God lig die sluier oor die rede vir sy besondere bemoeienis met Israel as verbondsvolk. Hy gebruik hulle as priesters en agente om sy seën na nasies te dra.
- Hy gee inhoud aan sy plan. God gee sy seën sodat sy Naam daardeur bekend mag word en sodat Hy eer kan ontvang.

Hancke (2005:44-47) bespreek die verskillende karakters wat sending in die Ou Testament inneem:

- <u>Die sentripetale karakter</u>

  Hierdie karakter veronderstel dat mense na Israel aangetrek moes word omdat die kragtige teenwoordigheid en dade van die Here daar manifesteer. Die tekste wat hierdie karakter ondersteun is Psalm 67: "... sodat sy dade oor die wêreld heen bekend mag word, sy reddende krag onder alle nasies." Die sendingstrategie kom ook in 1 Kronieke 16:7, waar Dawid se lied opgeteken is, kom na vore: "Maak aan die nasies bekend wat Hy gedoen het. Sing liedere tot sy eer, vertel van sy magtige dade. Sing tot eer van die Here, almal op aarde! Verkondig elke dag sy reddingsdade! Vertel die nasies van sy mag, al die volke van sy magtige dade." Ook in Deuteronomium word hierna verwys as Moses aan die woord is: "Kyk, ek het julle die voorskrifte en die bepalings geleer soos die Here my God beveel het. Julle moet daarvolgens lewe wanneer julle in die land kom en dit in besit neem. Gehoorsaam die voorskrifte en lewe daarvolgens, want daaraan sal die ander volke sien dat julle

wysheid en insig het. Hulle sal van al hierdie voorskrifte hoor en sê: 'Net hierdie groot nasie het wysheid en insig'. Watter groot nasie se god is so by hom soos die Here by ons is elke keer as ons tot Hom bid? Watter groot nasie se voorskrifte en bepalings is so billik as hierdie wet wat ek vandag vir julle gee?" (Deut 4:5-8). DeClaissé-Walford (2008:70) gebruik ook die term "sentripetaal" as hy na die Christendom se na-binnegerigte, self-gesentreerde fokus verwys wat deur tradisie ondersteun is.

- Die modelleringskarakter

Sending vertoon in die Ou Testament, soos vandag, 'n sterk inhoud van modellering. Die voorbeeld van gelowiges moet so kragtig aantrek, dat dit ongelowiges beïnvloed om gelowiges na te volg. Die voorbeeld van die heidense koningin van Skeba se besoek aan Salomo kan as voorbeeld dien. Hiskia is in besonder gebruik om voor die heidene te getuig. God se volk het ook mense soos Ragab, Jetro en Rut beïnvloed om deel van sy volk te word.

- Die sentrifugale karakter

Daar is ook duidelike voorbeelde van die stuur-aspek. Jesaja 6:8 is 'n goeie voorbeeld van hierdie middelpuntvlietende karakter van sending, so ook die opdrag aan Jona. Die vraag ontstaan of Israel altyd van hulle opdrag bewus was. Het hulle begryp dat God se bemoeienis en betrokkenheid verder as net hulself strek? Dit wil eerder lyk of Israel God se universele bedoeling met hulle verkiesing miskyk. Profete soos Jesaja, Jeremia, Amos, Miga en Sagaria wys daarop, maar Israel val grootliks in 'n egosentriese selfvoldaanheid vas. DeClaissé-Walford (2008:70) se gebruik van die term gee weer hoop as hy na die post-Christendom-gemeente as sentrifugaal verwys omdat daar 'n fokus op die gemeenskap is wat aangedryf word deur die werk van die Heilige Gees. Hancke (2005:49) vat dit soos volg saam:

> *Israel does not exist for herself. She has a mission, and that mission is to be God's witness and elected servant. She exists to fulfil his purposes and to do his will… Through her witness and service Israel will come to know that Yahweh is God of all the nations. That God is God and the only God, this is Israel's witness, her mission as servant, and the meaning of her election.*

Naas die missionêre in die Ou Testament, is daar ook 'n toekomsgerigtheid (Nel 1994:3). Die beeld dui dikwels op die belofte van terugkeer uit die ballingskap. Dan gaan dit veral oor die heil wat God aan die volk beloof het en ook die nuwe verbond wat Hy met hulle sluit. Hierdie verbond slaan terug op die Mosaïese verbond en sy fundamentele beginsels wat op die berg Sinaï gesluit is. Die verbond het 'n deurslaggewende rol in Israel se herhaalde weerstand teen onderdrukkende regeerders gespeel – ook om telkens sosiale verhoudinge te herstel (Horsley 2006:1219).

#### 2.3.2.2 In die Nuwe Testament

Jesus se koms na die aarde lui die beloofde nuwe tyd in. Na sy dood en opstanding word die aandag gerig op 'n heiligdom in die hemel wat nie met hande gemaak is nie, en waar Jesus as Koning en Hoëpriester ingegaan het. Daarvandaan werk Hy aan die koms van die nuwe Jerusalem. Op aarde neem hierdie werk die gestalte aan van werk aan die gemeente as bouwerk – Nuwe Jerusalem-bou deur gemeente-bou. Hierdie bouwerk is 'n eeue lange proses omdat die Heilige Gees nie op Pinksterdag 'n kerk kant en klaar in hierdie wêreld neergesit het nie (Te Velde 1992:12). Hoek (1999:14, vgl. Steyne 1992:261 Hancke 2005:51; Heitink 2007:27) stel dit so: *"Die kerk is werk in uitvoering, gemeente in aanbouw. Deze aanbouw en opbouw is ten diepste geen mensenwerk, maar Christus' werk in uitvoering."*

In die Nuwe Testament (Aland et al:1975) word *banâ* met *oikodomein* (om te bou) vertaal (Hendriks 1992:55, Te Velde 1992: 13, Nel 1994:4). Die opbou is die werk van God – Hy is die opperste Bouheer (Te Velde 1992:23). Hier is ook sterk sprake van 'n messiaanse konsep omdat die Messias die nuwe tempel en nuwe gemeenskap bou (Nel 1994:4, Te Velde 1992:12). God bou vir Homself 'n gemeente onder wie Hy woon en deur wie Hy werk. Natuurlik is Jesus Christus dan die konstituerende krag deur wie hierdie bouwerk plaasvind. Volgens Roberts (1963:162; vgl. Hendriks 1992:56-60, Nel 1994:4) word die gemeente as objek van die opbou beskryf as die liggaam van Christus. Hy is die een deur Wie die nuwe tempel van God opgebou word (vgl. Joh 2:19; Matt 16:18). Terselfdertyd is Hy ook die een wat self sy gemeente bou. Dit gaan derhalwe hier uitdruklik om selfopbou: die diens van die ganse gemeente is gerig op die opbou van die gemeente, naamlik die liggaam van Christus.

Volgens Handelinge 15:16 is dit God wat die heropbouwerk doen. Hy het die vervalle huis van Dawid herstel. Uit die boek Handelinge word dit duidelik dat die objek van die opbouwerk die een kerk van Jesus Christus is wat saamgestel is uit gelowiges uit die Jodendom asook gelowiges uit die heidendom. Die bouwerk het kwantitatiewe groei (sending) en kwalitatiewe groei (geestelike volwassenheid) ten doel. Dit geskied volgens God se raadsbesluit en die ampsdraers se bediening speel 'n belangrike rol hierin, want opbou voorkom dwaalleer (Hendriks 1992:60-64).

Uit Handelinge kan 'n mens 'n aantal algemene vereistes vir bouwerk aflei. In die **eerste** plek is vrede gewens vir gemeentebou. Toe Saulus nie meer 'n bedreiging vir die kerk was nie en daar vrede gekom het, kon die Heilige Gees dit opbou om geestelik, sowel as in getalle te groei (vgl. Neil 1973: 135). Die **tweede** vereiste is gehoorsaamheid, soos onder andere blyk uit Handelinge 9:31: "In die hele Judea, Galilea en Samaria het die kerk 'n tyd van rus en vrede belewe. Dit het gevestig geraak en in gehoorsaamheid aan die Here gelewe. Die kerk is deur die Heilige Gees versterk, en die ledetal het toegeneem." Joubert (1999:1397) noem dat gelowiges hulle nou daarop kon toespits om hulle geloof te bou, groter eerbied vir die Here te hê deur sy wil uit te voer en die evangelie verder onder leiding van die Heilige Gees uit te dra. **Derdens** is kennis 'n vereiste vir sinvolle gemeentebou. In Handelinge 20:31-32 is Paulus se beklemtoning van woord-onderrig en kennis wesenlik vir geestelike opbou (Hendriks 1992:64-65).

Paulus is die Nuwe Testamentiese skrywer wat die begrip "opbou" die meeste gebruik. Sy briewe is deurweef met die waarheid dat die gemeente homself moet opbou (vgl. Roberts 1963:30). By Paulus word sterk klem gelê op die Trinitariese aard van die bouwerk (Roberts 1963: 114-116). God is die een wat bou en die gemeente is die akker van God, die gebou van God, die tempel van God (Nel 1994:4-5). Wat die ampte betref, is dit duidelik dat hulle sekondêr by die regeer- en bouwerk betrokke is – Christus is primêr betrokke. Die ampte is 'n genadegawe aan die kerk wat die opbou van die hele liggaam ten doel het.

Brueggemann (1993:141) beskryf die taak van sending as 'n *"Evangelical conversation of how our life, our bodies, and our imagination can be weaned from the deathliness of the world to the newness of life in the Gospel. That conversation is difficult and unfinished. It is a conversation that promises our life shall come together in wonder, love*

*and praise. What news!"* Vir Paulus is sy siening oor sending die logiese gevolg van sy ontmoeting met Jesus, daarom is sy missionêre betrokkenheid meer as net gehoorsaamheid (Hancke 2005:51). Die heidene moet ook deel word van die volk van God.

Hendriks (1992:71,72) verwys na hierdie opbou van die kerk as inwendig en uitwendig - inwendig/kwalitatief of ook uitwendig/kwantitatief. Te Velde (1992:15-16) gebruik die terme intern (intensief) en ekstern (ekstensief) Die twee aspekte kan nie van mekaar losgemaak word nie. Die een geskied as't ware in sy verhouding met die ander. As die een stol, sal die ander een ook kwyn. Die Heidelbergse Kategismus (Diensboek 1997:161), Sondag 48, vraag en antwoord 123 handel oor die tweede bede: "Laat u koninkryk kom." In antwoord op die betekenismoontlikheid lui antwoord (b): "Bewaar u kerk en laat dit groei."

**2.3.2.3 Afgeleide beginsels uit die Skrif.**

Getz (2003:39-41) gee vier riglyne ten einde "*supracultural principles*" uit die Skrif af te lei:

- Om Bybelse riglyne oor 'n spesifieke onderwerp te formuleer, moet 'n mens na die hele Skrif (*totality of Scripture*) kyk.
- Wanneer mens 'n spesifieke onderwerp in die Skrif bestudeer, moet die ontvouing van God se openbaarmaking gevolg word.
- 'n Mens moet seker wees dat jy die Skrif akkuraat interpreteer.
- 'n Mens moet algemene observasies maak wat jou spesifieke ontdekkings saamvat.

Die volgende kan as sleutelbeginsels afgelei word:

- Gemeentebou is die soewereine God aan die werk, Hy is deurgaans die Subjek (vgl. Roberts 1963:24; Te Velde 1992:13, Hendriks 1992:40, Nel 1994:4,15, Beukes 1995:807, Heitink et al 1998:13, Hoek 1999:14, Van der Merwe & Vos 2002: 371, Schwarz 2005:46-48; Heitink 2007:25-28).
- Die vorming van 'n besielde gemeenskap van dissipels van Jesus Christus (Nel 1994:8, sien ook Du Plessis 1962:79; Hendriks 1990:15, Te Velde 1992:56, Hoek 1999:17-18, Schwarz 2005:110).

- Binne hierdie gemeenskap wend gelowiges gesamentlik en afsonderlik hulle gawes tot nut en saligheid van mekaar aan (Nel 1994:9, sien ook Hendriks 1990: 130, Hendriks 1992:69,86, Te Velde 1992:65-73, Hoek 1999:75, Van der Merwe & Vos 2002: 386, Schwarz 2005: 108/9).
- Om as opgeleide mense, God só bekend te maak dat die wêreld Hom deur Jesus Christus en deur die werk van die Heilige Gees leer ken, sodat
- hulle in die gebou van God, sy kerk, ingebou (bygebou) word (Nel 1994:9, vgl. Hendriks 1992:64,71,78,85, Hoek 1999:62-74, Schwarz: 2005: 118/9).

Na aanleiding van wat tot dusver oor die rol van die Skrif gesê is, is 'n vermaning oor die rol daarvan in gemeentebou tog nodig. Nel (1994:117) noem dat dit maklik is vir oorywerige vernuwers in die gemeente om bepaalde revolusionêre veranderinge in die bestaande gemeentemodel as 'n opdrag van Christus deur die aanhaling van tekste te bewys. Te Velde (1992:87) kan hiermee saam gelees word:

> *De Schrift is geen naslagboek voor allerlei werkmethodes in die gemeentebouw, net zo min als je er methodische aanwijzingen in krijgt voor preken of catechiseren. Maar we vinden wel de schriftbeginselen waaraan de gemeente in haar functionering en opbouwwerk moet voldoen. We leren daaruit Gods wil verstaan, die voor ons bindend is. Op de bijbelse principes en voorschriften moeten we ons steeds oriënteren.*

### 2.3.3 Basiese uitgangspunte oor gemeentebou

#### 2.3.3.1 'n Proses van transformasie

Baie gemeentes is vasgevang in wat Getz (1984:40) "*fixity"* noem - die vashou aan 'n bepaalde vorm of "bunker mania" soos Sweet (1999:20) daarna verwys. Stagnasie kan 'n gemeente in sy doel laat faal en dit is sonde. Dit is 'n tragedie dat so min Christene vandag betrokke is by enige diens aan Christus of enigsins by sy kerk betrokke is. Nel (1994:15) noem in sy werk dat enige vorm van gemeenteverval fataal en niks anders as sonde is nie. Dit blyk dat daar wêreldwyd 'n afname in betrokkenheid by die kerk is. Dit word 'n dringende saak soos Nel (1994:17) dit stel: "wanneer 'n gemeente sy betrokkenheid op God en by God en God se wêreld verloor."

Wim Dreyer (2007:20), sekretaris vir Apostolaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, merk op dat tradisionele en gevestigde kerke nie daarin slaag om jongmense wat kerklos geraak het, weer te evangeliseer en sinvol by bestaande gemeentes op te neem nie. Hy meen die antwoord is waarskynlik te vind in die omvorming van ou, gevestigde gemeentes in gemeentes wat 'n missionale lewenstyl ontwikkel. Met Dreyer se opmerking in gedagte, kan gesê word: Die wese van die reformatoriese kerk behoort daarom te wees om voortdurend te reformeer. Wat die Hervormde Kerk betref, kan *Hervormd* deel van die naam wees, maar dit mag nooit die wese van die Kerk uitspel nie. Warren (1995:77) haal Ralph Neighbour aan wat sê: *"The seven last words of the church are, We've never done it that way before."* God roep sy gemeente op tot verantwoorde vernuwing. Malphurs (2004:295/6) sluit hierby aan en wys op die paretobeginsel (20-80 beginsel; sien weer verwysing hierna by paragraaf 2.1.4, p 39) waarvolgens die algemene opvatting is dat 20% van die gemeente aktief by bedieninge betrokke is, terwyl 80% onaktief is. Hy noem dat die verhouding volgens George Gallup eerder 10-90 is – met verwysing na die 90% is die werkloses, die "*sitters and soakers*" wat nie hulle gawes terugploeg in God se koninkryk nie. Van die 90% is 50% nie bereid om by enige bediening betrokke te raak nie, terwyl 40% graag sou wou, maar hulle verweer is dat hulle nie gevra word of opgelei is nie. Hy verwys na die boek van Hendriks (1972:113-114) waarin die volgende analogie tussen kerk, fiksheid en 'n sokkerwedstryd getref word:

> *Bud Wilkinson, former football coach at the University of Oklahoma, was in Dallas for a series of lectures on physical fitness. A TV reporter interviewed him about the President's physical fitness program and asked: "Mr. Wilkinson, what would you say is the contribution of modern football to physical fitness?" The reporter expected a lengthy speech. As if he had been waiting 30 years for this question, he said, "Absolutely nothing." The young reporter stared and squirmed and finally stuttered, "Would you care to elaborate on that?" Wilkinson said, "Certainly. I define football as 22 men on the field who desperately need rest and 50,000 people in the stands who desperately need exercise." I thought to myself: What a definition of a church! A few compulsively active people run around the field while the mass of the people rest in the stands. But not according to the Word of God!*

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar in die gemeente 'n spanning tussen die betrokkenes en die onbetrokkenes is. Dit vra na vernuwende denke. In terme van die Bybel, gebruik Te Velde (1992:36-38) twee terme as teenpole, naamlik bewaring en vernuwing en wys daarop dat beide in die Heilige Skrif aan die werk is. In terme van bewaring haal hy uit die volgende Skrifdele aan: 1 Tim 6:20, 2 Tim 3:14 en 1 Kor 11:2. By vernuwing haal hy Matt 5:21, Rom 12:2 en Hand 6:14 aan. Beide elemente kom in die Skrif na vore: die vashou aan die bestaande en die soeke na die nuwe. By die nuwe word daar nie altyd 'n breuk met die oue veronderstel nie, maar aan die goeie oue word vasgehou en mee voortgegaan op 'n meer intense manier.

Vernuwing in gemeentebou word na twee kante toe afgebaken (Nel 1994:19, Te Velde 1992:13-14): Enersyds is gemeentebou 'n proses wat vernuwing en groei insluit. Dit is nie maar net mensewerk nie, dit is primêr God se werk waarmee Hy volgens sy geopenbaarde wil reeds en steeds besig is. God gebruik mense in sy diens om hierdie werk te doen en daarom is dit nodig dat hierdie werk in biddende afhanklikheid gedoen moet word. Daarom kan gesê word dat gemeentebou 'n gebedsbediening in diepe afhanklikheid van God is. Andersyds mag niemand die status quo verabsoluteer nie - juis omdat daar geredeneer word dat dit God is wat besig is om sy gemeente te bou. Toegesegde status, naamlik dit wat die gemeente reeds in Christus is (indikatief), roep juis tot verantwoorde vernuwing (imperatief). Warren (1995: 13, kyk ook Sweet 1999:16) verduidelik die rol van God en mens aan die hand van 'n beeld oor branderplankry. Die mens kan nie die brander (golf) skep nie, slegs God kan. Tog kan 'n mens nie branders ry, as jy nie in die water is en gereed is om op die regte oomblik, met al die vaardighede tot jou beskikking, tot die daad van branderplank ry oor te gaan nie (Warren 1995:13-14).

> *Surfing is the art of riding waves that God builds. A lot of books and conferences on church growth fall into the "How to build a wave" category. They try to manufacture the wave of God's Spirit, using gimmicks, programs, or marketing techniques to create growth. But growth cannot be produced by man! Only God makes the church grow. Only God can breathe new life into a valley of dry bones. Only God can create waves – waves of revival, waves of growth, and waves of spiritual receptivity.*

Die gemeente soos die Bybel dit definieer, staan bekend as die gedefinieerde subjek (Nel 1994:12, 1995:860). Ook Jan Hendriks (1990) verwys op baie plekke in sy boek, *Een vitale en aantrekkelijke gemeente*, na die lidmaat as subjek. Heitink (1998:19-28) stel ondersoek in na die agtergrond van die begrip subjek en koppel die moderne verstaan daarvan aan die sewentiende eeuse denkrigting, byname dié van René Descartes (1596-1650) met sy bekende *cogito, ergo sum*, wat die geboorte van die subjek genoem kan word. Die skeiding van subjek en objek gaan hiermee gepaard: die rasionele, analiserende, reflekterende subjek word sentraal teenoor die omringende wêreld geplaas. Die sentrale plek wat die kennende en handelende subjek inneem, vorm die grondmotief in die hele beweging van die Verligting.

As daar gepraat word van die gemeente as gedefinieerde subjek, is dit soos God bedoel het dat die gemeente moet wees en soos die Bybel die gemeente definieer. Die gemeente op aarde lyk egter dikwels anders en word die empiriese subjek genoem. Tussen die gedefinieerde subjek en die empiriese subjek kan daar op 'n bepaalde tyd en plek 'n groot kloof wees. Vernuwing in gemeentebou gaan oor die vraag oor hoe die empiriese subjek nader kan kom (reformasie), en meer van dit wat dit bedoel is om te wees naamlik, die gedefinieerde subjek, kan word. Die uitdaging lê daarin om die kloof tussen empiriese en gedefinieerde subjek te oorbrug (Nel 1998:12).

Vervolgens word aandag gegee aan die vermanende woorde oor verandering van Black & Gregerson (2008:2): Verandering is nooit maklik nie. "*The inconvenient truth is that it is hard*." Tweedens is dit logies om te wens dat verandering goedkoop gaan wees en nie baie tyd, geld, inspanning, bloed, sweet of trane gaan verg nie – die waarheid is dat die proses van verandering baie inspanning kos. Derdens mag ons bid dat verandering in 'n kits aangebring kan word en dan afgehandel is – die ongemaklike waarheid is dat verandering meestal 'n beduidende hoeveelheid tyd verg om pos te vat.

Samevattend kan gesê word:

- Enige vorm van gemeenteverval is niks anders as sonde nie.
- Slegs sowat 10-20% van lidmate is aktief by bedieninge betrokke, terwyl die res tevrede is om deel te neem in soverre dit die ontvang van heilsmiddele betref.

- Daar is ’n uiters belangrike wisselwerking tussen bewaring en vernuwing. Dit sny na twee kante toe met die vraag wat bewaar moet word en hoekom. Andersyds is daar die vraag: waar en met watter motivering wil vernuwe word.
- Daar moet seker gemaak word dat die regte inhoude weer in die hart van kerkwees teruggeplaas word, dinge soos gebed, eerbied vir die Bybel, geloof in die God van die Bybel, ’n nuwe uitspel van wat sonde werklik is, versoening en bekering.
- Vernuwing vra na meer missionaal-gerigte gemeentes.
- Vernuwing gaan daaroor dat die empiriese subjek gedurig nader gebring moet word aan wat die bedoel is om te wees, naamlik die gedefinieerde subjek.
- Dit is God wat sy gemeente bou en Hy gebruik mense in sy diens.
- Die proses van verandering is moeilik, dit verg baie inspanning en neem dikwels baie tyd.

#### *2.3.3.2 ’n Proses van integrering en koördinering van bedieninge*

Bischoff (1991:47; Van der Merwe & Vos 2002:373) noem dat Schleiermacher gemeentebou as deel van die Kubernetiek beskou het. Harnack het die gebruik gevolg, maar het die term veral gebruik as dit by die toepassing van die kerkreg kom. Kuyper het dieselfde gedoen met spesifieke toepassing op die uitoefening van die tug. Kubernetiek het later die betekenis van die praktiese inkleding van die ampte gekry. Gemeentebou is meer as die kerkreg, poimeniek, evangelistiek, gemeentebeplanning en -administrasie (Bischoff 1991:47). In die vak gemeentebou vind teologiese besinning plaas oor hoe gemeentestrukture, werksvorme en prosesse optimaal diensbaar gemaak kan word aan die interne en eksterne, die horisontale en vertikale funksionering van die kerk, tot eer van God, tot opbou van die gemeente en tot diens aan die wêreld (Beukes 1995:809).

Nel (1994:10) wys ook op die gevaar om alles wat die opbou van die gemeente dien, gemeentebou te noem. Dit is vanselfsprekend dat prediking die opbou van die gemeente dien, terwyl daar nie sonder meer gesê kan word dat prediking aan gemeentebou gelyk is nie. Soms gebeur dit dat daar by die gebrek aan of swak funksionering van ’n bepaalde bediening gedink word dat die regstel daarvan die probleem sal oplos. Die totale bediening is diensbaar aan die opbou van die gemeente, maar gemeentebou is nie maar net die somtotaal van alles wat in belang van die opbou van die gemeente gebeur nie. Nel (1994:10; 1998:30) beklemtoon dat dit nie

noodwendig is dat prediking + erediens + pastorale sorg + getuienis na buite + kategese + jeugbediening + koinonia + dienslewering = gemeentebou is nie. Gemeentebou kan nie sonder een van hierdie bedieninge slaag nie, maar dit is tog meer as die somtotaal daarvan. Die vraag word tereg gevra dat as gemeentebou net die somtotaal van bedieninge is, waarom is daar dan nie meer opgeboude gemeentes nie. Dit is net so misleidend om van gemeentebou ’n aftreksom te maak. In hierdie geval word die minder wesenlike afgetrek en dit wat oorbly, word bymekaar gemaak om gemeentebou te verkry (Nel 1994:10). Gemeentebou is ook nie ’n deelsom waar jy alles deur een bepaalde bediening, soos byvoorbeeld koinonia, deel nie. Koinonia is dan die enigste bediening waaraan toegespitste aandag gegee word. Gemeentebou is eerder ’n vermenigvuldigingskonsep waarin integrering en koördinering in belang van die geheel plaasvind.

Schwartz (1996:54) gebruik die voorbeeld van die vier minerale wat nodig is vir plante om te groei, naamlik stikstof, kalk, potas (kaliumkarbonaat) en fosforsuur. Wanneer al vier hierdie minerale in genoegsame hoeveelhede in die grond teenwoordig is, vind groei outomaties plaas. Groei word vertraag wanneer een van hierdie minerale in die grond uitgeput raak. Wanneer fosfor byvoorbeeld ontbreek, help dit nie om die ander drie minerale in oormaat toe te dien nie. Oormatige toediening van bepaalde minerale kan tot vergiftiging van die grond lei. Die oplossing lê daarin om die mineraal waaraan daar ’n tekort is, aan te vul.

Die probleem ontstaan wanneer een mineraal uitgesonder word as ’n wondermiddel. Een boer (pastor) behaal goeie resultate deur fosfor in die grond aan te vul omdat daar ’n tekort was. ’n Volgende boer (pastor) sien die resultate en wil ook fosfor toedien omdat dit so goed by die eerste boer gewerk het. Fosforaanvulling word dan as die kuur van alle probleme voorgehou. Dit onderstreep die waarskuwing wat Nel (1994:10) die deelsombenadering noem. Wat die een pastor se oplossing vir ’n probleem is, kan juis teenproduktief in ’n volgende gemeente werk.

#### *2.3.3.3 Gemeentebou is ’n langtermynbediening*

Gemeentebou is ’n prosesmatige bediening wat gerig is op die voortdurende vernuwing van die gemeente (Nel 1994:12). Uiteraard verloop hierdie proses oor ’n lang termyn en is dit nie iets wat ooit afgehandel word nie. Dit onderstreep net weer eens die

belangrikheid van ’n lang verbintenis wat ’n pastor met ’n gemeente behoort te hê (vgl. Gibbs 1993:146 en Warren 1995:31). Volgens Stevens en Collins (1993:7) is nie net ’n lang verbintenis nodig nie, maar dit is ook nodig om deel van die gemeente te word. Hulle bepleit ’n sisteembenadering en nie net bloot ’n rolvervulling nie: “*It is not a question of roles; it’s a matter of the heart.”* ’n Pastor kan ’n gemeente net beïnvloed as hy/sy volledig deel raak van die gemeente. Die deel-raak-van ’n gemeente en die vernuwing wat daaruit kan voortspruit, is iets wat baie jare duur.

Van der Merwe (2005:5) noem enkele voorbeelde van langtermynbediening en stel dit soos volg:

- Langtermynbediening (voortaan afgekort as LTB) kan die ontwikkeling van goeie verhoudings verbeter. Daar is die potensiaal om die lidmate en personeel goed te leer ken, saam met hulle te kan lag en huil. Daar ontwikkel diepgaande wedersydse respek en waardering, ’n ruimte van vertroue vir kommunikasie en om gehoor te kan word, asook ’n geborge werksomgewing.
- LTB kan verdieping in pastoraat en prediking bring. ’n LTB kan vir ’n leraar ’n besondere diepte in bediening meebring. Die prediking het die potensiaal om ’n sterk persoonlike en relasionele karakter te verkry. Wat die pastoraat betref, hou dit die geleentheid in om ’n verdiepte koinonia met lidmate te vestig.
- LTB kan geborgenheid vir leraar en gemeente bring. ’n LTB hou die potensiaal in dat ’n leraar en sy/haar gesin die geborgenheid van die gemeente ervaar. Hiermee saam kan ook die aanvaarding van die leraar se persoon en menslikheid kom.
- LTB kan ook doelgerigte bediening bevorder. Dit hou goeie moontlikhede in vir langtermynbeplanning, bedieningsontwikkeling, doelmatige werk en die bereiking van doelwitte.
- LTB bied geleentheid vir ’n bediening met persoonlike karakter. Dit het die potensiaal vir wedersydse aanvaarding tussen predikant en gemeente, ’n geleentheid om vrede te maak met eie potensiaal en tekortkominge, die vryheid om lewe en bediening na die eise van omstandighede in te rig en om met mislukkings saam te leef.
- LTB bied die geleentheid vir die predikant om werklik deel van die gemeenskap te word deur in die wel en weë van mense te deel, vriende te maak met mense wat nie deel van die gemeente is nie en om bande te bou met kollegas in ander kerke.

Van der Merwe (2005:5) noem ook verskeie nadele van langtermynbediening soos vasgelooptheid, verhoogde werkslading, 'n beheptheid met finansies, ongemotiveerdheid, emosionele verwaarlosing en ander sake. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar liefs op die positiewe gefokus. Predikante in die VSA wat vir baie jare in een gemeente gewerk het en wat ook bekend is vanweë verskeie publikasies, is byvoorbeeld Robert Schuller, Rick Warren en Bill Hybels.

#### *2.3.3.4 Gemeentebou is in afhanklikheid van God*

Wanneer met die gemeente van Jesus Christus besig is, kan mens nie anders as om te besef dat jy met God se gemeente besig is nie. Jesus Christus het sy kerk, sy gemeente met sy bloed gekoop en die duur prys daarvoor betaal (Hand 20:28). God is met sy gemeente besig en Hy het sy gemeente liewer as wat ons dit ooit kan hê. Armstrong (1979:76) demonstreer hierdie waarheid verder deur te wys hoe God selfs diegene voorberei wat nog nie deel van die gemeente is nie: *"Before we ring a doorbell, God has already been there ..."* God is ook met sy gemeente-in-aantog besig.

Dit is daarom ondenkbaar dat 'n pastor en enige gemeenteboukommissie gemeentebou in eie krag kan aanpak. Nel (1994:126; 1998:35) stel dit baie duidelik deur te sê dat daar in hierdie bediening oomblik vir oomblik gewerk word in die wete dat gemeentewees die werk van die Vader, Seun en Heilige Gees is, want in die werk van die Drie-enige God vind die kerk sy oorsprong en onuitputlike bron van lewe. Hy noem dat daar in hierdie verband tereg van Trinitariese gemeentebou gepraat kan word.

Shawchuck en Heuser (1993:31) noem dat Jesus alle religieuse leiers geroep het tot *"childlikeness that they may learn to allow God to carry them through places, to teach them the lessons they need to learn..."* Daarmee saam moet die waarde van gebed in die hele gemeentebouproses nie onderskat word nie. Callahan (1987:101) noem dat gebed uiters belangrik is in hierdie hele proses en dat die hele gemeente opgeroep moet word om te bid oor hierdie aangeleentheid. Spesifieke groepe kan ook getaak word om te bid. Soos Callahan dit stel: *"The practise of praying should really be a standard way of life in a local church."*

#### *2.3.3.5 ’n Proses van identiteitsopleiding*

Motivering is ten diepste ’n begeleiding tot ’n identiteitsbewussyn (Nel 1994:127). Die gemeente moet toenemend gelei word om te verstaan wie hulle werklik in Christus is (Nel 1998:29). Daar moet by die gemeente ’n korporatiewe identiteitsbewussyn geskep word. Hierdie korporatiewe selfbeeld moet as teenvoeter vir ’n indiwiduele identiteitswaarde dien. By die gemeente wat besig is om haar identiteit te vind gaan dit baie keer soos die identiteitsoeke wat by adolessente aangetref word. Dit gaan oor vrae soos: Wie is ek? Wat glo ek? Wat is my verhouding tot ander? Dit is alles wesenlike identiteitsvrae. Nel (1998:29) noem dat hierdie geskenkte selfbeeld en status ontdek word om vanuit die gegewe ‘status’ te leef – dit is gemeente se identiteit wat in Christus te vind is. Die *sola gratia* en *sola fide* van die gemeente se bestaan moet ook ernstig geneem word.

’n Ander dimensie wat ter sprake kom, is die andersheid van die gemeente omdat sy in Christus is. Omdat gemeentes in Christus is, deur Hom aan die Vader behoort en die Gees in hulle woon, kan hulle al hoe meer word, wees en doen wat God in en deur hulle wil doen (Nel 1994:128). Dit gaan hier oor die kwessie van heiliging en dit kan nuttig wees om die saak stap vir stap deur te werk. Wat beteken dit byvoorbeeld as Hebreërs 3:1 van ons praat as “geroepe heiliges” (ou vertaling). Dit gaan hier ten diepste oor die meer en meer word van dit wat *ons reeds is.* Dit bring onmiddellik die saak van gehoorsaamheid na vore. Identiteitsvinding vra na *hoor* en *ge-hoor-saam* wees (Nel 1994:129). Dit is deel van gemeentes se identiteit dat hulle deur die Gees afgesonder is om aan God gehoorsaam te wees. Die gemeente is tot gehoorsaamheid verkies.

Warren (1995) maak in sy boek *The Purpose-Driven Church* baie daarvan dat elke gemeente sy bestaansdoel moet ontdek. ’n Duidelik-omlynde bestaansdoel verseker dat daar op die regte dinge gefokus kan word. Lig wat deur ’n vergrootglas gekonsentreer word, kan ’n vuur aan die brand steek, terwyl dit nie gebeur as die lig nie gefokus is nie. Hy verduidelik in vier stappe hoe om ’n gemeente te help fokus (Warren 1995: 96-100):

- Bestudeer wat die Bybel oor die bestaansdoel van die kerk leer. Moedig gemeentes aan om saam Bybelstudie oor bepaalde Skrifgedeeltes te doen. ’n Teksgedeelte kan as huiswerk vir die week gegee word, terwyl die volgende

Sondag daaroor gepreek word. Sodoende kan meer mense by die soeke na 'n bestaansdoel betrek word.

- Soek antwoorde vir veral vier vrae: Hoekom bestaan die kerk? Wie en wat is ons as kerk? Wat moet ons as kerk in die wêreld doen? Hoe moet ons dit doen?
- Stel jou bevindinge op skrif. Dit gaan hier net oor die inwin van informasie. In hierdie stadium gaan dit nog nie oor die formulering van 'n bestaansdoel nie. Al hierdie geskrewe werk kan dan getik en as 'n dokument saamgebind word.
- Vat al die bevindinge in een sin saam. Begin deur dieselfde konsepte onder opskrifte te plaas, byvoorbeeld evangelisasie, koinonia, dienslewering, ensovoorts. Die volgende stap is om al die hooftemas in 'n enkele paragraaf saam te vat. Die kern van die paragraaf word dan in een sin saamgevat.

Die groot waarde van so 'n werkswyse is dat 'n groter deel van die gemeente by die soeke na 'n bestaansdoel betrokke is. In die proses leer die gemeente gaandeweg haar identiteit ken en is die prediking meer van waarde omdat die gemeente 'n bepaalde teks kon voorberei. Daarby word koinonia ook bevorder, veral waar besprekingsgroepe na die erediens kan plaasvind (Nel 1994:141; kyk Cilliers 1996:131 vir vraelys).

### 2.3.4 'n Definisie van gemeentebou

Hendriks (2008:394) noem dat *gemeenteopbouw* talle definisies het, maar meen dat die definisie van Firet (1986:590) algemeen aanvaarbaar is:

- *De theologische theorie omtrent het op gang brengen en begeleiden van processen die gericht zijn op het functionering van de gemeente*
- *In een bepaalde situasie*
- *Overeenkomstig haar mogelijkheden*
- *En naar haar roeping*
- *En van processen die gericht zijn op die vorming van aan dat functioneren adequate structuren*

Nel (1994:14,216) bied 'n werksformule om gemeentebou mee te beskryf. Hy sê dat dit die bediening is waarbinne die gemeente opgelei en begelei word om:

- Haar eie wese en bestaansdoel te verstaan;
- self, as gemotiveerde gemeente, haar eie funksionering te evalueer, doelwitte

vir haar doelgerigte funksievervulling te formuleer en op beplande wyse te bereik;

- self, soos nodig, op 'n voortgaande basis strukture, wat die heilshandelinge van die drie-enige God in kerk en wêreld dien, vir die gemeentelike funksionering te ontwikkel.

Hendriks (1992:85-86) gee die volgende definisie van gemeentebou. Gemeentebou is die werk van die Drie-enige God.

- Dit is gefundeer in die uitverkiesende genade van die Almagtige God wat Hom heilshistories-verbondsmatig aan die mens openbaar.
- Dit is gebaseer op die kruisversoening en opstandingsoorwinning van Jesus Christus wat, as Hoof van die kerk, sy kerk regeer.
- Dit is handelend aanwesig deur die lewegewende, kragdadige werking van die Heilige Gees.
- Die Drie-enige God bou sy gemeente deur die dienswerk van die gelowiges wat Hy met gawes vir hierdie werk toerus. Die leidinggewende bedienings speel hierin 'n grondliggende rol.
- Die dienswerk van die gelowiges geskied in die konteks van die liefde, koinonia, gehoorsaamheid, kennis, vrede, orde, vreugde, gebed, getuienis, onderrig, die erediens, geregtigheid, dade van barmhartigheid en die voortgaande proses van stryd.

Gemeentebou het die volgende as doel:

- die kwantitatiewe en kwalitatiewe opbou (dit is: geestelike groei tot volwassenheid, die voorkoming van dwaalleer en die betrokke raak by die missio Dei van die *ekklesia*;
- die realisering van die eenheid van die liggaam van Christus;
- die blywende visie op die eskatologiese hoop van die *ekklesia*;
- die daarstelling van die *ekklesia* as 'n voorlopige gestalte van die koninkryk van God;
- die verheerliking van God;
- die bestudering van die teorie en praktyk van die opbou van die gemeente om die ekklesia as liggaam van Christus in sy geheel en in sy dele te laat funksioneer.

Hoewel Goedhart (1984:10) nie ’n definisie as sodanig gee nie, noem hy dat *gemeenteopbouw* daaroor gaan om ’n dienende, vierende, lerende en delende gemeente te word. Hoek (1999) voeg nog twee by naamlik die pastorale en getuigende gemeente.

- Die *dienende* aspek gaan vir hom oor die diakonie, die diens van barmhartigheid en dan nie soseer ’n diens van die diakens se kant af nie, maar vanuit die geledere van die gemeente. Hy praat in hierdie verband van ’n *“algemene diakenskap van die gelowige*” in ’n dienende of diakonale gemeente.
- Dit gaan oor die gemeente wat *vierend* besig is in die erediens. Die gemeente dink aan die heil van God vir die wêreld, verkondig en vier die heil in die liturgie.
- Gelowig wees impliseer ’n lewenslange leerproses. Dit beteken dat die gemeente sal leer dien, leer vier, leer deel, “... *leren gemeente te zijn en ook: leren!”*
- Die gemeente vorm ’n gemeenskap van mense wat saam *deel* het aan Christus en aan mekaar se lewe. Dit gaan oor ’n bereidheid om geloof en lewe met ander te deel.
- In die pastorale gemeente is die gedagte dat Jesus Christus die Opperherder van al sy skape is en dat die hele gemeente sy kudde is. Die ideaal is dat binne die kudde alle skape herders vir mekaar sal wees (Hoek 1999:49).
- As getuigende gemeente gaan dit nie oor ’n opname van watter aktiwiteite die gemeente missionêr verrig nie. Dit gaan daaroor of die gemeente in haar diepste wese getuigende gemeente van Jesus Christus is.

Bisschoff (1991:44) meen dat gemeentebou die toegespitste aktiwiteit is naas en saam met ander fasette van die gemeentewerksaamhede waardeur die gemeente begelei word om:

1. Al meer te verstaan wat sy moet wees volgens die Woord, en
2. om self mee te werk aan die bereiking van die Bybelse ideaal deur doelgerigte en beplande ingryping in die huidige stand van sake.

Te Velde (1989:11-12) se definisie is soos volg:

> *In het vak gemeenteopbouw vindt de teologische bezinning plaats op de structuren, werkvormen en processen waarin de gaven en diensten in de gemeente van Jezus Christus in een optimale samenhang kunne worden dienstbaar gemaakt aan haar intern en extern, horizontaal en verticaal functioneren met het oog op haar volmaking in Christus*.

Uit hierdie definisies kan afgelei word hoe omvattend die saak van gemeentebou is en hoe moeilik dit is om 'n bondige definiëring daarvan daar te stel. Met 'n definisie word soveel agtergrond en konsepte veronderstel, dat net die mees basiese en grondliggende gestel kan word. Firet (1986:590) en Te Velde (1989:11-12) gebruik onder andere die woord *processen* om iets van die dinamika van gemeentebou aan te dui. Die eerste drie sake in Hendriks (1992: 85-86) se definisie word byvoorbeeld deur Nel (1994:14, 216) se bewoording "wese en bestaansdoel" omsluit. Hendriks (1992: 85-86) se definisie het 'n meer inhoudelike strekking, terwyl Nel (1994: 14, 216) die proses omlyn met die inhoudelike as veronderstelde kennis. Goedhart (1984:10) konsentreer op die vier hoofsake, Bisschoff (1991:44) het raakpunte met Nel (1994: 14, 216) en Hendriks (1992: 85-86), hoewel sy definisie kort en bondig is.

### 2.3.5 Motivering en ontvriesing.

Daar is baie geskryf oor die wese van die kerk en haar bestaansdoel (Nel 1994:22). Hy noem dat daar grootliks eenstemmigheid is dat die doel van die kerk uit haar wese afgelei moet word. Heinrich Ott (1981:424-428) is oortuig dat die wese van die kerk daarin lê dat dit deel het aan die sending van Jesus Christus. Die kerk het 'n driedimensionele betekenis, 'n gerigtheid na bo, na buite en na binne. Bosch (1991:9) stel dit sterk: *"Christian faith, I submit, is intrinsically missionary…"* en later (Bosch 1991:392) skryf hy waarin sending" gesetel is: *"Mission has its origin in the heart of God. God is a fountain of sending love. This is the deepest source of mission. It is impossible to penetrate deeper still; there is mission because God loves people."* Getz (1984:48) noem dat kerk bestaan om twee basiese opdragte uit te voer, naamlik evangelisasie (om dissipels te maak) en om hulle te leer (*edification*).

Motivering is deel van die hele proses van gemeentebou, maar dit behoort 'n baie prominente deel van die eerste fase, die motiveringsfase te wees. Nel (1994:125) noem dat motivering in gemeentebou soos die suurdeeg in 'n baksel is. Dit sit die proses aan die gang, verleen krag daaraan en deursuur die hele deeg. Saam met motivering loop die kwessie van ontvriesing. Wanneer leiers bewus word van 'n probleem in die funksionering van die gemeente, is dit nog nie te sê dat 'n beduidende getal lidmate in die gemeente dieselfde aanvoeling het of waarneming maak nie. Motivering is tegelyk ook 'n ontvriesingsproses (Nel 1994:126). Die situasie kan vergelyk word met 'n stuk bevrore vleis - dit is eers nadat dit ontvries is dat die maaltyd voorberei kan word.

### 2.3.6 Die gestruktureerde gemeentebouproses

In die hipotesestelling word twee keer pertinent verwys na die gestruktureerde gemeentebouproses: *Gemeentes wat besig is met 'n* ***gestruktureerde gemeentebouproses*** *is missionêr meer suksesvol as gemeentes wat geen* ***gestruktureerde gemeentebouproses*** *deurloop nie*. Dit is daarom belangrik om uit te maak wat die kriteria vir 'n gestruktureerde gemeentebouproses gaan wees.

**Gestruktureerd**: Odendal en Gouws (2000) dui aan dat die woord struktureer (gestruktureer) beteken om "'n struktuur aan te bring in; tot 'n saamgestelde, strukturele geheel te maak". Die woord struktureer word as 'n werkwoord aangedui. Dit sou in gemeenteboutaal kon beteken dat struktuur aan die proses gegee moet word ten einde die proses as 'n saamgestelde, strukturele geheel te laat verloop.

**Gemeentebou**: Die definisie van gemeentebou is reeds behandel. Die vraag oor wanneer 'n gemeente met gemeentebou besig is, ontstaan onwillekeurig. Beteken dit byvoorbeeld dat daar 'n aanloop moet wees tot 'n analisenaweek, wat deur 'n konsultant aangebied word, en die opstel van 'n visie en missiedoelstellings onder leiding van 'n konsultant wat dan ook die hele proses verder monitor? Dit sou sekerlik as 'n ideale scenario kon dien. Maar daar is ook ander voorbeelde van pastors met 'n sterk "gemeenteboufilosofie" wat die proses in hulle eie gemeentes geïnisieer en laat verloop het, byvoorbeeld dr. Johan van Schalkwyk wat die boek, *Strategiese beplanning vir dinamiese gemeentes* (1995) geskryf het na aanleiding van die werk wat in die NG gemeente Lynnwoordrif gedoen is. Ds. Dirkie van der Spuy vermeld in sy boek, *Destined for Growth* (2004:141-142), hoe hulle in eie geledere geworstel het met

onbetrokkenheid, 'n gebrek aan koinonia en uiteindelik na vele probeerslae op die vestiging van kleingroepe besluit het. In die empiriese toetsing sal daar beslis vasgestel moet word watter pastor en gemeentes aan die volgende kriteria voldoen:

1. Is dit 'n gemeente met 'n gestruktureerde gemeentebouproses onder leiding van 'n gemeenteboukonsultant?
2. Is dit 'n gemeente met 'n gestruktureerde gemeentebouproses onder leiding van 'n konsultant?
3. Is dit 'n gemeente wat besig is met 'n gemeentebouproses na aanleiding van 'n sterk gemeenteboufilosofie wat as motivering en riglyn tydens die proses gedien het?
4. Is dit 'n gemeente waar geen duidelike gemeenteboufilosofie merkbaar is en geen gestruktureerde proses deurloop word nie?

**Proses**: 'n Proses is 'n ontwikkelingsgang, byvoorbeeld 'n chemiese proses, 'n proses van vervaardiging ensovoorts (Odendal & Gouws 2000). Die Cassell's Thesaurus (2000) stel verskeie moontlikhede:

1. *A course or method of proceeding or doing.*
2. *A natural series of continuous actions, changes etc.*
3. *A progressive movement; course.*
4. *The course of proceedings in an action at law.*

'n Proses kan eenvoudig opgesom word as 'n traps- of stapsgewyse, toenemende beweging en verloop om by 'n bepaalde doelwit uit te kom. Dit veronderstel 'n aanloop, 'n ontwikkelingsgang, metodes, voortdurende aksie, beweging, verandering, verloop, afloop en die nastrewing van die doelwit. Daarby kan aspekte soos tydskedules en evaluasie gevoeg word en wat in die volgende hoofstukke aandag sal geniet.

### 2.3.7 Sleutelkwessies oor gemeentebou

2.3.7.1. Die vak Gemeentebou het 'n regmatige plek as onderdeel van die vak Praktiese Teologie by meeste Teologiese opleidingsinstansies/fakulteite verwerf. 'n Toenemende aantal gemeentes ervaar die behoefte om vanweë vasgelooptheid, gestolde strukture, pastorgesentreerdheid, min of geen missionêre betrokkenheid en 'n totale toestand van stagnasie by 'n gemeentebouproses betrokke te raak.

2.3.7.2. Hoewel die term “gemeentebou” nêrens in die Bybel gebruik word nie, kom die saak van bou en opbou wel in die Ou en Nuwe Testament na vore. Die soewereine God vorm ’n besielde dissipelgemeenskap wat hulle gawes gebruik vir die opbou van die gemeente en ook om uit te reik na die wêreld. Daar is talle voorbeelde waar die Here die geloofgemeenskap wil opbou, en waar ook vanuit die heidense wêreld ingebou word.

2.3.7.3. Gemeentebou is ’n proses van transformasie wat die gemeente van gemeenteverval en algemene onbetrokkenheid wil wegbeur na die regte vernuwende inhoud en doelgedrewe aksie. Dit is ’n moeilike proses wat baie tyd en inspanning verg.

2.3.7.4. Gemeentebou behels die integrering en koördinering van bedieninge wat ’n vermenigvuldigingskonsep in belang van die geheel is.

2.3.7.5. Effektiewe gemeentebou kan nie anders as om ’n langtermynbediening te wees nie. Talle voorbeelde van goed opgeboude gemeentes bestaan omdat die pastor hom/haar vir baie jare aan die gemeente verbind het.

2.3.7.6. Gemeentebou verg ’n byna kinderlike afhanklikheid van God met die sekere wete dat God in en deur sy Gees by die opbouwerk van die gemeente betrokke is.

2.3.7.7. ‘n Nuwe korporatiewe identiteitsbewussyn moet in die gemeente geskep word. Dit gaan by die gemeente oor vrae soos: Wie is ons? Wat glo ons? Waarheen is ons op pad? Wat is die Here se wil vir ons? Identiteitsvinding vra na die regte gehoorsaamheid.

2.3.7.8. As definisie van gemeentebou word daar volstaan by dié van Nel (1994:14,216).


2.3.7.9. Motivering is ’n belangrike element van die hele gemeentebouproses. Dit behoort veral ’n belangrike deel van die eerste fase te wees waarin motivering en ontvriesing hand aan hand loop.

2.3.7.10. ‘n Gestruktureerde gemeentebouproses gaan oor die aanbring van struktuur sodat die proses ’n aanvang kan neem en progressief in die nastreef van bepaalde doelwitte kan verloop.

2.3.7.11. ’n Gestruktureerde gemeentebouproses kan met of sonder die leiding van ’n konsultant geskied, hoewel ’n konsultant se dienste voordele inhou.

## 2.4. STEEDS ... DAN WAT?

Die hipotetiese vertrekpunt van hierdie studie is dat gemeentes wat met ’n gestruktureerde gemeentebouproses besig is, missionaal meer suksesvol is as gemeentes wat geen gestruktureerde gemeentebouproses deurloop nie. Soos reeds vermeld, word die verloop aangebied aan die hand van die proses wat Collins (2001,2006) beskryf.




Die model en skets is handig vir die eie verstaan van die gemeentebouproses, met dien verstande dat elke gemeente ’n eie geskakeerdheid en prosesmatigheid vertoon. Tog kan daar geredeneer word dat sekere basiese vertrekpunte dieselfde behoort te wees. Ander aspekte van die gemeentebouproses word in die volgende hoofstukke aangespreek. Vir eers noop die prosesindeling ons om stil te staan by die vraag na die missionale.

### 2.4.1 ’n Gemeente wat erns maak met die begrip missio Dei

Die eerste sendingtaak van die kerk is nie om die wêreld te verander nie maar om self te verander (Bosch 1979:246). Dit is ook wat Guder (2000) in sy boek, *The Continuing Conversion of the Church*, bedoel. Dit gaan oor ’n voortdurende herbesinning en terugkeer na die kernroeping van die kerk. Dit was Karl Barth wat volgens Bosch (1991:389) begin het om sending as ’n aktiwiteit van God self te bestempel. Hierdie invloed van Barth het op die Willingen-konferensie van 1952 verdere neerslag gevind deur dit vanuit die doktrine van die Triniteit te formuleer, naamlik die missio Dei, as God

die Vader wat die Seun stuur, en die Vader en Seun wat die Heilige Gees stuur. Dit word uitgebrei na 'n verdere beweging ... die kerk wat missio Dei is, die Drie-enige God wat die kerk die wêreld instuur (Bosch 1979:242; 1991:390). Na Willingen is daar verder op die missio Dei se skopus as God se ontferming oor die hele wêreld gefokus. Die missio Dei is God se aktiwiteit wat beide die kerk en wêreld omarm en waaraan die kerk die voorreg het om deel te neem. Samevattend kan oor die die missio Dei gesê word: Sending het sy oorsprong in die hart van God, Hy is die fontein van sendende liefde. "*This is the deepest source of mission. It is impossible to penetrate deeper still; there is a mission because God loves people*" (Bosch 1991:391-392). Soos Niemandt (2007:147-148) dit stel: "Dit is nie 'n geval dat God sending doen nie – Hy is sending!" En verder: "Die kerk het nie sendingwerk nie, die kerk is God se sending aan die wêreld."

Hancke (2005:25) meen dat sending die proses is waar die kerk met God (missio Dei) saamwerk *"... to reallocate to Him what rightly belongs to Him: Love, honour, glory, adoration.*" Dit is deur die proses van sending dat die Heilige Gees mense beïnvloed om hulle hele menswees aan Hom te wy. Deur sending aanvaar mense sy Heerskappy in hulle lewens. Hulle sterf die eie-ek af en herdefinieer hulle prioriteite om tot eer van God te lewe. Hancke (2005:25) fokus veral op die taak van die gewone gelowige en gee die volgende definisie van sending:

> *Many times attempts to define mission may be theologically sound but it fails to convey the essence of Biblical mission to laity. My attempt to capture some of the essence lead to the simple definition that* mission is God using His people individually and collectively to reach out to unbelievers through word, deed and prayer (eie betoning).

Vir te lank is sending as 'n aktiwiteit van die kerk gesien, naamlik 'n kerk wat stuur wanneer hy oor die vermoë beskik om te stuur. Dit is eerder andersom – die kerk verander van die een wat stuur na die een wat gestuur is. God se kinders is sendelinge wat die kerk-as-sending (*church-in-mission*) verteenwoordig (Bosch 1991:372-378). Mead (1996:69) noem dat sending (evangelisasie ingesluit) tot op hede baie institusioneel verstaan is. Dit is meestal die leierskap van gemeentes wat evangelisasie inisieer en bestuur. Die uitdaging wat vir die kerk voorlê, is soos Mead dit stel: "*The*

*church of the future must become fully apostolic (vgl. Gibbs 2000:51) It must be an apostolic people, not an apostolic institution or hierarchy. Each member of the church must see him- or herself as being an apostle*." Mead meen voorts dat daar duidelik onderskei moet word tussen "*Apostolic People*" en 'n "*Apostolic Church*". Laasgenoemde dra die kiem in hom dat die missionêre die religieuse kant van kerklike imperialisme word, wat op 'n "*top-down*"- situasie uitloop. Apostoliese mense besef dat sending God se sending is en dat hulle deel daarvan moet wees. Dit beteken dat elke lidmaat van die gemeente by sending betrokke moet wees, altyd en oral (Mead 1996:80). McManus (2001:18) praat van "*an apostolic movement"* as hy sê: "*Vibrant Christians reproduce new believers, vibrant small groups reproduce new communities of faith, and vibrant churches become catalysts for an apostolic movement.*" Ook Hancke (2006:116) sê dat die kerk God se gestuurde (apostoliese) mense is. "Sending is nie een van die aktiwiteite van die gemeente nie – dit is die kriterium vir al die aktiwiteite van die gemeente." Niemandt (2007:149) se siening sluit aan by hierdie gedagte: "Ek is oortuig dat die Heilige Gees steeds sy kerk oor die wêreld help om te verstaan dat elke gelowige 'n gestuurde is en dat die sendingveld nie net ver weg is nie, maar in ons omgewing en daar waar ons elke dag werk en ontspan en leef. Die kerk is gestuurde kerk. Ten diepste gaan dit nie oor die kerk nie, maar oor almal wat die Here deur die kerk wil seën. As die kerk hierdie insig verloor, verloor die kerk sy hart" (Niemandt 2007:149).

#### 2.4.1.1 'n Gemeente wat die begrip "missionaal" verreken

Jones (2006) noem dat C.E. Bourne die woord *missional* die eerste keer in 1883 in 'n boek, *The Heros of African Discovery and Adventure, from the death of Livingstone to the year 1882,* gebruik het. Op bladsy 191 verskyn die volgende sin: "*Bishop Tozer is called the Missional Bishop of Central Africa and by some the fighting parson*." Hancke (2005:26) skryf onderhoudend oor die verskil tussen "*missionary*" of "*missional*". In Afrikaans sou die terme "*missionary*" met sending en "*missional*" met missionêr of missioneel vertaal kon word. By persoonlike navrae aan Hancke (2008) oor sy verstaan van die begrippe missioneel en missionêr in Afrikaans, is die volgende verduideliking gegee:

Wat die hele ding rondom missioneel en missionêr betref – ek het op 'n spesifieke konvensie besluit wat ek konsekwent probeer toepas. Ek weet daar is van die Missioloë in SA wat net die term missionêr gebruik en daar is ander wat terugval op die 'gestuurde gemeente'. My motief ontstaan uit die feit dat die internasionale sendingtoneel vir my belangrik is en dat ek nie tred wil verloor met die konseptuele ontwikkelings wat daar plaasvind nie. In Engels word die konsep *missionary* al baie lank gebruik en het dit nie net die betekenis van sendeling nie - dit verwys na dit wat ek in Afrikaans missionêr noem. Die *missional*-gedagte is 'n witwarm gesprekspunt in Noord- en Suid-Amerika. Ook in Europa is tekens van 'n nuwe verstaan van Joh 20:21 en hier by ons gebeur daar ook in 'n groeiende mate dinge rondom hierdie teologiese begrip. Ek wou nie die woord missionêr gebruik nie omdat dit dan net 'n uitruilterm word wat nie duidelik onderskei tussen *missional* en *missionary* nie. Of ons nog vorentoe taalkundig en vakkundig hieroor sal stoei weet ek nie, maar ek gaan rustig voort met die missionele gedagte wanneer ek verwys na dit wat die Engelssprekendes met *Missional* bedoel. Ek en my kollega het vir onsself die volgende konvensie opgestel - dalk sal dit verduidelik hoe ons dit benader:

**Missioneel**

Word gebruik saam met begrippe soos: kerk, gemeente, karakter, eienskappe en aard.

**Missionêr**

Word gebruik saam met begrippe soos: impak, mandaat, fokus, uitreik/e, betrokkenheid, betekenis, taak, inhoud, verantwoordelikheid, prediking, bestaansdoel, opdrag, dimensie, intensie, diakonaat.

Ook Smit (2007:143) worstel in 'n artikel met die terme "missionaal", "missionêr" en "missionerend" en oor watter een om telkens gebruik. Hy besluit dan om die terme as ekwivalente wisselterme van mekaar te gebruik. Dit lyk ook uit bogenoemde lys van begrippe of die gebruik van die term "missioneel" 'n meer prinsipiële aard het, wat die begronding van sending wil oordra, terwyl die term "missionêr" 'n groter *gerigtheid* en *gestuurdheid* in hom ronddra. Volgens Gibbs (2000:51) is 'n kerk missionêr wanneer die

volgende gebeur: "… *A church that is missional understands that God's mission calls and sends the church of Jesus Christ to be a missionary church in its own society and in the cultures in which it finds itself."*

Die werk wat die komitee vir missionale gemeentes van die NHKA vanaf 2007 gedoen het om meer missionale gemeentes in die Kerk te vestig, het 'n interessante wending meegebring. Die voorsitter, dr. J.C. van der Merwe het 'n brief, gedateer 21 Julie 2008 aan die Kuratorium van die NHKA geskryf waarin onder andere die werksaamhede van die komitee uiteengesit is en 'n uiteensetting vervat is waarom die term "missionaal" voortaan eerder as die term "missionêr" gebruik moet word. Hy (Van der Merwe 2008) voer die volgende redes aan waarom so besluit is:

> Die vertrekpunt van die daargestelde strategie is om die fokus van die opdrag te verskuif van ontwikkeling van *missionêre gemeentes* na die ontwikkeling van *missionale gemeentes*. Hierdie verskuiwing het ten doel om die noodsaaklikheid van 'n hartsverandering ten opsigte van die saak te beklemtoon. Om verskeie redes word daar by sommige lidmate in die NHKA 'n negatiewe konnotasie aan begrip *missionêr* geheg. Negatief gesien, is hierdie negatiwiteit miskien toe te skryf aan 'n oorblyfsel van Hervormers se onaangename ervaring van die sending- en politieke geskiedenis in Suid-Afrika. Minder negatief gesien, is dit miskien eerder dat ons in die NHKA gewoond geraak het dat sending nie in die eerste plek deur die lidmaat self beoefen word nie, maar deur 'n rings- of sinodale raad namens die indiwiduele lidmaat. Dit wil dus voorkom asof die begrip 'missionêr' iets kommunikeer van '*wat ons bereid is om daar ver te doen met wat ons oor het*.' Dit is daarom nodig dat daar 'n onderskeid in begrippe gemaak word. Net soos daar in die dialektiese teologie 'n onderskeid en 'n verband tussen die terme *eksistensieel* en *eksistensiaal* getref word, kan daar ook tussen die begrippe *missionêr* en *missionaal* 'n onderskeid getref word. 'Eksistensiaal' en 'missionaal' beklemtoon 'n eie beslissing wat mense self in hulle hart maak. 'Eksistensieel' en 'missionêr' het betrekking op 'n aksie sonder dat die dader noodwendig sy of haar hart belê het in die saak wat deur die aksie geraak word. Met

> die term *missionaal* hoop die komitee om dus iets te kommunikeer van 'n hartsverandering wat getuig van '*hoe ons 'n verskil maak met wat ons is waar ons is.'* Dit is die komitee se oortuiging dat e*ers* wanneer die *eie* hart met oortuiging deur die Gees en die Woord geraak is, dan *kan* die evangelie uitkring vanaf die Gees-gevulde, begenadigde gelowige na die wye wêreld. Die implikasie is dat missionale werk dus nie net bloot die werk van 'n komitee (of die Raad vir Apostolaat, of die Raad vir Ekumene of AIM) is nie, maar van die lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Wat hierdie studie betref, val die keuse in lyn met die NHKA, op die term "missionaal" en word die hoop uitgespreek dat die term *missionaal* 'n nuwe stimulus in lidmate se missionale bewussyn sal bring. Dit is ook meer in lyn met Hancke (2008) se keuse vir die gebruik van die term "missioneel" en dit wil voorkom of die terme *missionaal* en *missioneel* as wisselterme van mekaar gebruik kan word.

#### 2.4.1.2 'n Gemeente wat die begrip "groei" verreken het

"*There is a famine of hope*" (Newbigin 1994:41). Newbigin het hierdie woorde gebruik toe hy na sy Winson Green ministry (1997-1988) verwys het. Dit was 'n klein gemeentetjie in Birmingham en sy antwoord op die "*famine of hope*" - "*We have good news to tell.*" Maar dan rig hy 'n vermaning aan die Kerk in die middestad (Newbigin 1994:41)

> *It is not communicated if the question uppermost in our minds is about the survival of the Church in the inner city … if our 'evangelism' is at bottom an effort to shore up the tottering edifice of the Church (and it sometimes looks like that), then it will not be heard as good news. The church is in God's keeping. We do not have the right to be anxious about it. We have our Lord's word that the gates of hell shall not prevail against it.*

Gibbs (2000:42) waarsku soos volg: "*We must always look beyond numbers. The issue is not who can attract the biggest crowd but who is making the biggest impact on society.*" Ook McManus (2001:23; vgl. Van der Merwe 1997:717) meen dat die kerk haar

weg verloor as oorlewing die hoofdoel geword het. Die doel van die kerk kan nie net wees om te oorleef nie maar om uit te reik en te dien. Moffitt (2006:183) sê die volgende: "*But the primary goal of the church should not be numerical growth! Sometimes, numerical growth comes at any cost, including softening the message to not offend or challenge the ungodly aspects of our cultures.*"

In Suid-Afrika word daar die afgelope dekade of wat kennis geneem van die verskynsel van megakerke, eers pastoor Ray McCauly en die Rhema Kerk en meer onlangs die Moreleta NG gemeente met ds. Dirkie van der Spuy aan die spits. By die Afrika onafhanklike kerke was die groei volgens die 1996-sensus 'n indrukwekkende 19% teenoor die Reformatoriese kerke wat 'n afname van 7,8% getoon het (Dreyer 2003:1051). Volgens die 2001-sensus het die Afrika onafhanklike kerke 'n markaandeel van 32,6% teenoor die 7,2% van die Reformatoriese kerke. Wanneer gemeentes (in die gereformeerde tradisie) dan skouspelagtig groei en reuse komplekse oprig, soos in die geval van NG gemeente Moreletapark, is dit in skerp teenstelling met die statistiek soos die sensusopnames uitwys. By baie ontstaan die vraag: Is dit die model, die norm waarna ander stedelike en voorstedelike gemeentes behoort te streef?

Schwarz (2005:33-40; vgl. Cole 2005:94) waarsku teen hierdie sindroom van wat hy "*the mega trap*" noem. Hy noem dat die media groter belangstelling in sodanige kerke toon omdat megagebeure makliker verkoop. Op die nuusfront is hierdie wyse van beriggewing 'n beginsel maar op die terrein van kerklike ontwikkeling - 'n valdeur. Hy noem dat NCD (Natural Church Development) se aanvanklike ondersoek onder 'n duisend kerke in 32 lande aan die lig gebring het dat kleiner kerke oor die algemeen "beter" kerke is (kerke wat op 'n meetbare wyse 'n hoër kwaliteit openbaar). Daar is natuurlik uitsonderings, maar oor die algemeen geld die reël dat hoe groter die kerk/gemeente, hoe swakker die kwaliteit.

Wat groei betref, vaar kleiner kerke ver beter as megakerke. In 'n vergelykende studie tussen klein en groot kerke is bevind dat die groeikoers van klein kerke 1 600% hoër is – hulle het 16 keer soveel mense gewen. Tog het baie klein kerke 'n lae selfbeeld wat kerkgroei strem. Schwarz vertel van 'n predikant van 'n gemeente in Denemarke wat 'n gemiddelde bywoning van 40 mense in die eredienste het. Toe die predikant kla dat daar nie veel in sy gemeente aangaan nie, het Schwarz hom uitgevra oor die getal

lidmate vyf jaar tevore. Sy antwoord was dat 'n gemiddeld van 20 lidmate toe die eredienste bygewoon het. Sy erediensbywoning het in vyf jaar van 20 na 40 gegroei. As 'n megakerk van 20 000 tot 40 000 in net vyf jaar sou groei, sou dit groot mediadekking geniet het en sou dit waarskynlik as een van die grootste herlewings van alle tye deurgaan (Schwarz 2005:35).

Hoewel Schwarz nooit na Rick Warren (1995) verwys nie, sou sy Saddle Back gemeente dalk aan die tipe sensasionele groei en mediadekking kon voldoen. Warren het die Saddleback Church in Januarie 1980 met een gesin begin. Sy visie was om ongelowige, kerklose mense te bereik en by die kerk in te skakel. Die afgelope 25 jaar het die gemeente merkwaardig gegroei. Vir 'n groot deel van die gemeente se bestaan het die gemeente nie oor 'n eie kerkgebou beskik nie. Tente is opgeslaan en skole se fasiliteite is gehuur. Dit is eers in die laaste jare dat hulle hul eie fasiliteite bekom het. Die gemeentekompleks is tans in Lake Forest, wat deel vorm van die Los Angeles metropool, geleë. Meer as 22 000 mense woon eredienste oor naweke by en daar is meer as 50 000 name op die lidmaatregister. Saddleback is aangewys as die vinnigs-groeiende Baptiste Kerk in die geskiedenis en ook as die grootste kerk in die *Southern Baptist Convention*. Die afgelope 8 jaar is meer as 10 000 nuwe gelowiges gedoop en Saddleback het 34 dogterskerke gestig, terwyl daar tans meer as 4 000 lidmate op sendingprojekte oral in die wêreld is (Ungerer 2007:754).

Warren, asook Hybels met sy Willow Creek gemeente, het tot 'n mate daarin geslaag om die gebrek aan kwaliteit waarteen Schwarz waarsku, teen te werk. Die inherente gevaar van hierdie megakerke lê nie net in 'n moontlike mank gaan aan kwaliteit nie, maar aan 'n bepaalde gesindheid wat onderliggend daaraan lê, naamlik 'n verbuikersmentaliteit. Nel (1994:38, 237) noem tereg dat die gemeente ten diepste God se mense is wat Hom in hierdie wêreld dien en verteenwoordig. Hy noem dat die kerklike samelewing deur 'n verbruikersmentaliteit aangetas is. Ons het dit almal onder lede soos kinders 'n kindersiekte onder lede het, selfs al is daar nog geen uitslag nie. Almal vra bewus en onbewus: Wat bied dit my? Wat kan ek daaruit kry? Hoe pas dit my? Hoe is die diens - goed of sleg? Warren (2003:116) sien ook die potensiële gevaar en verwys na die kultuur van *onafhanklike indiwidualisme* … "skyngelowiges wat van die een kerk na die ander spring, sonder enige identiteit, toerekenbaarheid of toewyding." Ook Van der Spuy (2004:155) sluit hierby aan wanneer hy sê mense wat geestelik

onvolwasse is wil net ontvang en bedien word. Vir baie is dit genoeg om net die eredienste by te woon en te ontvang. Hulle het geen behoefte om uit te reik of betrokke te raak by gemeenskapsdiens nie. McManus (2001:29-30) beskryf die fenomeen van "church shoppers" treffend:

> *'We're looking for a church that meets our needs.' It seems like I've heard this one a thousand times. The phenomenon of church shoppers has profoundly shaped the contemporary church. The entire conversation is not about relevance but convenience. The focus is not in serving the world; the church itself became the focal point. Our motto degenerated from 'We are the church, here to serve a lost and broken world' to 'What does the church have to offer me?' This move has made the pastor the only minister, while making the members the only recipients of ministry. What is lost in this process is an army of healers touching the planet.*

McLaren (2001:156-157) argumenteer dat die kerk nie mense werf om verbruikers van haar produkte of religieuse programme te wees nie - die kerk werf hulle om kollegas in haar sending te wees: "*The church doesn't exist to satisfy the consumer demands of believers; the church exists to equip and mobilize men and women for God's mission in the world"* (McLaren 2001:157).

Gibbs (2000:41-42) lewer insiggewende kritiek in die algemeen op wat hy "*The Marketing Mentality*" noem. Kerke wat 'n verhoogde erediensbywoning beleef, behoort bedag te wees op wat Gibbs (2000:41), "*a premature sense of achievement*" noem. Die vraag moet altyd gevra word waar die mense vandaan kom. Is 'n betrokke kerk besig om ten koste van ander gemeentes te groei? (Sien ook Sider et al 2002:67).

Daar moet na die tipe groei gekyk word (Gibbs 2000:41-42):

> *A distinction needs to be made between those 'seeker-sensitive' churches that represent new growth (returning 'de-churched' and 'never - churched' people), and the 'market-driven' churches that have grown at the expense of the smaller community churches around them. In the latter case, one is left wondering what will happen to these market-driven churches when their small-church feeder systems dry up.*

Nog 'n kwessie hou verband met die stabiliteit van so 'n kerk/gemeente (Gibbs 2000:42):

> *… large congregations that lack a shared memory are unstable communities. A significant percentage of their members drift from church to church and are especially vulnerable during a time of leadership transition. If such churches eventually collapse and the churches around them are so depleted or have already been driven out of business, will they have produced a spiritual wilderness?*

Tog is daar die realiteit dat gesonde kerke noodwendig sal groei en van een grootte na 'n volgende sal oorgaan. 'n Voorbeeld van gesonde praktyke wat aan die dag gelê word, word gevind by dr. Paul Visser (2007:3), 'n missioloog en predikant van die Nederlandse Hervormde Kerk, wat sê: "Die volgende aspekte van die Christelike geloof moet weer in die hart van kerkwees teruggeplaas word: gebed, eerbied vir die Bybel, geloof in die God van die Bybel, 'n nuwe uitspel van wat sonde werklik is, versoening en bekering." Hy doen dit teen die agtergrond van 'n nuwe religieuse gevoel wat in Nederland aan die ontwikkel is. Dit is 'n gevoel dat 'n mens nie heeltemal sonder God kan klaarkom nie. Maar dan word God die produk van my geloof omdat hy aan die lewe moet sin gee in terme van geluk en sukses. "Dit gaan oor die mens se behoeftes, wat vir sy gevoel reg en goed is in hierdie nuwe godsdienstigheid en nie om die waarheid van die Woord nie. Jy kies dus wat vir jou goed is en niemand van buite vertel vir jou wat goed is nie. Geloof is 'n bykomstigheid wat jy self geskep het. Die Bybelse boodskap het alleenlik betekenis in soverre dit aan my 'n goeie gevoel in die lewe gee - veral 'n gevoel van sukses "(Visser 2007:3).

Hierdie situasie in Nederland vind sekerlik neerslag in ander Westers-georiënteerde samelewings. Daar is ’n teruggryp na die religieuse, maar dit word met bedenklike inhoud gevul. Dit is hier waar die korporatiewe element ’n regstelling kan bring. Nel (1998:27) noem dat geen gelowige op sy eie, alleen die beeld van Christus vertoon nie. Dit gaan oor die gemeente wat korporatief verandering nodig het. Waar Christus die Hoof van die kerk is, is die gemeente die ‘gesig’ van die hoof. Woorde soos dié in 2 Korintiërs 3:18: “Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word”, is ‘gemeentewoorde’.

Visser (2007:3) praat van die behoefte aan missionale gemeentes en noem dat sodanige gemeente ’n gemeente is wat ernstig is oor God. Dit is nie ’n gemeente wat bloot aanspraak maak op georganiseerdheid en dan met aanhoudende nuwighede vorendag kom nie. Dit is nie ’n gemeente wat ou beproefde strukture afbreek nie, maar nuwe inhoud en diepte aan iets soos die ampte gee. ’n Missionale gemeente is ’n plek waar daar waarlik gedien word en nie ’n plek waar ‘leierskap’ gedy nie. Visser (2007:3) vertel soos volg van sy groeiende gemeente, die Bethlehemskerk in Den Haag:

> Ons het geen plan in werking gestel nie. Ons het ook nie ’n nuwe visie en missie uitgedink nie. Ons het hoofsaaklik twee dinge gedoen. (a) Ons het die meelewende lidmate oortuig om vir een minuut per dag te bid. ’n Halwe minuut vir hulle self en ’n halwe minuut vir diegene wat nie kerklik betrokke is nie. (b) Ek het begin om Bybelstudie aan te bied wat grootliks op die jongmense se vrae en probleme konsentreer. Ek het my telkens baie goed voorberei. Ek het aandagtig geluister na mense se vrae en opmerkings. Ek het dan huisbesoek gaan doen, nadat ek weer navorsing gedoen het, om hierdie vrae en opmerkings verder met die gemeente te gaan bespreek. Dus: Gebed en ernstige omgaan met die Bybel het ’n groeiende en meelewende gemeente geskep. Al die ander dinge het outomaties aandag gekry nadat ons erns gemaak het met die mees basiese dinge van die Christelike geloof.

Samevattend kan geredeneer word dat groei in getalle 'n geldige kriterium is, mits dit aan die volgende vereistes voldoen:

- Dit nie die sug na 'n sieklike verbruikersmentaliteit voed nie.
- Dit nie 'n "*circulation of the saints*" is, soos wat dit algemeen in kerktaal bekend staan nie. Lidmate van gemeentes en kerke loop dikwels oor na ander kerke omdat dit lekkerder is daar. Die groei wat dan in dié kerke plaasvind, kan nie as legitieme groei verreken word nie.
- Ware groei, soos in die Apostoliese era, sal wees waar ongelowiges (heidene) tot geloof kom en by die plaaslike gemeente inskakel óf waar kerklos- en vervreemde lidmate opgespoor en weer geaktiveer word om aktief in die gemeente te wees. Dreyer (1998:310) sê dat 'n groter missionêre bewussyn nie primêr gaan om lidmaatgetalle te verhoog nie, maar omdat dit wesenlik deel is van ons lewe voor God.
- 'n Missionale bewussyn by elke lidmaat vereis 'n wesenlike besef van sendelingwees en gestuurdheid in hierdie wêreld.

### 2.4.2 'n Gemeente wat vra na haar missionale karakter

John Stott (1994:53) bied die regte inleiding vir hierdie hoofpunt:

> *The highest of missionary motives is neither obedience to the Great Commission (important as that is), nor love for sinners who are alienated and perishing (strong as that incentive is, especially when we contemplate the wrath of God...), but rather zeal – burning and passionate zeal – for the glory of Jesus Christ… Only one imperialism is Christian … and that is concern for His Imperial Majesty Jesus Christ, and for the glory of his empire.*

Dit gaan oor passievolle ywer en toewyding soos Stott (1994:53) tereg aandui. Die vraag is: Hoeveel Christene ervaar dit? Hoeveel ampsdraers koester dit? Hoeveel lidmate begryp iets daarvan? Voeg daarby die brandende begeerte dat die hele wêreld die knie voor Christus sal buig – Hoeveel van hierdie passie is teenwoordig by die deursnee lidmaat? 'n Missionale karakter word op vele maniere gevorm, maar primêr is dit die brandende passie wat die vuur en hitte vir missionale karaktervorming verskaf. McClung (1999:185-187; 2008:155-181; vgl. McManus 2001:23; Piper 2003:71-107) skryf oor die

belangrikheid van wat hy "apostoliese passie" noem. Passie is afgelei van die Latynse woorde *patior* en *passus* (Shorter Latin Dictionary 1966), wat beteken "om te ly" (vgl. McClung 2008:164-165). Passie beteken dan dat jy so sterk voel oor 'n saak dat jy bereid is om daarvoor te ly as dit moet. Die woord apostel (*apostolos*) beteken om gestuur te wees (Greek-English Dictionary 1971), dit wil sê om 'n boodskapper te wees. Dit beteken om gestuurde boodskapper te wees wat die glorie van Christus verkondig, al verg dit lyding - selfs tot die dood toe. Watter wonderlike voorbeeld het ons nie in die werk en lewe van Dietrich Bonhoeffer (1967:99) as hy die volgende gedagtes koester oor die lyding wat sy "apostoliese passie" oor hom gebring het nie: "Die kruis is nie die verskriklike einde van 'n andersins Godvresende en gelukkige lewe nie, maar dit ontmoet ons aan die begin van ons gemeenskap met Christus. Wanneer Christus 'n mens roep, roep hy hom/haar om te kom sterwe."

Die apostel Paulus word as voorbeeld voorgehou en McClung (1999:185) noem dat dit by Paulus 'n bewustelike keuse was. Menslike entoesiasme kan nie apostoliese passie laat volhou nie. Dit is God was sy passie in jou investeer – die begeerte dat alle mense Hom sal verheerlik – jy moet ontwikkel en opbou wat God jou gegee het. McClung (1999:186-187; 2008: 174-181) noem en bespreek vier kwaliteite wat apostoliese passie in stand hou:

- <u>Apostoliese oorgawe</u>

  Ons lewe in 'n wêreld waarin verskillende passies kompeteer. As ons nie aan onsself sterf en eerder ons lewe vul met 'n oorheersende passie vir die verheerliking van God deur alle nasies nie (vgl. Piper 2003:17,203), is die ander passies al wat oorbly. McClung stel dit baie sterk as hy sê ons kan onsself maklik mislei deur 'n gerustheid dat ons wel hierdie oorgawe gemaak het "*...In reality, all we have done is to baptize the values of our culture and give them Christian names.*"

- <u>Apostoliese fokus</u>

  Gebrek aan fokus is een van die grootste bedreigings vir sending. "*You can run around expending energy on all sorts of good ministries, and not get one step closer to the nations.*" Bedieninge moet uiteindelik daarop uitloop dat kerke geplant word en dat mense God kan verheerlik.

- Apostoliese gebed

'n Gesonde en volgehoue gebedslewe is onontbeerlik in die sendingveld. In harde en moeilike plekke waar Jesus nie geken en aanbid word nie, sal 'n gelowige bepaald nie met 'n een-minuut-'n-dag-gesprek met God die mas opkom nie.

- Apostoliese besluitneming

Apostoliese besluitneming begin met 'n passie vir God se glorie wat aan die nasies bekend gemaak moet word. Dit begin met die vraag na waar die gestuurde God moet dien? Mc Clung (1999:187; 2008: 180) stel die saak op aangrypende wyse:

> *There are too many over-fed, under motivated Christians hiding behind the excuse that God has not spoken to them. They are waiting to hear voices or see dreams – all the while living to make money, to provide for their future, to dress well and have fun… If you have apostolic passion, you are one of the most dangerous people on the planet. The world no longer rules your heart. You are no longer seduced by getting and gaining but devoted to spreading and proclaiming the glory of God in the nations. You live as a pilgrim, unattached to the cares of the world. You are not afraid of loss. You even dare to believe you may be given the privilege of dying to spread His fame on the earth.*

By die lees van bogenoemde, wil jy soos die apostels vra: "Gee ons meer geloof (Luk 17:5). Jesus antwoord daarop dat geloof so groot soos 'n mosterdsaadjie eintlik voldoende is. Selfs met 'n klein bietjie geloof kan wonders verrig word. Jesus se eise is baie hoog maar die gevolge is ook uitnemend. Wie dit in die geloof wil waag, vind dat geloof gepaard gaan met onmoontlike krag. In die daaropvolgende gelykenis van die slaaf wat na 'n harde dag se werk steeds sy eienaar moet kom bedien, is die afleiding dat geen spesiale dank vir gewone gehoorsaamheid verwag moet word nie (Du Plessis 1999:1290). McClung (1999:186) daag gelowiges uit om die volgende gebed te bid: *"Lord, be ruthless with me in revealing my selfish ambition and my lack of willingness to die to myself." I guarantee that He will answer your prayer – and quickly.*

Met hierdie perspektief in gedagte word daar gekyk na die kerk se fenomenale groei in die eerste drie eeue. Christengelowiges het toe in alle opsigte hierdie missionale karakter geopenbaar. Dit het gebeur sonder die hulp van instellings óf die opgaan in

geboue as sodanig. Dit het primêr gegaan oor hulle liefde vir mense sonder hoop (vgl. Truter 2007:54).

### 2.4.2.1 'n Gemeente wat leer by die kerk in die Apostoliese era

Bosch (1991:48-49) noem dat gelowiges deur God gestuur word om geografiese, religieuse en sosiale grense oor te steek. In 'n sin was die vroeë kerk polities rewolusionêr. Met rewolusionêr word hier nie bedoel dat dit met een of ander vorm van geweld gepaard gegaan het nie. Die rewolusionêre lê eerder in die alternatiewe wat dit gebied het. Die gode van die heidense wêreld is verwerp; nuwe verhoudinge wat rewolusionêr was, het ontstaan - Jood, Romein, Griek, vryman en slaaf, ryk en arm, man en vrou het mekaar aanvaar as broer en suster in Christus. Die nuwe taal van Christene was die taal van liefde wat nie net lippetaal was nie, maar 'n aksie van liefde en dade. Daarby het die vroeë Christengelowiges oor min of geen kerkgeboue beskik nie en ook nie 'n Bybel, soos ons dit vandag ken, gehad nie. Daar was nie 'n institusionele vorm van professionele leierskap en allerlei kerklike strukture nie. Dit is ook vir aspirant-Christene moeilik gemaak om aan te sluit. Aan die einde van die tweede eeu moes aspirant-lidmate 'n bepaalde inisiasieperiode deurloop om te bewys dat hulle waardige volgelinge sal wees (Hirsch 2006:18-19).

Die werk van die sosiaal-wetenskaplike, Rodney Stark (1997), dien as grondslag van Hirsch (2006:18-19) se besinning oor wat hy noem "*apostolic genius*". Hy sluit aan by Stark (1997) wat skryf dat die Christene se invloed in die eerste drie eeue ver meer was as wat hulle getalle regverdig het. In die tyd het hul getalle van 'n 120 met die uitstorting van die Heilige Gees tot 6.3 miljoen (kontra Hirsch 2006:18) in die jaar 300 n.C. gegroei, terwyl daar ongeveer 60 miljoen mense in die Romeinse Ryk was. Die getal Christene het dus 'n skamele 9,9% van die bevolking uitgemaak. Tog het hierdie klein getal soveel invloed gehad dat Konstantyn in 313 n.C. die Christelike kerk as wettig erken het. Teen 381 is die Christendom as staatsgodsdiens verklaar. Die volgende tabel is insiggewend:

**Geprojekteerde groei van Christene teen 'n jaarlikse groeikoers van 3.4 persent**

| JAAR n.C. | GETAL CHRISTENE | % VAN BEVOLKING[1] |
|---|---|---|
| 40 | 1 000 | — |
| 50 | 1 397 | — |
| 100 | 7 434 | — |
| 150 | 39 560 | 0,07 |
| 180 | 107 863 | 0,18 |
| 200 | 210 516 | 0,35 |
| 250 | 1 120 246 | 1,9 |
| 300 | 5 961 290 | 9,9 |
| 312 | 8 904 032 | 14,8 |
| 350 | 31 722 489 | 52,9 |

Geneem uit Stark (2007:312)

Stark (1997:161-162; vgl 2007:317-324) meen daar was sewe oortuiginge en praktyke wat die Romeinse Ryk, en uiteindelik die wêreld onherroeplik verander het:

**1. Christene het 'n God verkondig wat elkeen liefhet.**

Vir die eerste keer in die heidense wêreld is daar gehoor van 'n God wat diegene liefhet wat Hom liefhet. Dit was soveel anders as die opvatting oor die Romeinse gode met hulle eie agendas wat gedurig soveel tyd spandeer het om mekaar te beveg en vir oorheersing te kompeteer. Hulle het min erg gehad aan die mense wat hulle aanbid het, terwyl hulle guns gekoop moes word deur allerlei offerhandes en seremonies.

**2. Die Christene is opdrag gegee om God en alle mense lief te hê.**

Jesus het hier die voorbeeld gestel deur vir die hele mensdom gekruisig te word. Hy gee opdrag dat diegene wat Hom liefhet ook ander moet liefhê en dien. Dit was rewolusionêr. Die Heidene het net diegene in hulle eie families of mense van sosiale status liefgehad, veral dié wat vir hulle iets kon beteken. Christene word opdrag gegee

[1] Gebaseer op 'n geskatte populasie van 60 miljoen in die Romeinse Ryk.

om lief te hê ongeag bloedverwantskap, klas, politieke en ekonomiese status (kyk ook Stark 2007:318).

**3. Die Christene het ’n kultuur gestroop van etnisiteit en rangorde gedemonstreer**

Christene is nie langer deur sosiale status en etnisiteit onderskei nie, totaal anders as die kultuur onder die Romeine. Die Romeine het gewonder hoekom ’n edelman ’n slaaf kon toelaat om hom as “broeder” aan te spreek.

**4. Die Christene verkondig ’n genadige God wat dieselfde van sy volgelinge vereis.**

Christene glo in ’n genadige God. Hierdie genadige God vereis dat sy volgelinge ook genade en medelye teenoor ander betoon. Genade was geensins deel van die Romeinse kultuur nie en Christene is verguis omdat hulle medelye gehad het met die armes. Hulle kon nie verstaan hoekom sorg aan armes só ’n belangrike praktyk onder Christene kon wees nie.

**5. Christenmans was geroepe om hulle vrouens soos hulself lief te hê**.

Die Romeinse siening was dat mans hulle vroue en kinders besit het. Hulle was eiendom en jy kon enigiets met hulle doen. In sommige gevalle is kinders selfs sonder enige wetlike gevolge doodgemaak. Om vroue en kinders lief te hê was ’n radikale konsep en praktyk (vgl. Stark 2007:320-322).

**6. Die Christene het die Romeinse praktyk van aborsie en kindermoorde verwerp**.

Daar is veral van babadogters “ontslae” geraak en dosyne geraamtes van kinders uit daardie era is al opgegrawe. Dit was veral mans wat die besluit geneem het dat fetusse geaborteer word (Stark 2007:321). In die nuwe Christelike godsdiens is alle lewe - gestremd, ongebore, manlik of vroulik, slaaf of edelman - as heilig beskou.

**7. Christene het ander lief - selfs as dit persoonlike risiko inhou**.

Christene is geroep om ander lief te hê, selfs hulle buite die gemeente. Armes se daaglikse bestaan in Rome was maar mismoedig met swak sanitasie, ondervoeding en siekte-epidemies wat gereeld uitgebreek het. Omdat Christene danksy hulle verwagting

van die ewige lewe nie bang was vir die dood nie, het hulle gebly om siekes te versorg tydens epidemies, veral in 165 en weer in 251 (Stark 2007:319). Siekes is in die strate gelaat deur familie, terwyl dokters uit die gebied gevlug het. Christene het die siekes versorg en die sterwendes bygestaan tot die dood toe. Die wat oorleef het, was gewisse bekeerlinge tot die Christendom. Die getal bekeerlinge gedurende epidemies het vanweë die onbaatsugtige liefde en sorg van Christene dramaties toegeneem.

Hirsch (2006:19-20) beskryf nog 'n "*apostolic genius*"-fenomeen as hy na die ondergrondse kerk in Sjina verwys. Met Mao Zedong se oorname het die geskatte aantal Christene in Sjina ongeveer 2 miljoen beloop. Mao Zedong het begin om die buitelandse sendelinge sistematies te vervolg en te verdryf. Senior kerkleiers is vermoor of tronk toe gestuur, terwyl alle tweede- en derdevlakleiers ook gevangenisstraf opgelê is. Alle byeenkomste is verbied terwyl van die wreedste vervolging ooit teenoor Christene in die agtergrond gewoed het. Nadat die bamboesgordyn in die vroeë 80's gelig is, is sendelinge onder streng toesig weer toegelaat. Hulle het 'n klein verweerde oorblyfsel van die kerk verwag maar het tot hulle verbasing ontdek dat die getal Christene tot 'n geraamde 60 miljoen toegeneem het. Tans word die getal Christene in Sjina op 80 miljoen geraam. 'n Ongelooflike gebeure as in ag geneem word dat daar meestal net een bladsy van die Bybel vir 'n gesin beskikbaar was, en dat daar geen professionele kerkleiers- of strukture was nie - "... *and yet they grow like mad*" (Hirsch 2006:20).

As mens na Suid-Afrika kyk, kan tereg gevra word hoe dit dan moontlik is dat daar in 'n land met soveel Christene (79,8% in die 2001-sensus) so min tekens hiervan is? Hoekom floreer misdaad, geweld, moord, aborsie, verkragting, korrupsie, materialisme en rassisme op só 'n ongekende skaal? As 'n skrale 9,9% Christene die Romeinse Ryk tot ingrypende verandering kon dwing, hoekom gebeur dit nie in 'n land waar soveel Christene is nie? Elkeen van hierdie sewe kenmerke is net so geldig vir die 21ste eeu. Elke Christen in hierdie land behoort hierdie kenmerke opnuut te integreer om dit kragdadig en verbete te gaan uitleef (Ungerer 2008:1).

Met hierdie perspektief in gedagte kan aangehaak word by Newbigin (1994:42) wat vra na die beste manier om die evangelie op geloofwaardige manier aan mense wat sonder God klaarkom, oor te dra. "*I know of only one clue to the answering of that question,*

*only one real hermeneutic of the gospel:* congregations that believe it" (eie betoning). Soos Newbigin dit verder stel word dit bereik wanneer "*... the believing congregation … scattered throughout the community to bear the love of God into every secular happening and meeting. It is they who scatter the seeds of hope around…"* Hiermee saam kan McManus (2001:23) se opmerking gelees word: "*The life of the church is the heart of God. The heart of God is to serve a broken world".* Ook Keifert (2006: 28) skryf oor hierdie (Apostoliese) era en noem dat dit nie vir die plaaslike gemeente nodig was om 'n sendingveld te gaan vind nie. Waarheen hulle hul ook al gedraai het, het hulle mense gesien wat in die ryk van God geïnisieer kon word Keifert (2006: 28).

> *They found themselves caught up into God's movement and life. They did not imagine mission as something or somewhere other than their primal activity as a called, gathered, centered, and sent people of God. This is the core characteristic of a missional church:* being, not just doing, mission (eie betoning)*... mission focused not so much on bringing people to church – some identified building – but being the church in, with, and under the friends, neighbors, coworkers, and strangers of people's everyday lives. As a result, the church did not have 'a mission' apart from its very identity because being church was being missional.*

#### 2.4.2.2 'n Gemeente wat kennis neem van die Christendom Era (313 - 2000)

Ralph Winter (1999:199) praat van die sogenaamde *"BOBO"*-teorie om die verskynsel van die Christelike geloof wat na die Apostoliese era as't ware uitgedoof (*Blinked Out*) is en toe weer in ons tyd (die tyd toe die moderne "profete" soos Luther, Calvyn en ander na vore gekom het) aangeskakel (*Blinked On*) is, te beskryf. Soos hy dit stel: "*The result of this kind of BOBO approach is that you have 'early' saints and 'latter-day' saints, but no saints in the middle."* Hierdie siening word veral gehuldig deur Evangeliese teoloë wat nie veel belang stel in wat voor die Reformasie gebeur het nie.

Winter (1999:198) deel die "Verlossingsgeskiedenis" in tien tydperke in, waarvan die laaste vyf soos volg daaruitsien:

Tydperk 1 (Die Romeine: 0 tot 400 n.C.): Rome kom onder Christelike beheer maar daar word nie na die heidene (Kelte en Gote) uitgereik nie. Byna as 'n soort straf, word Rome deur die Gote ingeneem en die hele westerse deel van die Romeinse Ryk kalwe in. Die mees ingrypende gebeure in hierdie tyd was die bekering van Konstantyn in 313 n.C. Dinge het geleidelik begin verander en Mead (1991:13-17) noem van die veranderinge wat plaasgevind het:

- Die Christelike godsdiens word 'n staatsgodsdiens wat daartoe lei dat die gemeente die kerk was en die kerk uiteindelik die staat.
- Dit veroorsaak dat daar uiteindelik geen grense meer tussen kerk en wêreld bestaan het nie. 'n Totale vermenging van kerk en staat het ontstaan.
- Die indiwiduele gelowige het hom/haar nie meer geroepe gevoel om getuie in 'n vyandelike wêreld te wees nie. Missionale uitreiking het die verantwoordelikheid van die leraar geword en hy moes uiteraard veral die verantwoordelikheid vir die versorging van sy kudde nakom.
- Om siele te wen het min of meer dieselfde beteken as om mense vir die "*empire*" te wen. Almal wat deel van die staat was, was deel van die geloofsgemeenskap en daarom het die Romeinse Christene outomaties begin om diegene wat anti-Romeins was, te vervreem (Winter 1999:202).
- Die roeping en verantwoordelikhede van die gewone gelowige het vervaag, hy/sy moes maar net daar wees, 'n goeie landsburger bly, gereeld in die kerk kom, belastings betaal asook dankoffers gee. Die negatiewe wat hieruit voortgespruit het, spreek vanself.

Tydperk 2 (Die barbare: 400 tot 800 n.C.): Die Gote het ook Christene geword en soos Winter (1999:199) dit stel: "*... and they and others briefly achieved a new 'Holy' Roman Empire. But this new sphere did not effectively reach further north with the gospel.*"

Tydperk 3 (Die Wikings: 800 tot 1200 n.C.): Weer vind 'n soort strafregtelike regstelling plaas toe die Wikings die gekerstende Keltiese en Gotiese barbaarse gebiede inneem. *"In the resulting agony, the Vikings, too, became Christians"* (Winter 1999:199).

Tydperk 4 (Die Sarasene: 1200 tot 1600 n.C.): Europa is nou vir die eerste keer verenig deur die Christelike geloof. Hulle reik uit na die Sarasene (Arabiere) in 'n soort pseudo-

missie wat soos Winter (1999:199) dit stel eindig: "*... in the great abortion known as the Crusades.*"

<u>Tydperk 5</u> (Tot aan die uithoeke van die wêreld: 1600 tot 2000 n.C.): Europa se uitreiking strek nou tot aan die uithoeke van die wêreld, maar steeds geskied dit met die gemengde motiewe van kommersiële en spirituele belang. Die gevolge in die nie-Westerse wêreld was die ontwikkeling van hulle gebiede (kolonisering) en die vermindering van oorloë en siektes. Nog nooit tevore het so min so baie beïnvloed nie en nog nooit tevore was daar so 'n groot gaping tussen die twee helftes van die wêreld nie. Met hierdie siklusse in gedagte vra Winter (1999:1999) na wat in die toekoms mag voorlê:

> *Will the immeasurably strengthened non-Western world invade Europe and America just as the Goths invaded Rome and the Vikings overran Europe? Will the "Third World" turn on us in a new series of "Barbarian" invasions? Will the OPEC nations gradually buy us out and take us over? Clearly we face the reaction of an awakened non-Western world that is suddenly beyond our control. What will be the role of the gospel? Can we gain any insight from these previous cycles of outreach?*

Winter verwys nie pertinent na die Islamgeloof se aanslag op die Weste nie. Randall Price maak in sy boek, *The Unholy War* (2001), ontstellende syfers bekend. Islam word universeel erken as die godsdiens wat die vinnigste groei. Oor die afgelope 50 jaar alleen het die totale aantal volgelinge met 500% gegroei. Daarteenoor het die Christendom slegs met 47% toegeneem. Met meer as 1,3 biljoen volgelinge beslaan Islam 'n vyfde van die wêreldbevolking. Daarby is 85% van die wêreld se Moslems van nie-Arabiese afkoms. Rusland het 'n 100 miljoen Moslems, en Indonesië het 200 miljoen terwyl daar 92% Moslems in Noord-Afrika is.

Islam is tans die tweede grootste godsdiens in Wes-Europa en daar word bereken dat dit binne twee dekades die grootste sal wees. Sweet (Joubert et al 2007:23) noem dat meer as 50% van alle babas wat in Brussel gebore word, in Moslemhuise gebore word. In Frankryk is daar een-en-'n-half miljoen Moslems (omtrent ses Moslems vir elke Christen). Engeland het meer as 2000 moskees en daar is meer praktiserende Moslems as Anglikane (Sweet in Joubert et al: 2007:23). Daar is tans ongeveer 7 miljoen

Moslems en 1 370 moskees in die VSA teenoor die 500 000 Moslems en 598 moskees wat in 1971 daar was (Price 2001:178).

**2.4.2.3 'n Gemeente wat haar missionale identiteit in die 21ste eeu ontwikkel**

'n Missionale identiteit kan nie anders as om in 'n missionale karakter uit te mond nie. Callahan (1990:19; vgl. 2000:59) sê die volgende: "*The church is called for the integrity of mission and not for the sake of church growth. We are called to share the Kingdom, not to grow churches. The fundamental category for this time is mission, not church. What we need is mission growth.*" Nel (2002:54-55) sluit hierby aan en noem dat die kerk teologies-gesproke geen ander identiteit as 'n missionale identiteit het nie. Die kerk is missionêr in wese of dit is nie kerk nie. Gemeentebou dra 'n basiese besorgdheid en passie in hom om gemeentes te help om hierdie missionale identiteit te verstaan en te herontdek.

Die gebrek aan missionale karakter in die 21ste eeu wek groot kommer. Skrywers soos McManus (2001) stel die saak sterk as hy in 'n hoofstuk wat oor atrofie in die kerk handel, die volgende stel:

- Vir baie kerke en gemeentes gaan dit bloot om oorlewing. Sodra dit vir die kerk net oor oorlewing gaan, is dit die begin van die einde. Daarteenoor daag die Woord gelowiges uit om getuies tot aan die uithoeke van die aarde (Hand 1:8) te wees. Die Nuwe Testamentiese woord vir "getuie" (*martus)* is dieselfde as vir "martelaar" (vgl. McManus 2001:23; Hancke 2005:39). Die kerk is daar om te dien en soms gaan diensknegte dood terwyl hulle dien. Barrett (2002:23) het beraam dat ongeveer 164 000 Christene in 2002 as martelare gesterf het en dat die getal Christenmartelare jaarliks sal groei om teen 2025 op 210 000 te staan te kom.
- Kerke is dikwels sterwend omdat hulle die rede vir hulle voortbestaan verloor het. Te veel klem word op die bewaring en onderhouding van tradisie gelê. Predikante is opgelei om eerder die verlede te bewaar, as om die toekoms te help skep. Ons het tradisioneel pleks van transformerend geword. Die kerk het soos 'n fort geword wat skuiling teen die wêreld bied, eerder as om 'n krag in die wêreld te wees (McManus 2001:30).
- Die kerk het 'n instelling geword en openbaar nie meer die eienskappe van 'n beweging nie. Dreyer (2008:3) noem dat die Hervormde Kerk (NHKA) al die

eienskappe van 'n tradisionele, geïnstitusionaliseerde en ordelik-gestruktureerde Kerk het.

- Die kulturele omgewing het te gemaklik geword en die evangelie het verskuif van "kerk-besig-met-sending", na kerk-wat-sending-ondersteun (McManus 2001:30; Hancke 2006:60,122).

Wat Suid-Afrika betref, en meer spesifiek die NG Kerk, maak Olivier (2005:134) die volgende opmerkings:

- Die nuwe paradigma se lyne is nog nie heeltemal duidelik nie, terwyl die ou standvastige bakens verdwyn het.
- Die verhouding van kerk en staat is nie meer dieselfde nie, veral nie die verhouding van die NGK met die huidige regering nie.
- Daar word nie meer verwys na 'n Christelike staat nie, maar wel na 'n sekulêre staat met 'n sekulêre grondwet waarin geen godsdienstige groepering veronderstel is om bevoordeel te word nie.
- Die vryheid om nie meer aan die kerk te behoort nie, ontstaan al meer.
- Die wetenskap en tegnologie poog om antwoorde te gee en om 'n oplossing vir al die menslike vrae te wees.
- Godsdienstige pluralisme het ontwikkel en die eksklusiewe van die Christelike godsdiens verdwyn. Godsdiens word 'n persoonlike aangeleentheid wat nie meer so ooglopend in staatsbeheerde plekke beoefen mag word nie.
- "Church Shopping" word die norm en lojaliteit teenoor die hoofstroomkerke verdwyn.
- Daar is ook diegene wat vashou aan die verlede, vir wie die kerk die laaste bastion is, 'n plek waar verandering en vernuwing so lank as moontlik uitgestel moet word.

In antwoord op die voorafgaande kan geredeneer word dat kerke en gemeentes 'n missionale bewussyn en karakter, wat grootliks iets van die kerk in die eerste drie eeue vergestalt, benodig. Dit is miskien 'n goeie vertrekpunt om te wys op Newbigin (1958:21;43 in Bosch 1991; sien ook Bosch 1991:373; Hancke 2006:111) wat onderskei tussen die kerk se *sendingintensie* en haar *sendingdimensie.* Nel (1994:28) gebruik weer die terme *missionêr-bepaald* (dimensie) en *missionêr-gerig* (intensie). Alle werksaamhede van die kerk behoort 'n sendingdimensie te hê.

Sendingdimensie het met die volgende aspekte in ’n gemeente te doen:

- die werksaamhede van die gemeente waar lidmate toegerus word om ’n ware aanbiddingsgemeenskap te wees
- die mate waartoe die gemeente in staat is om buitestanders te verwelkom en tuis te laat voel
- die pastor wat nie ’n monopolie het en waarin die lidmate gewoon net objekte van pastorale sorg is nie
- lidmate wat toegerus is vir hulle roeping in die gemeenskap
- die gemeente wat struktureel-plooibaar en innoverend is
- die gemeente nie net daarop uit is om die belange van ’n groep bevoorregtes te beskerm nie.
- die gemeente hulle roeping in die samelewing verstaan en uitleef

Volgens Nel (1994:28-29) is alle bedieningswyses per definisie missionêr in karakter. Hy maak die volgende stelling (Nel 1994:33):

> In gemeentebou gaan dit om die integrering en koördinering van al die bedieningsvelde wat hopelik missionêr gemotiveer en gerig is. Elke bediening, en almal geïntegreerd saam, moet die heilshandelinge van God in Christus dien. By elkeen afsonderlik, en ook by almal geïntegreerd saam, is die kritiese vraag altyd weer na die driedimensionele diens. Is dit diens aan God, aan die gelowiges onderling en aan die wêreld?

Guder (2000:150) verwys na die kerk wat konstant ’n *re-shaping* en ’n *re-forming* moet ondergaan. Die kerk het ’n voortdurende bekering nodig om ’n missionale karakter en gerigtheid te openbaar. Dit begin by lidmate wat die seëninge van die evangelie ervaar en wat betrokke raak by die sending van die kerk. Tog meen Guder (2000:151) tereg dat die evangeliserende gemeente self voortdurend geëvangeliseer moet word.

> *This is happening individually and communally: the lines here cannot be easily separated. As individuals in the congregation hear and respond to the gospel in ways that convert them, then the community's continuing conversion happens. As the community is shaped by God's Spirit so that it risks being intentionally alternative to the dominant pressures of its cultural setting, then it is being converted.*

In aansluiting by bogenoemde kan McManus (2001:15) ernstig geneem word as hy daarop wys dat ons eerder van die groot gebod as die groot opdrag moet praat. Die opdrag (Matt 28:19-20) spruit uit die groot gebod dat ons God moet liefhê met hart, siel en verstand en ons naaste soos onsself. "*The gospel flows best through the establishing of significant relationships that are authentic and healthy. When relationships become stagnant and the community of Christ closes itself to the outside world, the result is an institution rather than a movement."* In 'n gebalanseerde ekosisteem het die gemeente 'n behoorlike verhouding met God, die lidmate het 'n behoorlike verhouding met mekaar en ook met die ongelowige wêreld.

Sendingintensie reik verby die mure van die kerk en raak betrokke by missionale "punte van konsentrasie" soos evangelisasie en werk vir vrede en geregtigheid. In 'n gemeente behoort beide hierdie sake aanwesig en werksaam te wees. Tog moet ons verstaan dat alles wat die gemeente doen nie missionaal is nie – dan sou ons met 'n gestremde kerk te doen hê. Die gemeenskap van gelowiges moet byvoorbeeld versorg en opgebou word om waarlik dissipels van Christus te wees, waarsonder ons pogings om 'n verskil in die wêreld te maak maar gebrekkig sal wees (Hancke 2006:111-112). Hierdie pleidooi van Hancke is geldig solank die tipiese selfgesentreerdheid van die Christendom nie weer gevoed en gekoester word nie. Keifert (2006:36-38) is oortuig dat die nuwe missionale era aangebreek het. Hy meen dat gemeentes wat aan hulle roeping gehoorsaam is en dit effektief uitleef, deel sal wees van transformerende sending*. "They will be transformed by the mission – called, gathered, and centered in Word and sacrament, and sent into the mission of God in daily life."*

'n Nuwe missionale era het inderdaad aangebreek – hopelik gaan meer gemeentes deel word van hierdie beweging en hulle as missionale gemeentes vestig. Marais & Kok

(2005:174) wys daarop dat 'n nuwe missionale ekklesiologie besig is om uit resente werk van Guder (Missional Church), asook die werk van die *Gospel and our Culture Network* (GOCN) te ontwikkel. Hierdie missionale ekklesiologie daag baie van die fundamentele voorveronderstellings wat Westerse kerke jeens sending koester uit. Baie gemeentes het binne hierdie voorveronderstellings gefunksioneer en het onseker geword oor hoe om 'n alternatiewe gemeenskap te wees. Missionale kerk-wees beteken dat gemeentes 'n meer kritiese ingesteldheid jeens hul omringende konteks ontwikkel, om sodoende as alternatiewe gemeenskap 'n uiters noodsaaklik profetiese roeping daarbinne te beoefen. Terselfdertyd word sending nie net gesien as die taak van enkelinge wat van tyd tot tyd in sendingaksies na ander plekke uitreik om siele vir die koninkryk van God te wen nie, maar as die taak en roeping van die hele gemeente wat op 'n deurlopende grondslag hulle missionale roeping in die wêreld en in hul onmiddellike konteks uitleef.

Om 'n missionale gemeente te wees beteken om saam met ander kerke, wat soos julle dink (Marais & Kok 2005:174):

- te luister na God se spesifieke roeping vir ons
- deur God gestuur te word
- deur die Heilige Gees bekragtig te word om deel te neem aan God se missie in die wêreld
- sodat beide ons uitreik en ons gemeentelike lewe 'n getuienis vir Jesus Christus kan wees.

## 2.5. DAN WAT? ... 'N MISSIONALE GEMEENTE BEGIN REALISEER

Die missionale gemeente is die ideaal waarna elke gemeente behoort te strewe. Dit is die gemeente wat 'n sendingdimensie in al haar werksaamhede het asook ‘n gesonde sendingintensie. Dit is die gemeente wat haarself as gawe van God aan die wêreld beskou en nie net ter wille van eie belang en eie oorlewing bestaan nie. Dit is die gemeente wat inderdaad 'n missionale karakter in 'n missionale leefwyse laat realiseer. Dit is 'n gemeente wat van **sturend** na **gestuur** verander het.

Die missionêre leefwyse word vervolgens beskryf onder hoofpunte: 'n Gestuurde gemeente, 'n getuigende gemeente, en 'n gemeente wat bestaan om ander te dien.

### 2.5.1. ’n Gestuurde gemeente

Die werk van Cole (2005); Hirsch (2006) en Keifert (2006) dien as basis en vertrekpunt vir dit wat tans as “gestuurde teologie” bekend staan. Gestuurdheid as teologiese begrip is niks nuuts nie. Guder (1998:80-81) het byvoorbeeld in die verlede soos volg hieroor geskryf:

> *Since the reformation the Church’s self-conception was “a place where certain things happened” – depicted by the reformation marks. David Bosch states that this self-perception gave way, in the twentieth century, to a new understanding of the Church as a body of sent people. Unlike the previous notion of the Church as an entity located in a faculty or in an institutional organisation and its activities, the Church is being reconceived as a community, a gathered people, brought together by a common calling and vocation to be a sent people.*

Beide (Cole 2005; Hirsch 2006) beskryf ’n nuwe beweging wat aan die orde is. Cole (2005) het begin om organiese kerke in Long Beach, Kalifornië in enige bymekaarkomplek behalwe die tradisionele kerkgeboue, te vestig. “*We were sent to find and reach people … who were in deep pain and had lost all hope… we were sent to give them a sense of hope and personal meaning… we were sent to start new churches, which we call Awakening Chapels, among urban post-moderns”* (Cole 2005:22). Hirsch (2006:30) sluit ook aan by hierdie gedagte as hy soos volg opmerk: “*All great missionary movements begin at the fringes of the church, among the poor and the marginalized, and seldom, if ever, at the center. It seems that when the church engages at the fringes, it almost always brings life to the center.*”

’n Nuwe organisasie naamlik die *Church Multiplication Associates* (*CMA*) is onder leiding van Cole (2005:22) begin. Sy uitgangspunt is dat kerke as deel van ’n beweging vermeerder moet word. Maar daar moet reg begin word. Dissipels moet vermeerder word, dan leiers en dan kerke ... Die Bybel gee ons nêrens opdrag om kerke te begin nie, maar om dissipels te maak wat weer dissipels maak. “*The way to see a true church multiplication movement is to multiply healthy disciples, then leaders, then churches, and finally movements – in that order (Cole 2005:98).*

Hy (Cole 2005:97) vergelyk dit met nuwe lewe wat begin as ’n sigoot wanneer die manlike saad en die vroulike eier verenig. Hiervandaan vermenigvuldig lewe terwyl die selle verdeel. Op molekulêre vlak is die chromosome (draers van erflike eienskappe) in die DNS-stringe. Hirsch (2006:20, 76) sluit by hierdie lewensbeginsel aan as hy eerstens verwys na “*Apostolic Genius*” wat uit die elemente van “*mDNA*” opgemaak is. Die konsep “*Apostolic Genius*” verwys na die ongelooflike groei van die kerk in die eerste drie eeue asook die ondergrondse kerk in Sjina (Hirsch 2006: 18-20). Hy sit ’n “m-” voor die *DNA*, wat gewoon missionale DNS beteken. Wat DNS vir biologiese sisteme doen, doen mDNS vir ekklessiologiese sisteme. Soos die DNS die genetiese kode van ’n spesifieke organisme dra, so kodeer die mDNS die “*Apostolic Genius*”. In biologiese sisteme dra elke sel die volledige kodering van die hele organisme, met ander woorde die hele organisme kan van een enkele sel gereproduseer word, daarom dat elke Christen deur die Heilige Gees die volledige mDNS-kodering het en direkte toegang tot die “*Apostolic Genius*” het (Hirsch 2006:76-77).

Die hele bedoeling van die CMA-beweging kan gesien word in Cole (2005:50; vgl. Hirsch 2006:103) se betekenisvolle opmerking: “[*W]e started articulating this profound goal for CMA. We want to lower the bar of how church is done and raise the bar of what it means to be a disciple*.” Om dit te bewerkstellig propageer hy (Cole 2005:99-103) dit wat hy die “basiese eenheid” van kerklewe noem. Hy het dit nie teen kleingroepe of huiskerke nie, vir hom is dit ’n stap in die regte rigting, maar daar is definitiewe waarde in die uitdrukking “twee of drie” wat in die Ou sowel as die Nuwe Testament gebruik word. Hy (Cole 2005:27) beskryf die gebruik waar twee of drie dissipels weekliks byeen - kom en wat in ’n nuwe organiese konteks as ’n *Life Transformation Group* (LTG) bekend staan:

- Gemeenskap van die gelowiges is sterker waar twee of drie betrokke is (Pred 4:9-12).
- Verantwoordbaarheid is sterker met twee of drie (1Tim 5:19).
- Vertroulikheid is sterker met twee of drie (Matt 18:15-17).
- Buigsaamheid is beter met twee of drie (Matt 18:20).
- Kommunikasie is beter met twee of drie (1Kor 14:26-33).
- Rigting is beter waar twee of drie is (2Kor 13:1).
- Leierskap is beter met twee of drie (1Kor 14:29)

Cole (2005:115) formuleer die kerk se DNS aan die hand van die Engelse afkorting daarvan soos volg:

- **D**ivine truth
- **N**urturing relationships
- **A**postolic mission

Hierdie *DNA* is inherent deel van die kerk se gene en as dit toegelaat word om op die regte manier te werk, dan vind ’n epidemiese uitbreiding plaas. Hy (Cole 2005:127) vergelyk die tradisionele organigram in ’n hiërargiese organisasie teenoor ’n organiese vloeidiagram waar alles buite beheer lyk en waar geen beperking aan uitbreiding gestel word nie. Elke lid is ook gelykwaardig en beskik oor ewe veel potensiaal. Dit is waar die konsep van ’n organiese kerk inkom. Dit gaan oor lidmate wat met hulle volledige “kerklike DNS” organiese kerke stig wat bymekaar kom waar dit ook al geleë is en op “chaordiese” (Cole 2005:123) wyse versprei.

Dit spreek vanself dat die dae van konstitusionele kerk met sy strenge hiërargiese organigram volgens hierdie model getel is. Hierdie organiese model, wat sterk herinner aan die kerk in die eerste drie eeue (sien 2.4.2.1.) wat al die eienskappe van ’n beweging gehad het, toon baie waarde. Tog sit ’n mens met die vraag oor hoe dit die huidige bestel, soos wat dit gestalte vind in talle gemeentes van byvoorbeeld die drie tradisionele Afrikaanse kerke, raak. Moet elke predikant en pastoor sy gemeente verlaat en op die organiese model werk? Stellig nie. Baie van die beginsels kan egter wel toegepas word en waarskynlik word iets daarvan vergestalt in die werk van Keifert, soos hieronder bespreek word.

Keifert (2006) is die stigter en president van *Church Innovations* (www.churchinnovations.org). Hy en sy span is sedert 1990 besig om gemeentes deur middel van kwantitatiewe metodes en toegepaste etnografie (deep listening) te begelei om vas te stel wat God besig is om in hulle gemeenskappe te doen. In sy boek, *We Are Here Now* (2006), omskryf hy die hele proses om gemeentes van Christendom-gemeentes na gestuurde gemeentes te begelei.

**Maar eers ’n opmerking oor Keifert as skrywer. Keifert (2006) se boek kan as ’n soort handleiding in strategie met betrekking tot gestuurde teologie geklassifiseer word en bied ’n tipe begronding daarby. Sy akademiese verantwoordbaarheid laat egter veel te wense oor. Sy werk wemel van ander skrywers se insigte en intellektuele eiendom sonder dat enigsins aan hulle erkenning verleen word. Hierdie bronlose aanhalings sal die spreekwoordelike klippie in heelparty akademici se skoen wees.**

Ten spyte van Keifert (2006) se manier van skryf, is sy insigte in strategie en die ontwikkeling van ’n gestuurde prosesmatigheid van groot nut en behoort dit ’n reusebydrae te lewer om ’n paradigmaskuif van instandhouding na gestuurdheid by gemeentes te bewerkstellig. Dit is nodig omdat die kerk haar regoor die wêreld in ’n nuwe era bevind. Die kerk het haar vroeëre vanselfsprekende posisie verloor, veral in die gemeenskappe wat as modern en postmodern getipeer kan word. Mense verwys na hierdie tyd as postmodern, post-Christen, post-Konstantyns of post-Christendom. Baie sprekers en skrywers verkeer in vrees as gevolg van hierdie soort verwysings. Feit is dat ons, soos Keifert (2006:24) dit stel, ’n nuwe era betree het:

> *... this hyperbolic language is warranted because we are in a time of change, perhaps epochal change in the relationships of church, gospel, and culture. It is a change in time and location for the local church, its immediate environment, and its greater cultural environment. The change is big!*

Hierdie verandering reflekteer ook in die NHKA as die volgende oor gestuurdheid gestel word: “Nog ’n betekenisvolle skuif in die Kerk se denke is die insig dat gemeentes gestuur is. *Gestuurde gemeentes!* Nie enkelinge of net sekere groeperinge in die gemeente nie.” Daar word vermeld dat 90% van die Hervormde Kerk se apostolaat in die verlede rondom sinodale en ringsaksies gesentreer het en dat die fokus van sinodale na gemeentevlak moet skuif (*Die Hervormer* 2009:1).

Die hele saak van "instandhouding" teenoor "gestuurdheid" laat Wepener (2007:1) die volgende onderskeid tussen die twee sake tref:

| Instandhoudingsgemeente | Gestuurde gemeente |
|---|---|
| Die primêre agent is die gemeente self en die predikant wat stuur. | Hier is dit die Drie-enige God wat die gemeente as geheel stuur. |
| Die primêre versorger is die predikant as pastor. | Die gemeente gee vir mekaar om en versorg mekaar onderling o.l.v. die Heilige Gees. |
| Die visier is merendeels gerig op ons en mense soos ons. | Drieledige fokus op God, op die lidmate onderling en op die wêreld wat God nog nie ken nie. |
| Wil diegene wat "nie soos ons is nie" verander om "soos ons te raak". | Ontmoet mense wat "nie soos ons is nie" waar hulle is en stel hulself oop vir diesulkes. |
| Oorlewing en uitbreiding baie sentraal. Getallegroei is 'n kriterium vir God se teenwoordigheid. | Meer daarop ingestel om te bepaal of dit waarmee hulle besig is op God en sy sending gerig is, of dit getallegroei gaan meebring of nie. |

Die fundamentele skuiwe in die nadenke oor sending en kerkwees, het die *Church Innovations Institute* (CII) in St Paul Minneapolis gestimuleer om 'n program met die naam *Partnership of Missional Churches* te ontwikkel. Die program is opgestel en staan onder leiding van wêreldleiers en deskundiges op die gebied van teologie, missiologie en ekklesiologie soos Pat Keifert, Lois Barrett en Pat Ellison. In Suider-Afrika is die Suid-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes (SAVGG) in 2003 onder leiding van Buvton gestig. Die vennootskap is in vyf areas, naamlik Namibië, Gauteng, Wes-Kaap, Oos-Kaap en die Suid-Kaap gevestig en strek oor 'n periode van drie tot vyf jaar. Patrick Keifert het in Augustus 2003 na Suid-Afrika gekom om die sessies waartydens die vennootskap geloods is, te behartig. Hy het Suid-Afrika weer in 2004 en 2005 besoek toe hy nog 'n aantal "vennootskap-clusters" gevorm het. Hul visie is dat 'n groot netwerk van missionêre gemeentes in die land gevestig sal word (Marais & Kok 2005:175).

#### 2.5.1.1 Die proses

Die proses word deur Keifert (2005, 2006: 61-137; vgl. Marais & Kok 2005: 175-178) onder vier indelings beskryf. Tydens Keifert se besoek aan Gauteng op 6 September 2005, is die proses puntsgewys aangedui, soos hieronder weergegee:

**Fase 1**: **Bewusmaking**. In hierdie fase sal gemeentes hulself (hede en verlede) deur middel van aktiewe navorsing en met behulp van onderhoudvoering en die bestudering van bestaande dokumente analiseer en interpreteer. Op die wyse kan gemeentes ontdek wie hulle is, en ook wie hulle vennote is. Hierdie fase duur tussen 3 en 5 maande en betrek 10% van die gemeente.[2]

Hierdie fase behels die volgende:

- 3 dae van voortgesette opleiding van die leraars/pastors;
- 5 dae van gespesialiseerde opleiding vir die leiers in die gemeente (die predikante nie hierby ingesluit nie);
- ’n proses waartydens gemeentes in die “cluster” hul kultuur en gereedheid vir missionêre kerkwees ontdek deur 3 verskillende verslae wat die resultate illustreer, te bestudeer;
- ’n Kerkraads-retraite om die resultate te evalueer en om daarby betrokke te raak;
- Opleiding van “coaches” en “mentors”;
- ’n Stap-vir-stap proses vir leiers van gemeentes om op ’n maandelike basis saam te werk;
- telefoonkonferensie: ’n twee-maandelikse telefoonkonferensie met ’n konsultant word in die vooruitsig gestel;
- ’n elektroniese nuusbrief word ontvang.

**Fase 2: Visioenering**. Dit is die eksperimenteringsfase waarin ’n missiestelling, asook ’n visie vir die taak van die gemeente geformuleer word, terwyl ’n plan van aksie op die tafel geplaas word. Voorts word verdere vaardighede en kapasiteit in die gemeente tydens hierdie fase ontwikkel om ’n missionêre transformasie vir die gemeente se missionêre uitdaging te kultiveer. Dit geskied deur samewerking in spanverband met die gemeente en haar vennote en in noue samewerking met die konsultante. Gemeentes vra in hierdie fase bewustelik die vraag: “Wat is God se roeping vir ons gemeente?” In hierdie fase sal ’n reeks dokumente waarin die gemeente se visie vervat word, opgestel word.

[2] 1. Keifert verwys na ’n kritiese massapunt wat normaalweg 15-20% van aktiewe lidmate uitmaak. Aktiewe lidmate is die mense wat eredienste bywoon, bv. met ’n gemiddelde erediensbywoning van 100 sal dit 15-20 wees wat dit bywoon (2006:97).

By hierdie fase word **25%** van die lidmate betrek en dit behels die volgende:

- 3 dae van voortgesette opleiding van die leraars/pastors;
- 5 dae van gespesialiseerde opleiding vir die leiers, die gemeente se predikante uitgesluit;
- 'n Volledige assessering van die leierskapsvaardighede en kapasiteit van die leiers;
- opleiding van 2 dae vir die missionêre aksiespanne;
- 'n stap-vir-stap proses vir missionêre taakspanne;
- telefoonkonferensie: 'n twee-maandelikse telefoonkonferensie met 'n konsultant;
- 'n elektroniese nuusbrief.

**Fase 3: Leer en groei.** Hierdie fase duur die langste fase ten einde te verseker dat 'n gemeente ten volle besef en verstaan wat hulle in hierdie proses doen en wil doen, en om aan lidmate die geleentheid te bied om die proses bewustelik toe te eien. Gestuurde gemeentes glo dat God 'n voorkeurtoekoms aan elke Christelike gemeente beloof het. In 'n atmosfeer en houding van biddende bepeinsing en bespreking, begin die gemeentes om in hierdie fase daardie toekoms te ontdek en begin hulle beplan hoe om hul onderskeie gemeentes na daardie toekoms te laat beweeg.

Hierdie fase kan etlike jare neem, afhangende van hoeveel 'n gemeente moet leer en **50%** van die gemeente word hierby betrek. Hierdie fase behels:

- 3 dae van voortgesette opleiding van die leraars/pastors;
- 5 dae van gespesialiseerde opleiding vir die leiers, die gemeente se predikante uitgesluit;
- 'n proses waartydens 5 dokumente ontwikkel word om as gids vir gemeentes te dien om hul plan te implimenteer, naamlik:
    - 'n Gemeentelike Visiestelling;
    - 'n Visie vir beliggaming;
    - Langtermyn beplanning;
    - "S.M.A.R.T." handelingsuitvoeringsbeplanning;
    - 'n Personeelverbintenis;
- telefoonkonferensie: 'n twee-maandelikse telefoonkonferensie met 'n konsultant;
- 'n elektroniese nuusbrief.

**Fase 4: Uitreik en mentor.** Die basiese voorveronderstelling van hierdie fase is dat God se sending verder as net een plaaslike gemeente strek en dat getroue rentmeesterskap van die spesifieke gawes en ervarings wat God aan 'n gemeente gegee het, beteken dat 'n gemeente dit ook sal deel met ander gemeentes wat hulle vennote in die doen van God se wil in die wêreld is.

In hierdie fase word beoog om **70%** van die gemeente te betrek. Dit behels die volgende:

- 3 dae van voortgesette opleiding van die leraars/pastors;
- 5 dae van gespesialiseerde opleiding vir die leiers, die gemeente se predikante uitgesluit;
- hulp in die beplanning en ontwikkeling van bedieninge sowel as hulp aan lidmate om hul Godgegewe geestelike gawes te ontdek. Hulp word ook verleen met die implementering van hierdie gawes in gepaste bedieninge;
- telefoonkonferensie: ’n twee-maandelikse telefoonkonferensie met ’n konsultant;
- ’n elektroniese nuusbrief.

Niemandt (2007:151) wys ook op die verskil tussen ’n aantreklike gemeente en ’n gestuurde gemeente. ’n Aantreklike gemeente is begaan oor die kerk se taak en doen moeite om so veel as moontlik mense na die kerk te lok om daar die boodskap van God se genade te hoor. ’n Gestuurde gemeente se fokus is om die gemeente na die wêreld te stuur om die goeie nuus na die wêreld te bring. Die Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes gebruik die volgende kwadrant om gemeentes te help om hul posisie in terme van hulle gestuurdheid te bepaal. Dit bied ook die insig om te verstaan hoe gestuurde gemeentes van ander verskil:

| **K III** - **Geslote deur- gemeenskap** | **K IV** - **Die gestuurde gemeente** |
|---|---|
| ❖ Gemeente stel hoë eise aan homself<br>❖ Fokus op “goeie gemeente wees”<br>❖ Fokus egter net op die “self”<br>❖ Gemeente word verbeter t.w.v. die gemeente | ❖ Totale fokus om deel van God se sending te wees<br>❖ Bewus van God se seën en wil daarom vir ander tot seën wees.<br>❖ Speel onmisbare rol in gemeenskap<br>❖ Oorwig lidmate – as gestuurdes |
| **K I** - **Gelowige klub** | **K II** - **Gemeente met ’n sending** |
| ❖ Klub van godsdienstige mense<br>❖ Vier tradisies en kuier lekker saam<br>❖ Betaal iets om voorregte te geniet<br>❖ Kerk (klub) onder druk om te presteer<br>❖ Eie behoeftes staan voorop<br>❖ Geestelike vulstasie | ❖ Kerk bestaan t.w.v. eie lidmate<br>❖ Besef van verantwoordelikheid vir sending<br>❖ Kleingroep om namens res te werk<br>❖ Sending steeds een van baie aktiwiteite in gemeente |

#### 2.5.1.2. 'n Teologiese besinning

Dit is op hierdie punt waar gemeentebou en gestuurde gemeentes met mekaar in gesprek gebring word. Dit wil voorkom of daar 'n tipe kloof tussen gemeentebou en gestuurde gemeentes bestaan – 'n kloof wat merendeels van die kant van gestuurde gemeentes beskryf word. Of dit 'n kloof moet wees, en of daar heelparty brûe oorgebou kan word, is 'n ope vraag. Dalk is die kloof nie so groot nie en sal 'n paar laagwaterbrûe voldoende wees. In korrespondensie met dr. Frederick Marais oor sy siening van die verskil tussen gestuurde gemeentes en gemeentebou het hy die volgende gestuur (Marais 2008) – dit word verbatim aangehaal:

1. Gemeentebou se vertrekpunt is antroposentries en strategies. Gestuurde Teologie se vertrekpunt is vanaf 'n Trinitariese verstaan van die missio Dei. In die jarelange gesprek oor die herstel van kerkbegrip het gemeentebou nie daarin geslaag om korreksies te bring nie omdat die gesprek oor ekklesiologie nie behoort te begin by die kerk nie maar by Godsbegrip.
2. Gemeentebou leun baie swaar op menslike vermoë om te reflekteer en strategie te ontwikkel terwyl daar by Gestuurde Teologie 'n groter bewussyn van afhanklikheid van die Gees is. Dit is onnodig om die twee teenoor mekaar te stel aangesien antropologie en pneumatologie nie teenoor mekaar gestel behoort te word nie. Dit is tog belangrik om die gebrek aan afhanklikheid van die Heilige Gees in Gemeentebou in die uitleef van die roeping te identifiseer. In dié sin is gemeentebou die produk van moderniteit en die geloof dat die mens oor die vermoë beskik om die "groot opdrag" van God te verstaan en te realiseer. Dit is interessant dat in die gemeenteboumateriaal gebed dikwels as "voorbidding" gesien word, terwyl in die gestuurde teologie gebed meer in die konteks van geloofsonderskeiding gesien word.
3. Die motiewe en vertrekpunt van die twee bewegings verskil. By gemeentebou is die vraag: Hoe help ons gemeentes om te groei? Deur die praktiese toepassing van evangeliese waarhede. Gestuurde Teologie begin by die vraag na die aard van die evangelie en die vraag na die wese van God self en hoe gemeentes dit kan beliggaam. In die mees praktiese uitdagings is die evangelie vir Gestuurde Teologie op die spel. Die evangelie is daarom nie in Gestuurde Teologie 'n aantal waarhede wat prakties toegepas moet word nie, maar die Drie-enige God wat sy missie wat die koninkryk laat kom deur die vestiging van betroubare geloofsgemeenskap(pe – sic) in die konteks van vandag.

4. Gestuurde Teologie is bewus daarvan dat ons nie met strategiese beplanning kan voorspel hoe die Drie-enige God sy missie realiseer nie. Ons kan daarom nie die gemeente projekbestuur nie. Daar word dikwels verwys na Handelinge en die "verrassings" in die vestiging en groei van die kerk. So byvoorbeeld die gebeure in Hand 10 waar die Gees Petrus vooruit gegaan het. Strategiese beplanning word daarom vervang met geloofsonderskeiding. Aan die ander kant is gemeentebou bewus van die almag van God en sy magtige werk as 'n objektiewe waarheid wat die gemeente moet waar maak deur kreatiewe en kundige besluitneming. Hoewel daar in die Gestuurde Teologie 'n bewussyn is van die gawes wat deur die Gees aan die gemeente gegee is, word die hoop nie geplaas op wat mense deur die gawes gaan vermag nie, maar hoe daar in afhanklikheid van die Gees ingeskakel word by die werk van die Drie-enige God. Gestuurde Teologie praktiseer die soewereiniteit van God deur geloofsonderskeiding, terwyl gemeentebou die gawes van die gelowiges kreatief mobiliseer.
5. Een van die belangrikste punte van onderskeid tussen gemeentebou en Gestuurde Teologie is hoe daar oor geloofsgemeenskap gedink word. Gemeentebou het die klem laat val op die uniekheid van bevolkingsgroepe in die kontekstualisering van die evangelie. "*Homogenous units*" het een van die beroemde, vir sommige berugte strategië van gemeentebou geword. Gestuurde Teologie aan die ander kant glo dat die evangelie sosio-ekonomiese, generasie-, taal- en rasgrense deurbreek. Om die rede was die gevolg van gemeentebou dikwels dat gemeentes uitreik-aksies geloods het om elders diens of getuieniswerk te doen, sonder dat dit die geloofsgemeenskap van die gemeente self verander het. By die Gestuurde Teologie is die uitgangspunt dat die Here die gemeente stuur om in die eerste plek nuwe geloofsgemeenskap te vestig met die mense na wie die Here die gemeente stuur.
6. In Gestuurde Teologie is evangelisasie en dienswerk in die gemeenskap nie teenoorstaandes nie, maar word daar geglo dat beide inpas in die holistiese missie van God na die wêreld. Gemeentebou is geneig om te reageer op die sogenaamde *Social Gospel*, en oorbeklemtoon evangelisasie as die primêre taak van die kerk.
7. 'n Baie belangrike onderskeid is hoe daar gedink word oor die posisie van die kerk in die samelewing. Gestuurde Teologie het ontwikkel uit die besef dat die Christendom era verby is waar die kerk 'n sentrale magsposisie in die gemeenskap in geneem het en dat dit 'n era was waarin die kerk as magsinstelling in die

samelewing ernstige gebreke gehad het om die evangelie te beliggaam. Gestuurde Teologie se fokus is daarom nie op die herstel van die mag van die kerk in die samelewing nie, maar eerder in die transformasie wat die kerk moet deurgaan om waardige draers van die evangelie te wees. Gemeentebou is nie noodwendig negatief teenoor die invloed van die Christendom in die kerk nie. Daarom is die verandering wat Gemeentebou bepleit eintlik tegniese verstellings, om beter te kan funksioneer as kerk, terwyl die Gestuurde Teologie ’n identiteitstranformasie vir die kerk in die oog het.

Marais (2008) verwys na die nuttige evaluering wat Gary McIntosh en Craig van Gelder maak oor die verskille tussen Church Growth **(hoewel daar raakpunte is tussen Gemeentebou en Church Growth, kan dit hoegenaamd nie as gelykstaande gesien word nie - soos Marais hieronder na die tabel ook toegee)** en Gestuurde Teologie in *Evaluating the Church Growth Movement* (McIntosh, 2004) Gailyn van Rheenen (2004) som die verskille soos volg op:

| | ***Missioneel*** | ***Kerkgroei*** |
|---|---|---|
| **Oriëntasie/perspektief** | Teosentries | Antroposentries |
| | Teologies | Prakties |
| | Postmodern | Modern |
| **Teologiese fokus** | *Missio Dei* | Groot Opdrag |
| **Begin vra** | Wat is Evangelie? | Wat laat die kerk groei? |
| **Perspektief op die Skrif** | Vertellinge van God se doel | Proposisionele waarheid |
| **Hoe word sending gedoen?** | Deur die Gees (God se “verrassings”) | Deur strategiese beplanning |
| **Aard van gemeenskap** | Inklusiwiteit, eenheid van liggaam van Christus | Mense in groepe (people groups) |
| **Fokus van evangelisasie** | Inisiasie van mense in God se koninkryk in; holistiese verstaan van die maak van dissipels. | Differensiasie tussen maak van dissipels en “perfecting”, indiwiduele redding |
| **Oriëntasie t.o.v. sosiale aksie** | Die evangelie, evangelisasie, en sosiale aksie kan nie geskei word nie. | Evangelisasie en kerkplanting geniet prioriteit bo sosiale aksie; reaktief teenoor die “*Social Gospel*” |

’n Tweede deel van die worsteling het te make met tot watter mate ’n gesprek tussen gemeentebou en gestuurde gemeentes in hierdie studie toegelaat moet word. Die vraag is relevant omdat die hipotesestelling van hierdie studie wil bepaal of gemeentes wat met ’n gestruktureerde gemeentebouproses besig is missionaal meer suksesvol is as

gemeentes wat nie 'n gestruktureerde proses deurloop nie. Dit wil lyk of die gesprek tussen gemeentebou en gestuurde gemeentes eerder in 'n ander proefskrif of 'n artikel in 'n teologiese vaktydskrif tuishoort. Tog is daar sekere aspekte van Marais (2008) se kritiek wat aandag verdien:

Marais (2008) gee in 'n voetnota die volgende toe: Ek is bewus daarvan dat Gemeentebou soos wat dit in Suider-Afrika gestalte gevind het, nie volledig met die *Church Growth Movement* saamval nie. Daar was kontinentale invloede gewees in die Suid-Afrikaanse verstaan van gemeentebou. Ek is egter tog van oordeel dat die uitgangspunte van die gemeentebouteologie soos hierbo verduidelik in 'n groot mate dieselfde is as dié van die *Church Growth Movement*."

Vervolgens word daar gereageer op enkele punte van kritiek soos wat dit deur Marais (2008) verwoord is:

- Op die stelling dat gemeentebou se vertrekpunt antroposentries en strategies is, dui talle aanhalings uit gemeentebouliteratuur dat daar definitief rekening gehou word met die Trinitatiese verstaan van die missio Dei. Onder punt 2.3.2.3 is by samevatting die volgende gesê: Gemeentebou is die soewereine God aan die werk, Hy is deurgaans die Subjek (vgl. Te Velde 1992:13, Hendriks 1992:40, Nel 1994:4,15, Beukes 1995:807, Heitink et al 1998:13, Hoek 1999:14, Van der Merwe & Vos 2002: 371, Schwarz 2005:46-48).
- In hierdie studie word daar taamlik breedvoerig gehandel oor die missionale asook die belangrike insigte wat gestuurde gemeentes bring. Die missionêre insigte wat uit die hoek van gemeentebou en uit die hoek van gestuurde gemeentes verkry is, word nie as teenoorstaandes gesien nie maar as insigte wat mekaar kan komplementeer. Daarom dat die hele proses wat gestuurde gemeentes volg, as 'n "gestruktureerde missionale (ontwikkelings)proses" kan deurgaan en dienooreenkomstig aan dieselfde meting onderwerp gaan word as gemeentes wat met 'n gestruktureerde gemeentebouproses besig is.
- Gemeentebou het 'n groot invloed op predikante en gemeentes in Suid-Afrika gehad. Dit kan as kardinale voorbereiding vir 'n groter missionale gerigtheid (soos ook in die gestuurde gemeente teologie bewoord word) gesien word. Gemeentebouteologie het gepoog om deurentyd erns te maak het met die missionale (toegegee, dalk nie volledig genoeg nie), meer as ooit tevore in die Suid-Afrikaanse konteks.

Gemeentebou in Suid-Afrika het in 'n groot mate die weg gebaan vir die SAVGG en daar kan steeds uit baie van die waardevolle insigte van gemeentebou en die gepaardgaande "strategieë" geput word.

- Na alles kom die SAVGG ook nie los van strategieë nie – te oordeel aan die vier goed uiteengesette fases soos in 2.5.1.1 (p. 115) beskryf.

Hierdie oortuiging van gestuurdheid vra na besinning in die Gereformeerde kerke oor hul belydenisskrifte en kerkordes (Niemandt 2007:152, vgl. Dreyer 1998:310). Daarby sal die ampte veral daarop gerig moet wees om lidmate deur middel van toerusting "gestuurde dissipels" te maak. Die fokus in gemeentes sal van instandhouding na diensbaarheid aan die gemeenskap moet skuif.

### 2.5.2 'n Getuigende gemeente

Die gemeente is die draer en beskermer van die waarheid (1Tim 3:15). Dit spreek vanself dat die gemeente 'n belangrike fokuspunt as getuigende gemeenskap is. Dit geld die erediens asook die prediking wat in die gemeente moet tuiskom. Cilliers (2002:146) skryf dat die gemeente die prediking voorafgaan en dit met 'n *Amen*! navolg. Die preekmaakproses word daarom van die begin tot die einde deur die gemeente prinsipieel mede-bepaal. "Van die beste kommentare op prediking vind predikers nie op hulle boekrakke nie, maar ook in die murg en bloed, in die weefsel, ja in die konteks van die gemeente wat rondom die prediking lééf." Hy noem verder dat diegene wat in die kerkbanke sit, as gawes van God gesien sal word, eerder as godsdienstige kliënte wie se belange so goed as moontlik hanteer moet word (Cilliers 2002:146). Hoewel Cilliers nie hier pertinent verwys na die missionale as hy van lidmate in die erediens as **gawes** praat nie, bied dit tog 'n waardevolle insig. Dit beteken dat lidmate elke Sondag as gawes in die erediens byeenkom om versterk en toegerus te word vir hulle "gestuurde-gawe-wees" in die sendingveld buite die mure van die kerkgebou.

Daar is reeds in hierdie studie verwys na Piper (2003:17, 215, 231) wat die standpunt huldig dat sending nie die hoofdoel van die kerk is nie maar die verheerliking van God. Hier volg sy siening:

> *Missions is not the ultimate goal of the church. Worship is. Missions exists because worship doesn't. Worship is ultimate, not missions, because God is ultimate, not man. When this age is over, and the countless millions of the redeemed fall on their faces before the throne of God, missions will be no more. It is a temporary necessity. But worship abides forever.*

#### 2.5.2.1 'n Erediens wat missionaal ingerig word

Met Piper se sienswyse in gedagte, word daar vervolgens gekyk na die byeenbring van die erediens asook die betekenis van missionale eredienste. Maar eers, enkele pennestrepe oor die erediens. 'n Mens sou Barnard (1981:459) in hierdie verband kon aanhaal as hy praat van die erediens van die lewe:

> Die wese van die erediens kan nie voldoende verstaan en beleef word nie as dit slegs gesien word soos dit op Sondag funksioneer. Die eintlike sin en betekenis daarvan kom tot openbaring wanneer die erediens van die Sondag waar word in die erediens van die lewe … Aanbidding wat nie betrekking het op die daaglikse lewe nie, is onwerklik, lewensvreemd en kragteloos, en versuim sy ware doel.

Callahan (1983:28) meen die hele erediens het te make met die evangelie wat goeie nuus is. Sommige predikers vergeet dit omdat te veel genade in wet verander, goeie nuus in oordeel en liefde in wettisisme. Müller (1990:9-13) beklemtoon die feit dat die erediens die fees van die gemeente is. Die erediens is die barometer van die gemeente se geloofsdiepte. Dit is die venster waardeur enige buitestander kan inkyk en met reg 'n oordeel oor die gehalte van die geloofslewe van die betrokke mense kan vel. Dit is egter nie net 'n venster waardeur 'n mens kan inkyk nie, dit is ook die venster waardeur uitgekyk kan word na elkeen se opdrag en roeping in die wêreld. Nel (1994:37) noem dat dit in die erediens sentraal gaan om die diens van God op grond van die *verdienste* van Jesus Christus. Hy (Nel 1994:43) praat in hierdie verband van die toegesegde status van 'n Christen - wat ons in Christus gegee is (indikatief) en wat ons uit dankbaarheid geneem het, maak van ons wat ons is. Om te bestaan en selfstandig geestelik te funksioneer vra dat die gelowige moet wees (imperatief) wie hy/sy in

Christus is. Godsdiens en naastediens hoort bymekaar. Hoe eerliker die *Gods*diens in die *ere*diens is, hoe meer logies vloei die *naaste*diens as deel van ons *Gods*diens daaruit voort. God die Vader, Seun en Gees word op hierdie wyse ver-*Heer-lik* (Nel 1994:37-38).

Dreyer (2003:1058-1059) bied ’n blik op Hervormde lidmate se belewenis van die erediens. Hy meld dat volgens sy empiriese navorsing mense se ervaring van die kerk grotendeels bepaal word deur dit wat in die eredienste en veral in die prediking gebeur. Dit sluit Hervormers se hoë premie op gewydheid, eerbied en ordelikheid van die erediensgebeure in. Hulle het ’n wars van allerlei nuwighede wat die gewydheid en die ontmoetingskarakter met God kan vertroebel en die versugting dat die Kerk nie neigings van die tydsgees klakkeloos na-aap nie, maar tradisionele waardes sal handhaaf.

Die Hervormde Kerk is nog grootliks in ’n oorlewings- en instandhoudingskarakter vasgevang. Daar is egter gemeentes wat die uitsondering hierop is en wat poog om daaruit te breek. Wat wel bemoedigend is in Dreyer (2003:1059) se studie, is dat daar ’n duidelik-groeiende bewussyn is dat die Kerk meer diakonaal en missionaal betrokke moet wees in die gemeenskap. Daar heers ook groot kommer by baie dat die Kerk haar jeug verloor. Hierdie groeiende bewussyn en versugting na groter missionale betrokkenheid sal in die Hervormde Kerk en ook in elke ander kerk in die erediens neerslag moet vind.

Missionale eredienste vorm die hart van 'n gemeente wat deelneem aan God se missie na die wêreld. Missionale eredienste het 'n dubbele uitdaging in hierdie verband. Aan die een kant is daar lidmate wat vir jare reeds eredienste in die gemeente se kerkgebou bywoon, maar aan die anderkant is daar mense wat nog nooit in die kerk of erediens was nie - mense wat nog nie glo nie. Missionale dienste wil beide hierdie groepe, maar veral die laasgenoemde groep laat tuiskom. Die ander uitdaging ten opsigte van beide groepe se tuiskoms in die erediens is die kreatiewe spanning van lekker gemaklik bymekaar kom, maar ook “ongemaklik” tot die besef kom dat ons op 'n unieke manier voor ons Gasheer verskyn. En dan wil missionale prediking mense uitnooi om deel te word van God se voortgaande missie in die wêreld (De Bruin 2006).


Daar moet gewaak word teen wat McDonald (2007:38-42) missionalisme noem, met ander woorde dat die waarde van alles in terme van die bereiking van die groter doel gemeet word. So byvoorbeeld word die waarde van die sogenaamde missionale liturgie bepaal deur die aantal soekers wat deur so ’n erediens gelok is. Ook Hunsberger (2002:1) verwys na die bekende uitspraak van Stephen Neill: "if everything is mission, then nothing is mission." Wepener (2007:2) noem dat so ’n “tel-van-koppe” eintlik ’n subtiele vorm van instandhouding kan word en is nie gestuurdheid nie. Die belangrikste volgens Wepener (2007:2-3) is die wete dat gestuurdheid nie ’n strategie is nie maar ’n leefwyse wat hy “geleefde liefde” noem. ’n Paar voorbeelde van geleefde liefde wat ook ander outeurs se mening insluit, word genoem:

- Gasvryheid by die erediens moet as geleefde liefde beleef word en nie bloot ’n strategie van ’n klein klompie groeters wees nie. Geleefde liefde moet iets wees wat elke lidmaat uitstraal wanneer besoekers met hulle in aanraking kom. Callahan (1983:24-26) praat van die liefde wat besoekers reeds by die parkeerterrein moet aanvoel: Dit is dus belangrik om te let op warmte, aanvaarding en liefde vandat die besoeker by die parkeerplek stilhou tot na die erediens. Dit is daarom nodig om vriendelike parkeerplekaanwysers te hê en ook groeters by die ingange wat werklik die gawe het om mense tuis en gemaklik te laat voel. Dit is ook belangrik dat die plekaanwysers op die regte wyse mense ontvang en laat tuis voel (vryvertaal AU). Dit is hierdie aspekte en ook die gebeure tydens die erediens wat Callahan (1983:26) die volgende laat opmerk: “*Throughout this progression, visitors should be greeted in love and warmth. They should be made to feel welcome, to sense that they are appreciated as distinctive human beings, not as numbers to add to the attendance figures.*”
- ’n Te groot klem op die regte lering te midde van lidmate se soeke na riglyne vir hulle leefwêreld wat oorgesien word, word dikwels nie as liefde beleef nie. Geleefde liefde sal ’n aktiewe poging aanwend om die gaping tussen liturgie en lewe te oorbrug. So ’n erediens beweeg in die rigting van gestuurdheid. Hancke (2006:64-66) praat in hierdie verband van deurlopende gefokusde prediking asook toerusting (dissipelskap) waar gelowiges voortdurend aan die ware wese en betekenis van die kerk bloot gestel word. “’n Gemeente word nie uit ’n na-binne-gerigte, gemaksone-bestaan geslinger slegs deur goeie begrip nie. Nee, iets meer is nodig. Die kennis en begrip moet deur die Heilige Gees verander word na ’n geïnspireerde hartsgesindheid” (Hancke 2006:64).

- Die pad van gestuurdheid sal die neem van risiko's insluit. Dit sal eerder op kwaliteit as kwantiteit fokus. Dit sal die oorsteek van grense behels eerder as dat mense net in hulle gemaksones vertoef. Die vraag na eie smaak en belang sal sekondêr aan die saak van die *missio Dei* gemaak moet word
- Dit sal nie die predikant wees wat die *missio Dei* alleen moet behartig nie. Dit is eerder 'n pad wat deur lidmate gestap gaan word. Dit sal volgens Wepener (2007:3) ook nie noodwendig beteken dat 'n gemeente as gevolg van die nuwe benadering uit haar nate sal bars nie. Hopelik sal die vlakke van toewyding wel verhoog.
- Avery Dulles (2002:211) stel dit dat die kerk nooit méér kerk kan wees as wanneer sy byeenkom vir erediens en onderrig nie ... "*But it would not be completely Church unless it went forth from its assemblies to carry on Christ's work in the world."* Hy noem dit 'n wisselwerking tussen twee fases – soos die sistoliese en diastoliese beweging van die hart, die inasem en uitasem van die longe. Die erediens is die sentripetale fase terwyl sending die sentrifugale fase uitmaak.

**2.5.2.2 Lidmate wat getuienis lewer**

Die belangrike saak van getuienislewering word logieserwys na die hele saak van die erediens bespreek. Die erediens kan as geleenthede van korporatiewe getuienisse gesien word. Natuurlik gaan dit ook wyer as dit en kan 'n korporatiewe impak ook op ander maniere gemaak word, byvoorbeeld deur dienslewering in die gemeenskap. Hancke (2005:23) voer aan dat 'n sinergie tussen die persoonlike getuienislewering van lidmate en die korporatiewe impak van die gemeente bestaan. "*It is therefore imperative that the impact of the local Church will not be accelerated without concentrating on the personal witness of believers.*" Daar kan geen korporatiewe getuienis wees sonder persoonlike getuienisse nie. Die volgende illustrasie dui die verband tussen persoonlike en korporatiewe getuienis aan:




(Geneem uit Hancke 2005:23)

Hancke (2005: 1-2) noem dat minder as 20% van die kerk (Church's) se lidmaatskap aktief betrokke is by die uitreik- en missionêre aktiwiteite van die kerk. *"Surely, something drastically is wrong."* Hy voer dit verder en vra waarom die meerderheid Christene in die wêreld nie missionêr betrokke is deur persoonlike getuienis nie? Ook Keifert (2006:131-137) gaan in op die vraag en sê dan: "*I have found that a major part of the colonization by Western modernity has been this falling asleep, this drowsiness to the life of Trinity. In our legitimate desire to avoid violence due to relious fervor, we have deliberately tranquilized ourselves from witnessing the reign of God.*"

Armstrong (1979:55) bied 'n interessante verduideliking oor die onderskeid tussen getuienislewering en om advokaat vir Christus te wees. Hy verwys eerstens na die populêre vraag wat dikwels aan Christene gestel word: "As jy vandag aangekla sou word omdat jy 'n Christen is, sou daar genoeg getuienis wees om jou skuldig te bevind?" Hierdie vraag daag jou algemene getuienis as Christen uit. Armstrong volg dan op met nog 'n vraag: "As Jesus Christus vandag op verhoor sou wees, sou Hy jou as regsverteenwoordiger wou hê?" Hierdie vraag vra na jou vermoë om advokaat vir Hom te wees. Hy tref dan die onderskeid (Armstrong 1979:55):

> *Witnessing is telling what we have heard and seen; advocacy is making a case. Witnessing is testifying; advocacy is defending. We also witness (show our faith) by the way we live, including how we speak. For that reason we are witnesses when we advocate, but we are not necessarily advocates when we witness.*

Armstrong (1979:55-56) kwalifiseer ook twee ander begrippe, naamlik "*evidence*" (bewyse) en "*testimony*" (getuienis). Bewyse (*evidence*) sal dan neerkom op dit wat ons geloofsveronderstellings ondersteun. Getuienislewering (*testimony*) is dan dit wat ons sê

wanneer ons getuig. Evangelisasie sluit in – om te getuig, te verdedig, bewyse te lewer, getuienis te wees ... "*but is neither equated with nor limited to any or all of them*." Ek mag teenoor 'n medegelowige getuig, maar dit is nie evangelisasie nie. Ek mag my persoonlike ervaring met 'n Bybelstudiegroep deel, maar ook dit is nie evangelisasie nie. Die terme het verskillende betekenismoontlikhede en dit moet in gedagte gehou word.

Evangelisasie, volgens Armstrong (1979:57), verwys na die proklamasie of bekendmaking van die evangelie, die goeie nuus. Getuienislewering met al die nuanses soos hierbo uiteengesit, wat daarop gerig is om nie-gelowiges bewus te maak van die verlossing in Jesus Christus, is dan 'n onontbeerlike komponent van evangelisasie. Christelike getuienislewering uit 'n Bybelse perspektief, openbaar die volgende eienskappe (Hancke 2005:138-139):

- Dit bevat 'n element van diens aan ander (vgl. Armstrong 1979:58-63; Van der Spuy 2004:113).
- Getuienislewering sluit sosiale verantwoordelikheid in: "*It results into vision and hope of social transformation and expect justice, freedom and peace. To fulfil this expectation witness mostly demonstrates solidarity with the people for whom it is intended and through this it earns credibility*" (Armstrong 1979:58-63).
- Getuienis is doelbewus (intentional). "*More emphasis should probably be placed on intentional witness than on conscious witness*." Die rede daarvoor is dat iemand bewus mag wees van die impak van 'n goeie lewe, hoewel dit nog nie bewustelike getuienis is nie. "[*A]lthough it is not everything, evangelism still forms the heart of mission. This also applies to witness - if there is no intention to witness, then there is no witness*" (Hancke 2005:135).
- Getuie-wees dra iets van gestuur-wees in hom om (paragraaf 2.5.1. p. 89).
- Alle Christene word geroep om te getuig (vgl. Bosch 1991:137; Van der Spuy 2004:107; Keifert 2006:131-137).
- Om getuie te wees kan van jou 'n prys vra. Dikwels moet getuies grense en versperrings in die proses van uitreik oorsteek. Daar is dikwels 'n simbiose tussen getuie-wees en lyding (vgl. Piper 2003:71-107). Getuienis gaan oor die waarheid. Dit het te doen met bewyse, feite en eerstehandse kennis. "*Witness always has a purpose and therefore content. Without content there is no witness.*"

Getuienislewering het altyd 'n element van evangelisasie en sosiale aksie. Hierdie twee elemente is op so 'n wyse geïntegreer dat die nie geskei kan word nie. Deur evangelisasie bring die getuie God se versoening na die wêreld toe. Die lewering van getuienis vind plaas deur proklamasie (*kerugma*), diens (*diakonia*) en gemeenskap (*koinonia*). Hierdie elemente behoort ook nie geskei te word nie, maar in 'n geïntegreerde geheel aangewend te word. Getuie-wees gaan oor optrede, woorde, aksies en teenwoordigheid... "*And when witnessing by proclamation, these words should be accredited by a congruent life-style*" (Hancke 2005: 139-140; vgl. Bosch 1991:137; Getz 2003:155-162).

Die missionale gemeente se motief behoort altyd 'n verstaan van God se koninkryk in te hou, asook 'n onuitwisbare begeerte om dit te sien groei. Die gemeente durf nie in 'n selfgenoegsaamheid met die status quo te verval nie en mag ook nie apaties teenoor groei staan nie – en so die essensie van God se lewende Liggaam ignoreer nie (Hancke 2005:137). Die onderstaande diagram wil aandui dat die getuie (*martus*) geskied vanuit





Figure – Key factors linked to the person of the witness

Geneem uit Hancke (2005:223)

'n Godgesentreerdheid, insig en die regte lewenstyl. Alles geskied tot eer van die drie-enige God wat op sy beurt weer aan die getuie die mandaat gee om te getuig asook die roeping, toerusting en bemagtiging.

**Godgesentreerdheid** beteken om op God gefokus te wees en om 'n groeiende, intieme verhouding met Hom te hê wat op sy beurt weer persoonlike getuienislewering aanvuur. Dit dui ook op 'n bereidwilligheid om die Heilige Gees toe te laat om persoonlike getuie-wees te bemagtig, asook 'n gebalanseerde spiritualiteit te help bewerkstellig. Die oorwoë doel is dat die objek van *marturia*, naamlik die glorie van God, 'n werklikheid sal word (Hancke 2005:224).

**Insig** gaan oor 'n Bybelse verstaan van die *missio Dei*, God se koninkryk, die kerk asook die implikasies van wat dit beteken om deel van die liggaam van Christus te wees. Dit sluit 'n duidelike verstaan van wat getuie-wees beteken in, die gestuurdheid van die kerk en die verantwoordelikheid om doelbewus uit te reik. Hierdie insig voorkom die verkeerde persepsie dat getuie-wees die verantwoordelikheid van 'n klein groepie gelowiges is. Hancke (2005:225) maak die volgende opmerking oor wat insig behels:

> *A sound Biblical understanding will also disallow a simplistic view of witness as ultimately being about a Christian sharing personal 'stories and experiences' and revealing an exemplarary lifestyle. This insight will permeate the whole being of the believer, understanding that witness is based on the Word and ultimately points to the Word who became flesh and made his dwelling among us. We have seen his glory, the glory of the One and Only, who came from the Father, full of grace and truth.*

**Lewenstyl** impliseer 'n lewe deurdrenk van aanbidding deur middel van woorde en dade. Dit beteken dat gelowiges 'n holistiese uitkyk op die lewe het en dat elkeen bewustelik God se transformasie-agent in elke situasie sal wees. Dit sluit ook in die lewe en groei van 'n mens om meer soos Christus te word en wat uiteraard 'n lewe van dissipelskap impliseer (Hancke 2005:225).

Bogenoemde punte, Godgesentreerdheid, insig en lewenstyl, is volgens Hancke (2005:224-225) die missiologiese samestelling van die gelowige as getuie. Dit vorm die

basis vir getuienislewering en vloei uit die wese van die getuie (*martus*). Dit is die eienskappe wat God in die *martus* gebruik om deur woord en daad getuienis (*marturia*) te lewer. Onderstaande diagram is 'n uitbreiding van die vorige om aan te dui hoe die *marturia* vanuit die *martus* se Godgesentreerdheid, missionêre insig en lewenstyl voltrek word. Dit toon ook aan hoe dinge soos leierskap, lidmaatskap, konteks, doktrine, geleenthede en strukture 'n rol in die getuienislewering teenoor die wêreld speel.





**Figure – A diagnostic model based on a holistic view of witness**
Geneem uit Hancke (2005:227)

**Hoe meetbaar?**

Keifert (2006:118) noem dat hy, deur na die volgende waardes te vra, gou kan bepaal of 'n gemeente 'n lerende missionale gemeenskap is:

1. Is elke Christen 'n sendeling in die dag-tot-dag lewe?
2. Bied die gemeente voortdurende opleiding?

Wanneer meting ter sprake kom, sal 'n gemeente moeite ondervind om die eerste vraag te beantwoord deur 'n waarde daaraan te koppel. Die waarskynlike antwoord sal "nee" wees, want selfs die SAVGG se vierde stadium maak net voorsiening vir 70% van die gemeente se medewerking na jare se opleiding en implementering van die model (vgl. 2.5.1.1, p 94). Wat voortdurende opleiding betref, kan dit met opleiding in evangelisasie saamgevoeg word. Lidmate se getuienislewering in gemeentes gaan nie pertinent getoets word nie omdat die veronderstelling is dat dit 'n beduidende komponent van evangelisasie is.

**2.5.2.3 Onderlinge verhoudinge dien as getuienis**

Na die Tweede Wêreldoorlog het mense in Amerika na die stede toe gestroom op soek na meer as net die onmiddellike. Volgens Mead (1996:46) was dit *" a search not only for a house and a plot of ground, but also for the myth of a close-knit human community..."* Dit blyk dat die soeke na gemeenskap in die stede, vir die meeste 'n ontnugtering is. Mense wil hulle woonbuurte steeds as 'n bron van gemeenskap sien, maar soos Mead (1996:46) tereg opmerk: *"Neighbour is often the new word for stranger."* Burger (1997:16) noem dat die moderne era se soeke na indiwidualiteit tot die probleem van vereensaming en vervreemding bygedra het. Aan die een kant het dit tot wonderlike vryhede gelei waar mense bykans onbeperkte keuses kan uitoefen. Maar daar is ook 'n skadukant aan verbonde: In hierdie "wonderlike" wêreld het eensaamheid 'n verskriklike probleem geword. Burger (1997:16) deel die volgende waarheid: "Dit is so dat dit uiteindelik in die kerk om meer en groter goed as warmte en intimiteit gaan. Maar, kerke wat nie moeite doen om aan mense óók warmte en intimiteit te gee nie, sal waarskynlik nie mense hê om die ander, groter dinge mee te doen nie." Ook Hancke (2006:167,171) voel sterk daaroor en is van mening dat die verskil wat 'n gemeente maak, grootliks bepaal word deur hoe hulle met verhoudings omgaan. Dit beteken dat 'n

verskilmakende gemeente nie bewustelik gebroke verhoudings mag koester nie – nie op persoonlike of korporatiewe vlak nie. In die verband bied Nel (1994:41) 'n vertrekpunt:

> Deur Jesus Christus word die mens in sy verhoudinge met sy medemens herstel tot liefhê - om met woorde en dade te dien en te deel. Christus se versoeningswerk het die mens se kommunikasiekanale weer oopgemaak met God, die skepping en sy medemens. Juis hierdie herstelde verhoudings is die hart van *koinonia*. Die beoefening en inoefening van koinonia kan beplan word, maar koinonia self is die gevolg van geestelike vernuwing. Die gemeente is 'n gemeenskap van mense wat saam deel het aan Jesus Christus en wat om dié rede deel kry (deel gee en deelneem) aan mekaar se lewens.

Warren (2003:122) noem dat die Liggaam van Christus net soos jou eie liggaam, 'n versameling van talle klein selle is. Die lewe van die Liggaam van Christus, soos jou eie liggaam, is in dié selle vasgevang. Daarom moet elke Christen by 'n klein groepie binne die kerk betrokke wees, hetsy 'n tuisgroepie, 'n Sondagskoolklas of 'n Bybelstudiegroep. Die belangrikheid van kleingroepe word ook deur Johnson & Johnson (1994:5) vanuit die sosiale wetenskap beskryf:

> *Humans are small group beings. We always have been and we always will be. As John Donne said, 'no man is an island, entire of itself. Throughout the history of our species we have lived in small groups… it is only recently, in the past hundred years or so, that large cities have become the rule rather than the exception.*

Potgieter (1995:170,175) oordeel: "As die kerk nie 'n gemeenskap is nie, is dit nie kerk nie ... gemeenskap is nie slegs 'n modus of faset van die kerk se bestaan nie maar die wesenlike eienskap waarsonder dit nie kerk kan wees nie." Bisschoff (1998:4) meen dit is 'n eenheid wat alle grense transendeer:

> Tekste soos Gal 3:28 en Kol 3:11 is merkwaardig as ons besef watter krag die grense, wat daarin beskryf word, wel in daardie tyd gehad het: Volks-, godsdienstige, ras-, klasse-, geslags- en beskaafdheidsgrense. Almal word in Christus oorgesteek om 'n nuwe eenheid te vorm. Die "mekaar" tekste is almal gerig op die praktiese uitvoering van die opdrag om *koinonia* te beoefen en te beleef.

Schwarz (1996:32) wys daarop dat holistiese groepe die beste uitwerking op die kwalitatiewe en numeriese groei in 'n gemeente het. "*They must be holistic groups, which go beyond just discussing Bible passages to applying its message to daily life … Holistic small groups are the natural place for Christians to learn to serve others – both in and outside the group – with their spiritual gifts*."

Daar is reeds in hierdie studie verwys na Cole se *Life Transformation Groepe* (LTG's) (2005:27) wat in twee's of drieë byeenkom. Hy verwys na kleingroepe en huisgemeentes wat 'n belangrike rol vervul, alhoewel hy die LTG-model verkies, wat volgens hom die beste werk om lewenskragtige dissipels te vorm. Daar is sekerlik baie ander modelle wat as voorbeelde kan dien, maar die kleingroepmodel, soos dit tans in die meeste gemeentes funksioneer, word hier bespreek. Dit is vanuit hierdie model wat die vraag na missionale aktiwiteite binne die kleingroepe gevra gaan word, asook die kwessie van moontlike missionale sukses al dan nie.

**(a) 'n Tipe definisie**

Kleingroepe is volgens Arnold (1992:9) *"an intentional gathering of three to twelve people who commit themselves to work together to become better disciples of Jesus Christ."* Die drie sleutelterme hier is "*commitment*", "*working together*" en "*discipleship*". Olivier (2005:224) noem dat 'n kleingroep 'n doelbewuste byeenbringing van drie tot twaalf indiwidue behels, wat op 'n gereelde basis byeenkom met die doel om:

Mekaar effektief toe te rus en te bemagtig tot groei in Christus-gelykvormigheid met die volgende gevolge:

- omgee (*koinonia*) word gedeel en ervaar;
- gesonde verhoudings word met mekaar en nog-nie-gelowige vriende en kennisse gebou;
- God word hier aanbid;
- Mense groei tot geestelike volwassenheid;
- Groeplede dien mekaar en as groep die gemeente, gemeenskap en wyer wêreld;
- Groeplede word aangemoedig tot diens en sending.

**(b) Belangrike eienskappe van kleingroepbyeenkomste**

Vervolgens word aandag gegee aan belangrike momente in die byeenkoms van kleingroepe (vgl. Bisshoff 1998:13vv; Nel 1994:85-96; Olivier 2005:217-317):

- *Koinonia* (Arnold 1992:42; Van der Spuy 2004:145-150; Olivier 2005:255) loop soos 'n goue draad deur al die bedieninge in 'n gemeente, dit is 'n fundamentele deel van elkeen. Koinonia behels verhoudinge. 'n Bybelse verstaan daarvan behels 'n verhouding tussen God en 'n groep gelowiges. God het ons gemaak vir gemeenskap met Hom en met mekaar. Die twee boustene van koinonia is toewyding (commitment) en gesonde kommunikasie (Arnold 1992:42-43).
- Aanbidding en lofprysing wat 'n bewuste fokus op God het. Gebed gerig op aanbidding en lof aan die Here, en selfs sang, maak van die moment 'n spesiale oomblik van stilword voor die Here. Dit is belangrik om hiervoor voorsiening te maak en groeplede hierin te help groei. Van der Spuy (1998:32) meld dat die kleingroep lidmate leer om intersessie vir groeplede en ander mense te doen. Hy noem dat werklike verandering plaasvind wanneer ernstig en opreg saam oor 'n saak gebid word. Groeplede word ook geestelik aanmekaar verbind met versoeke en opdragte om gedurende die week vir mekaar te bid of vir spesifieke gebedsake byeen te kom (Van der Spuy 1998:32).
- Woordstudie wat tot die integrasie van ons geloofskennis met ons eie lewensverhaal lei, bly 'n belangrike element en mag nie afgeskeep of afgewater raak nie. Deur te luister na wat God deur sy Woord vir ons wil sê, word gemeenskap met Hom en mekaar verdiep. Kleingroepe kan ook die preek van Sondag bespreek. Van der Spuy (1998:33; 2004:145-146) meld die volgende: Omgeegroepe getuig dikwels dat sake waaroor verskeie preke gehandel het, eers in hulle lewe verander en regkom wanneer dit in die kleingroep bespreek word.

- Saamdoen - aktivering tot dienswerk. Uiteindelik moet daar geleentheid geskep word vir saamdoen in die gemeente of gemeenskap (vgl. Van der Spuy 2004: 155-165). Sonder 'n na-buite-gerigtheid vind daar maklik "koinonitis" plaas wat, soos Nel (1994:92) dit stel: "... 'n broeiplek is vir baie afbrekende emosies, klieks, skinderbidure en wat selfs sieklike selfsug en dwaling kan word."
- Getuienislewering behoort deel te wees van die kleingroep se missionale bewussyn. Nuwe lede moet gedurig by die groep gevoeg word. George (1992:100,128; Olivier 2005:246; vgl. Hancke 2006:182) stel 'n ideaal van twee persone elke jaar. Om die lede aan hierdie visie te herinner, stel hy voor dat daar 'n "oop stoel" by elke geleentheid moet wees, sodat daar gebid en gewerk kan word om daardie stoel gevul te kry.
- Onderlinge dissipline vind plaas waar gelowiges vanuit hul verbondenheid met Christus 'n dissipelverbondenheid met mekaar het en ontwikkel, waar egte empatie en vermaning ook plaasvind. Dissipelskap lei tot dissipline en nie andersom nie (Nel 1994:94).
- Die kleingroep is die plek waar onderlinge sorg vir mekaar kan plaasvind omdat dit die beste toegerus is om verantwoordelikhede ten opsigte van herderskap en omgee te aanvaar. Waar daar probleme is, betrek die omgeegroepleier die hele groep om betrokkenes te ondersteun en te begelei. Slegs waar die groepleier nie 'n bepaalde behoefte toereikend vanuit sy groep kan hanteer nie, word die leraar betrek (Van der Spuy 1998:43).
- Leierskapopleiding vind plaas in 'n kleingroep. Vir elke leier in 'n kleingroep behoort daar 'n assistent-leier te wees wat al hoe meer vertroud raak met dié soort leierskap. Wanneer die oorspronklike groep verdeel, sal die assistent-leier die nuwe groepleier in die afgestigde groep wees wat op sy beurt weer 'n assistent-leier identifiseer (Olivier 2005:245).

**(c) Mites oor koinonia**

In die lig van die voorafgaande is dit tog nodig om ook ag te slaan op Myers (2003:9-18) as hy sekere mites oor koinonia en kleingroepe wat "belonging" betref, uitwys. Hy toon oortuigend aan dat die aantal verskillende insette nie noodwendig 'n gevoel van "behoort" meebring nie. Die volgende mites word uitgewys:

- *More time = more belonging*
- *More commitment = more belonging*
- *More purpose = more belonging*
- *More personality = more belonging*
- *More proximity = more belonging*
- *More smallgroups = more belonging*

Myers (2003: 20, 39-57) sit dan sy argument voort en voer aan dat kleingroepe nie die enigste vorm van koinonia is nie deur te wys op vier soorte ruimtes (four spaces) waarbinne 'n mens volledig kan behoort:

a) publieke (openbare) ruimte
b) sosiale ruimte
c) persoonlike ruimte
d) intieme ruimte

**(d) Missionale afleidings**?

Hoewel Myers (2003) goeie perspektief bied, kan die belang van kleingroepe as missionale instrument nie onderskat word nie, al behoort net ongeveer 30% van 'n gemeente se lidmate aan kleingroepe (vgl. Myers 2003:18). Die missionale waarde van 'n kleingroepbediening lê daarin dat nog-nie-gelowiges dalk makliker by 'n kleingroep as by 'n erediens sal kom inloer. Die blote aanwesigheid van kleingroepe in 'n gemeente kan 'n aanduiding van 'n missionale gerigtheid wees, veral as die 'oopstoel-gedagte' gedurig bevorder en uitgevoer word. 'n Gemeente kan aan die hand van die volgende vrae getoets word:

1. Is daar kleingroepe in die gemeente?
2. Is die kleingroepe bewus van die 'oopstoel-konsep' en word hulle aangemoedig om nuwe mense, veral ongelowiges en buitekerklikes te nooi?
3. Hoeveel lidmate het vanuit die kleingroepbediening belydenis afgelê?

### 2.5.2.4 Evangeliserend

Brueggemann (2006:92-113) skryf 'n insiggewende hoofstuk oor evangelisasie en dissipelskap en sê onder andere in die verband: "*The call of God, in short, is to discipleship, that is, to follow God's presence and purpose and promise with the disciplines necessary to the project.*" Voorts meen hy (Brueggemann 2006:95) dat die roeping tot dissipelskap 'n roeping weg is van die gewone lewe, gewone besittings, gewone veronderstellings na 'n nuwe lewe wat die wêreld as 'n saak van onmoontlikheid ag.

> *Discipleship is no easy church program ... it entails (a) a resolve to follow a leader who himself has costly habits, (b) in order to engage in disciplines that disentangle us from ways in which we are schooled and narcoticized into new habits that break old vicious cycles among us, drawing us into intimacy with this calling God.*

Evangelisasie beteken vir hom die volgende (Brueggemann 2006:110): "*The term 'evangel' is a rendering of 'Gospel' that is in turn rendering of 'news, good news.*'" Hy koppel dan die term aan tekste soos Jes 40:9, 40: 28, 52:7 en Mark 1:14-15. By die uitstuur van die dissipels in Lukas 10 koppel hy dit aan die terme "*talk*" en "*walk*" (Brueggemann 2006:99). Die aanvanklike mandaat aan die dissipels was om te praat (*talk*), terwyl die tweede deel behels om te "walk" deur byvoorbeeld siekes gesond te maak, dooies op te wek, duiwels uit te dryf ens. Hy (Brueggemann 2006:101) stel dit dan op die volgende manier:

> *The walk is to cure, the restoration of broken humannes to full creaturely well-being. The talk is to assert the nearness of the new rule ... the talk makes the walk possible, and the walk is to heal, to break all vicious cycles of diminishment that violate the intention of the creator.*

**(a) Die term "Evangelisasie"**

Volgens Heitink (2007:190) is die term evangelisasie "*een prikkelend woord ... dat oude papieren heeft, daarna in het verdomhoekje belandde, maar in onze tijd op een open levensbeschoulijke markt een herkansing verdient.*" Een van die redes dat die term evangelisasie in die "*verdomhoekje"* beland het, is die opdringerige benadering wat in die verlede in die proses van "*Zieltjes winnen"* gevolg is waar bekeringsywer (dwang) meestal die doel verbygeskiet het (Heitink 2007:192).

Die hele saak van evangelisasie vra na die regte balans. Dit behoort nie net 'n losstaande program te wees wat êrens aan die gemeentebediening gehaak word nie, maar moet eerder spruit uit 'n deurleefde missionale bewoëndheid. "*Mission is not something the Church does, a part of its total programme. No, the Church's essence is missional, for the calling and sending action of God forms its identity. Mission is founded*

*on the mission of God in the world, rather than the Church's effort to extend itself*" (Guder 1998:81). McLaren (2001:156) deel hierdie mening as hy sê: "*Our mission is comprehensive – so that every Christian, 'clergy' and 'lay', is equally sent – to a classroom, a factory, an office building, a highway, a jungle, whatever – to be an agent of Christ, an agent of the kingdom.*"

Evangelisasie het die bedoeling om mense buite die gemeente in die voorregte van die evangelie te laat deel. Dit gaan hier nie net oor woorde van genade en waarheid nie, maar ook oor dade van barmhartigheid en geregtigheid (Heitink 2007:194; vgl. Dulles 2002:211-212). Barret (1987:77) wys daarop dat daar in Engels meer as 300 verskillende definisies van die konsep "evangeliseer" (*evangelize*) is: "…*using vastly different terminology and employing over 700 different terms or synonyms or near-synonyms of part-synonyms.*" Evangelisasie kan volgens Bosch (1991:420) opgesom word as: "Daardie dimensie en aktiwiteit van die kerk se sending wat deur woord en daad en in die lig van spesifieke omstandighede en in 'n bepaalde konteks aan elke persoon en gemeenskap, oral 'n geldige geleentheid tot 'n radikale heroriëntasie bied en sluit aspekte in soos bevryding van slawerny aan die wêreld en sy magte; om Jesus Christus aan te gryp as Redder en Heer; en 'n lewende lidmaat van sy gemeente te word; betrokke te raak in sy diens van rekonsiliasie, vrede, geregtigheid op aarde en om toegewy te wees aan God se doel om alles onder die heerskappy van Christus te stel." Guder (2000:3-27) handel breedvoerig met die herkoms en gebruik van die begrippe sending en evangelisasie. Vervolgens word elke begrip kortliks behandel:

"*Whereas mission has become a central theme of theology, evangelism has continued to be an ambiguous term*" (Guder 2000:23). Hy pleit vir 'n begrip van evangelisasie wat in die *missio Dei* gewortel is. Hy (Guder 2000:25) verkies die begrip "*evangelization*" bo "*evangelism*" (hierdie onderskeid is nie so skerp in Afrikaans nie. 'n Moontlike onderskeid sou wees "evangeliseer" vs. "evangelisasie" of dalk evangelisme) en meld voorts dat die gebruik van die term "*evangelization*" vier voordele inhou:

- *It is closer to the New Testament usage, with its emphasis upon the church's commision to evangelize (euangelizein), that is, to communicate the gospel.*
- *It stresses the ongoing, dynamic, process character of the church witness.*

- *It moves away from the reductionism of evangelism as method and program.*
- *And it confirms a common usage among Protestants and Roman Catholics, since it is already the preferred terminology of the Catholic world.*

'n Verdere belangrike rede vir die term "*evangelize*" is volgens Guder (2000:26) daarin geleë dat ons ons taal en begrip van die idee dat evangelisering net op ongelowiges gemik is, moet bevry: "*The New Testament is adressed to believers from beginning to end, and it evangelizes at every turning. Evangelizing churches are churches that are being evangelized. For the sake of its evangelistic vocation, the continuing conversion of the church is essential.*"

Daar is reeds baie in hierdie studie oor die gemeente as missio Dei, as gestuurde gemeente geskryf. Talle resente werke (vgl. Van der Spuy 2004; Hancke 2006) meld ook dat elke lidmaat 'n sendeling behoort te wees en evangelisasie en sending nie net die werk van 'n klein groepie lidmate in die gemeente behoort te wees nie. Dit bly die oogmerk en versugting dat elke lidmaat vir hierdie getuienistaak in die wêreld geskool sal word en daarom dat daar al vir dekades lank evangelisasiekursusse wêreldwyd aangebied word. Drie van die bekendstes in Suid-Afrika word kortliks beskryf:

- Die bekendste is die EE 111 (*Evangelism Explosion*) wat in 1962 in die VSA onder leiding van Dr. James Kennedy ontwikkel is en wat in 212 lande gebruik (kyk webtuiste by www.eeinternational.org) word en reeds 26 jaar lank suksesvol in Suid-Afrika aangebied word. Die materiaal en opleiding is in al 11 amptelike landstale beskikbaar en toerustingskursusse vir kinders en jongmense is ook saamgestel. Die Hervormde Kerk het hierdie benadering onder leiding van ds. Tony Simpson verwerk om as die Gemeentelike Evangelisasie Toerustingsprogram (GETP) bekend te staan. Die algemeenste kritiek op hierdie metode, met inbegrip van die GETP hou verband met sy konfrontasiestyl wat bepaalde teologiese vrae na vore bring. In die Hervormde Kerk het hierdie metode nie die verwagte resultate gelewer nie, waarskynlik omdat 'n relasionele benadering, eerder as konfrontasie in die huidige tydsgees groter aanklank vind. Baie min gemeentes bied tans nog die GETP-kursus aan.

- Die Alpha-kursus het in die Holy Trinity Brompton Anglikaanse gemeente in Londen in die laat 1970's begin en word al vir meer as 26 jaar aangebied. Nicky Gumble het in 1990 die kursus oorgeneem en verfyn. Oor die 33 500 Alpha-kursusse word in meer as 163 lande deur feitlik alle denominasies aangebied. Meer as twee miljoen mense in die V.K. en meer as 11 miljoen het die kursus wêreldwyd deurloop (vgl. webtuiste by http://uk.alpha.org). In sy wese is die benadering kategeties van aard. Basiese temas word deur middel van elektroniese beeldmateriaal aan die orde gestel en die kursus toon 'n fyn balans tussen teologies-geestelike en intellektuele integriteit. Die doeltreffendheid lê in die byderwetse en dinamiese aanbiedingstyl, wat met 'n gesellige sosiale betrokkenheid gepaard gaan.
- Die Getroue Getuie-kursus (1993; hersien in 2007) is 'n vertaling en eietydse aanpassing deur prof. Malan Nel van dr. Dick Armstrong (1979) se kursus wat op sy benadering van Service Evangelism gegrond is. Hierdie benadering is 'n "diensgerigte" benadering wat kursusgangers aanmoedig om daar te wees vir diegene in nood. Daar word aan die begin van die kursus sterk klem gelê op kommunikasievaardighede, veral die belangrikheid van luister. Die behandeling van geloof en geloofsinhoude is baie deeglik uitgewerk en die kursusgangers word geleer om hulle geloof op die regte tyd en met die regte aanslag te deel.

**(b) Hoe meetbaar?**

Die vraag is hoe meetbaar die missionale in hierdie verband is? Dit sal uiters moeilik wees om vas te stel hoeveel evangelisasiegesprekke gedurende 'n bepaalde verslagtydperk deur lidmate gevoer word. Die voor die handliggende is om vanuit die model van gestuurde gemeentes te redeneer en aan te voer dat die getal opgeleides iets van die nuwe begrip van gestuurdheid (missio Dei) reflekteer. Daarmee saam kan geredeneer word dat daar, ten spyte van 'n gemeente wat begin het om in die rigting van gestuurde-gemeente-wees te ontwikkel, tog lidmate is wat die gawe ontvang het om georganiseerde evangelisasiewerk te doen. Hierdie georganiseerde evangelisasie of gepaardgaande projekte is komplementerend tot die gewone missionale gerigtheid van die gemeente. Vrae aan 'n gemeente sou kon insluit:

1. Hoeveel lidmate in die gemeente het die afgelope vyf jaar een van die volgende evangelisasiekursusse deurloop? Die betrokke kursusse kan dan genoem word, terwyl ander moontlike kursusse aangedui kan word.

2. Watter metode van evangelisasie is gebruik, byvoorbeeld deur-tot-deur, evangelisasiegerigte sensus, aanmelding van "evangelisasie-objekte" deur lidmate, ander projekte?
3. Hoeveel mense is die afgelope vyf jaar deur middel van georganiseerde evangelisasie by die gemeente deur belydenisaflegging ingeskakel?

#### 2.5.2.5 Sending

Guder (2000:20) sluit hoofsaaklik by Barth se siening van sending as *missio Dei* aan. In kort kom dit daarop neer dat die Vader, Seun en Heilige Gees die kerk die wêreld instuur. Sending is nie primêr 'n aktiwiteit van die kerk nie, maar 'n eienskap van God. God is 'n missionêre God. Sending word daarom gesien as 'n beweging van God na die wêreld en die kerk is 'n instrument vir daardie sending. Die kerk is daar omdat daar sending is en nie andersom nie. Guder (2000:22) noem dat sending as vakgebied, die die basis ontwikkel het waaruit missiologie ontwikkel het in 'n groot dissipline terwyl dit effektief met ander teologiese areas geïntegreer is.

Die kerk bestaan nie net vir homself nie, maar ook vir hulle wat buite die kerk is (Bosch 1991:375). Saam met ander word daar aan die intensie gewerk om hulle wat "buite" is, te bereik. Daarom kan die kerk nie anders as om 'n evangeliserende kerk te wees nie. Sending begin plaaslik en kring wyer, (Getz 1984:69-81) van die spreekwoordelike Jerusalem, sowel as in die hele Judea en Samaria, tot aan die uithoeke van die wêreld. Hierby inbegrepe is ook die sending aan hulle van ander godsdienste.

**(a) 'n Blik op wêreldsending**

Brueggemann (2006:103) trek die lyn van die O.T. na die N.T. deur tot na die vroeë kerk om vandag se betekenis van sending te verreken. Sending gaan nie vir hom oor die heengaan na ander plekke met die veronderstelling dat sekere gebiede "reeds oorwin" is, terwyl ander gebiede nog "ingeneem" moet word – só asof die basis by die huis "beveilig" is. "*Rather, the sending means to be dispatched as alternative in every place where anti-creation powers rule… it is to be understood as alternative community in the midst of concentional communities."* Daarteenoor meen Hancke (2006:34-35 kyk ook Bosch 1979:248) dat dit beter is om sending te beskryf as die kerk se oorsteek van grense, maar dan wel in die vorm van 'n dienskneg. Dit kan weer beskryf word as die taak van die totale kerk met die verlossing deur Jesus Christus as doel. In die uitvoering

van hierdie sendingtaak maak die kerk haar los van haar bestaande bestaanswêreld en tree oor geografiese, sosiale, politieke, etniese, kulturele, godsdienstige en ideologiese grense. Sending is die doelbewuste oorsteek van die grens tussen kerk en nie-kerk deur woord en daad met die oog op die verkondiging van die evangelie. Hancke (2005:25) gee 'n eenvoudige definisie van sending: *Mission is God using his people individually and collectively to reach out to unbelievers through word, deed and prayer.*

Winter & Koch (1999:509-510) bied 'n insiggewende blik op wêreldsending soos dit aan die vooraand van die 21^ste eeu daarna uitsien. Dit het 18 eeue geneem vir aktiewe Christene om van 0% van die wêreld se bevolking tot 2,5% in 1900 te groei, net 70 jaar om van 2,5% tot 5% in 1970 te groei, en om in die laaste 30 jaar van 5% tot 11, 2% van die wêreld se bevolking te groei. Vir die eerste keer in die geskiedenis is daar een aktiewe Christen vir elke nege mense wêreldwyd, wat of nominaal of nie-Christene is nie. Met ander woorde een uit elke tien mense op die planeet is Christene wat hulle geloof aktief uitleef. Die getal Christene, in wat voorheen as sendingvelde bekend gestaan het, oortref die getal Christene in die lande wat tradisioneel sendelinge gestuur het. In werklikheid is daar tans meer sendelinge uit nie-Westerse kerke as van die tradisionele sending-basisse uit die Weste. Die Protestante-groei in Latyns-Amerika is drie keer meer as die biologiese groei. Protestante in Sjina het van ongeveer 1 miljoen na meer as 80 miljoen gelowiges in minder as 50 jaar gegroei. In die 1980's was Nepal 'n Hindoe-koninkryk met 'n klein en vervolgde Christelike Kerk. Vandag is daar honderde duisende Christengelowiges. 'n Mens kan aanvaar dat baie van die statistiek hierbo genoem, die afgelope tien jaar aansienlik verander het.

Sweet (In Joubert et al 2007:24) sluit hierby aan wanneer hy noem dat terwyl die Christendom in Europa aan die uitsterf is, dit met rasse skrede in die Ooste en die Suide groei. Volgens hom is die statistiese middelpunt van die Christendom vandag in Timboektoe, Mali. Die taal van die Christendom vandag is Spaans en die kleur is nie meer wit nie, maar bruin. Daar is vandag meer Christene in Indië as in die VSA en in 2025 sal twee derdes van die Christene in Latyns-Amerika, Afrika en Asië woon.

Die tragiese is dat 2 biljoen mense steeds van die verkondiging van Christus afgesny is (Winter & Koch 1999:510) en dit is veral die groepe binne die Moslemgebiede, sekere stamgebiede, en Hindoe- en Boeddhiste-blokke. Broocks (2002:126) verwys na die

sogenaamde “10/40-venster” wat deur missioloë só genoem word omdat dit die breedtegrade is waartussen die meeste Hindoes, Boeddhiste en Moslems woonagtig is. Volgens Winter & Bloch (1999:519) bied hierdie groepe ook die meeste weerstand, maar merk dan op: “... *we are learning that when a people seems resistant it may only mean that our approach has been ineffective*.” Dit blyk ook dat sendelinge, om verstaanbare redes, traag is om sendingwerk in hierdie blokke te gaan doen. Van die sowat 420 000 sendelinge wêreldwyd, is daar slegs ’n geskatte 10 000 wat in hierdie lande sendingwerk doen. Dit beteken dat 41 keer meer sendelinge in die sogenaamde “*reach people groups*” as in die onbereikte groepe diens doen.





Diagram – geneem uit Winter & Koch (1999:519)

As mens persentasiegewys na bostaande diagram kyk, beteken dit dat 97,6% sendelinge in die bereikte dele werk en slegs 2,4% in die onbereikte dele. Die tragiese moorde op drie sendelinge in Turkye in April 2007 spreek van die moeilike en vyandige omstandighede waarbinne sendingwerk dikwels gedoen word. ’n Duitser en twee Turke is vermoor, terwyl ’n Suid-Afrikaner, Martin de Lange wat reeds 13 jaar sendingwerk in

Turkye doen, dit vrygespring het. Sy kommentaar oor die gebeure is veelseggend: "Die Bybel sê dat die saad van die kerk in die bloed van die martelaar lê" (*Beeld* 20 April 2007).

Tog blyk uit die werk van Winter & Koch (1999:523) dat daar ook groot momentum is. In 1974 was drie uit elke vier mense buite bereik van dieselfde-kultuur evangelisasie. Vandag is slegs een uit elke twee buite die bereik daarvan. In 1974 was meer as die helfte van die wêreld se bevolking buite bereik van die kerk. Vandag, vir die eerste keer in die geskiedenis, is daar minder nie-Christene midde-in onbereikte groepe as wat daar in bereikte groepe is (Winter & Koch 1999:523):

> *We are in the final era of missions. For the first time in history it is possible to see light at the end of the tunnel when there will be a church movement within the language and social structure of every people group on earth, powerful face to face evangelism taking over in all peoples. God is moving throughout His global body to fulfill His promise to the nations in ways that we could not possibly have imagined 25 years ago.*

**(b) Hoe moet sending in die plaaslike gemeente beskou word?**

Oor die verskil tussen sending en evangelisasie is al baie geskryf. Daar word geredeneer dat sending eintlik net kruiskulturele evangelisasie is, as jy byvoorbeeld na mense in jou eie kultuurgroep uitreik is dit evangelisasie, maar sodra 'n ander kultuur geteiken word is dit sending. Die mees resente standpunt van die Hervormde Kerk word deur Van der Merwe (*Die Hervormer* 2009:1) bewoord:

> Die eerste skuif in die Kerk se denke is dat apostolaat voortaan holisties en geïntegreerd gedoen moet word. Dit beteken dat die beleid van skeiding tussen evangelisasie en sending nie meer van pas is nie. Die feit dat die Kerk vir baie jare die interafhanklikheid van verskillende bedienings misgekyk het en alles in selfstandige entiteite en kompartemente opgebreek het ... Elke gemeente, en die Kerk as geheel behoort 'n holistiese en geïntegreerde benadering tot apostolaat te handhaaf. Die eredienste, diakonaat, pastoraat en gemeente-ontwikkeling het alles te doen met die apostolaat, en omgekeerd.

’n Mens is terdeë onder die indruk dat wegbeweeg word van tradisionele terminologie soos sending en evangelisasie en dat “nuwe missionale taal” hierdie terminologie wil oorbrug en selfs verberg. Tog is daar die vraag of nuwe taalgebruik en terminologie nuwe stimulus en missionale ywer gaan bewerkstellig. Nuwe taalgebruik en terminologie mag ’n nuwe bewussyn help vestig en (hopelik) selfs ’n brandende passie, maar daar is tog grense wat ons met die beste taalgebruik nie kan misken nie. Hierdie grense is gegewe en is beslis bedoel om oorgesteek te word, maar die prominensie van die grense moet verreken word en die oorsteek daarvan verg ’n eiesoortige beplanning en strategie.

Die term ‘sending’ het myns insiens steeds gebruikswaarde, veral in die Suid-Afrikaanse konteks. Waar sending tradisioneel gesien is as die oorsteek van grense, verkieslik geografiese grense na ander lande, is dit by ons tans heel anders. In Suid-Afrika het ons die situasie waar die *uithoeke van die wêreld*, die *Samaria’s* en die *Judea’s* na Jerusalem toe stroom. Volgens ’n opname van UASA in 2006 word bereken dat Suid-Afrika die tuiste van tot soveel as 10 miljoen (20% van bevolking) onwettige immigrante is. Daarby moet die land met die 2010 – FIFA- wêreldbeker op hande hom regmaak vir ’n vlaag nuwe aankomelinge. ’n Ganse sendingveld is besig om oor ons grense te stroom en om hulle regoor die land te vestig. Dit is duidelik dat die regering nie by magte is om hierdie golf van onwettige immigrante te stuit nie en dat hulle verblyf hier permanent gaan wees. (*Die Hervormer* 2007:2). Daar is bykans nie ’n gemeenskap in die RSA wat nie tans met vreemdelinge, veral uit ander Afrikastate gekonfronteer word nie. Dit is daarom dat die volgende definisie by uitstek geskik is om die “nuwe sendingveld” in ons midde te bereik. *Sending is die doelbewuste oorsteek van geografiese, sosiale, politieke, etniese, kulturele, godsdienstige en ideologiese grense deur die kerk om die evangelie met woord en daad aan die nie-kerk te verkondig*. Die grense kan die straat, die woongebied, die kleur-, etniese-, kulturele of watter grense ook al wees wat jou van die nie-kerk skei.

Neem byvoorbeeld ’n Nigeriese gesin wat ’n plakkershuis opslaan in ’n nuwe informele nedersetting teenaan die tradisionele swart woongebied. Grenslyne is onmiddellik ’n gegewe en verskil figuurlik-gesproke in dikte tussen byvoorbeeld mense in die informele nedersetting, die swart woongebied en dié in die tradisionele wit dorp. Mense in die gevestigde swart woongebied mag die bure uit die nedersettings as indringers wat hulle

van potensiële werkgeleenthede kom beroof beskou, terwyl inwoners in die tradisionele wit dorpsgebied (waarin heel party swart mense deesdae woon) hulle as ongenooid beskou en die groeiende plakkerskamp met argwaan bejeën. Dan is grenslyne soos taal, kultuur, godsdiens en ideologie nog nie eens in ag geneem nie.

Dan het daar ‘n gebeure plaasgevind wat wie weet hoeveel onwettige immigrante soos die denkbeeldige Nigeriese gesin tot in hulle wese geruk het. Die land het gedurende Mei/Junie 2008 onder ’n vlaag vreemdeling-aanvalle gesteier en duisende paniekbevange immigrante het inderhaas die land uitgevlug, terwyl talle steeds in vrees en bewing ’n onwelkome tuiste hier probeer vind. Dit moet tot beskaming van die kerk in Suid-Afrika gesê word dat ons nie by magte was om vreemdelingehaat te kon omkeer en positief in die evangelisasie van duisende wat die grense na die RSA oorgesteek het, te kon kanaliseer nie. Die kerk (lees 75% van Suid-Afrikaners volgens nuutste sensus) het skamelik gefaal toe ’n sendingveld van miljoene Afrikane geografiese, sosiale, politieke, etniese, kulturele, godsdienstige en ideologiese grense na ons oorgesteek het.

Miskien moet daar in die Suid-Afrikaanse konteks gepleit word vir begrip dat daar figuurlik-gesproke, harder en sagter grenslyne is. Soliede, dik lyne of dun en selfs stippellyne - alles grenslyne wat die kerk na die nie-kerk moet oorsteek. Vir die soliede, dik lyne is die term sending steeds ’n doeltreffende voertuig en vir die dun en gestippelde lyn bied die term evangelisasie steeds genoegsame drakrag. Evangelisasie sou dan geld vir diegene in die gemeenskap wat in terme van taal en kultuur (om maar enkele voorbeelde te noem) meer toeganklik is. Natuurlik kom die begrippe steeds tuis onder die sambreelterm “missionaal” of die apostolaat van die kerk, soos Van der Merwe (*Die Hervormer* 2009:1) voor pleit, hoewel, die begrippe sending en evangelisasie myns insiens nie só uitgedien is as wat algemeen aanvaar word nie. Die oproep behoort te wees dat ’n groter missionale bewussyn as gevolg van ’n sendingveld wat na ons toe gekom het, sal posvat. Die grootste soliede dik grenslyn wat stellig oorbrug moet word, is dié van vooroordeel en ’n hulle-hoort-nie-hier-nie-houding.

Gestuurde-gemeente-wees beteken ’n hele gemeente wat verstaan wat *missio Dei* beteken en wat hulle gestuurdheid oral, elke dag in hulle werksplekke en in hulle sport, kultuur en sosiale lewens uitleef. Maar dit sou ook impliseer dat ’n klein groepie geroepenes wat oor die gawes beskik, of hulle vir God se roepstem oopstel (Hy kan mos

roep, wié Hy wil na waarheen Hy wil), grense na ander gemeenskappe toe sal oorsteek. Dit kan etniese en kulturele grense wees wat 'n paar strate verder is, of op die rand van die stad of dorp geleë is – of dit kan geografiese grense wees na enige ander sendingveld wat wag. Dit kan 'n lewensroeping wees waar die gemeente oor baie jare 'n sendingpaar in die vreemde versorg, dit kan sendinguitreik oor die korttermyn wees, dit kan plaaslike betrokkenheid in die sendingkerk vir 'n leeftyd wees. Feit is, gestuurde gemeentes beskik oor hierdie lidmate as "gawes" aan die kerk en 'n ongeredde wêreld.

Dan is daar ook die korttermyn-sendinguitreike na ander betemmings, wat tans baie gewild onder baie gemeentes is, soos onder punt 4.2.6 (p. 259) uitgewys, hoewel die oortuiging is dat ons grootste opdrag in Suid-Afrika plaaslik is. Warren (2003:264-265) moedig gelowiges aan om by 'n korttermyn-sendingprojek in 'n ander land aan te sluit. Hy noem dat so 'n projek 'n positiewe uitwerking op die gelowige het: "Dit gaan jou hart laat swel, jou visie verbreed, jou geloof groter maak, jou mededoë versterk en jou met die soort vreugde vul wat jy nog nooit ervaar het nie. Dit kan die keerpunt in jou lewe wees." Hierdie motivering is ook by McLaren (2001:122) aanwesig as hy sê:

> *I look back over my years in ministry and ask what has really helped people change and deepen spiritually: (1) Youth retreats, (2) short-term mission trips … I look over this list and wonder what they have in common. The biggest thing – intensity. Odd: we try to make our spiritual formation experience routine, and that maybe guarantees they become less effective. The more intense and less routine the educational experience, the greater the impact – at least that's what strikes me as I look over my list.*

(**c**) **Missionaal suksesvol**?

Met Hancke (2006:120-122; vgl. *Die Hervormer* 2009:1) se vermaning in gedagte, naamlik dat gewaak moet word teen die persepsie dat sending slegs een van die aksies in die gemeente is, kan daar tog gevra word na spesifieke aksies wat die gemeente loods of by betrokke is – welwetende dat die gemeente haar missionale karakter sal bly ontwikkel ten einde meer en meer 'n gestuurdheid te openbaar. Die volgende kan as vrae dien vir die empiriese toetsing:

- Is u gemeente by die opleiding van sendelinge betrokke?
- Verleen u gemeente finansiële steun aan sending in die algemeen?
- Doen u toegespitste voorbidding vir sending/sendelinge?
- Is u gemeente betrokke by die onderhouding van sendelinge vir hul lewensonderhoud?
- Is u gemeente betrokke by korttermyn-sendinguitreike en wat is die frekwensie daarvan?
- Is daar lidmate wat die afgelope 5 jaar as gevolg van u gemeente se sendingaksie by u belydenis van geloof afgelê het?

### 2.5.3 ’n Gemeente wat bestaan om ander te dien

Armstrong (1979:60) beskryf die persoonlike interaksie van die Christelike geloof omdat dit oor ’n Persoon (Jesus Christus) gaan, maar ook omdat dit deur persone oorgedra word. “*Christianity is a person-to-person religion*.” Alles wat ons van Christus hoor, weet of lees, is die resultaat van mense wat onder leiding van die Heilige Gees geskryf het wat hulle geskryf het. “*Christianity is a religion about a person, from persons ... but it is more. It is for persons.*” Uiteraard gaan dit wat tot dusver gesê is, primêr oor die verlossing van die mens deur Jesus Christus. God gebruik mense op elke moontlike manier in sy verlossingsplan vir die wêreld. Maar daar is ook ander fasette van God se betrokkenheid by die mens en deur die mens – die vraag na sosiale betrokkenheid in die wêreld. Armstrong (1979:58) meen dat sosiale aksie ’n natuurlike gevolg van diensevangelisasie (*service evangelism*) is, maar nie andersom nie. “*But it is not possible, in my opinion, to be meaningful involved in service evangelism without being involved in social action.*” Moffitt (2006:216) bied ’n waardevolle insig:

> *Christians talk about bringing unsaved people to church – ‘churching the unchurched’. Yet, the most effective way to reach people is by sending members out of the church and into the world. We need to ‘unchurch the churched’! We need to cross the bridge that seperates the church from the community. People should not have to belong to the ‘club’ – the church – to find out that God loves them.*

DeClaissé-Walford (2008:6) ondersteun die gedagte en noem dat die Christendom fundamenteel oor gemeenskapsbetrokkenheid gaan. Hy gebruik die Bybelse beelde van

sout en lig (Matt 5:13-16) en stel dit soos volg: "… *and I take this to mean that the church are less about numbers and more about effect.*"

Volgens Dulles (2002:89) in sy hoofstuk oor die kerk as dienskneg, is die kerk die "aktiewe subjek" en die wêreld die "objek" met wie die kerk werk en wat die kerk probeer beïnvloed. Hy sluit by Bonhoeffer aan (1967:203) wat gesê het: "Die kerk is alleen kerk as dit vir ander bestaan..." Armstrong (1979:38) deel hierdie oortuiging as hy sê: "*If there is one image in the Bible that expresses the mission of the church, it is that of a servant*." Tog maak Dulles (2002:91-94) 'n saak daarvoor uit dat die hele saak van dienslewering gebrekkig is aan Bybelse begronding. Die Bybel prys wel dienslewering aan, maar dui nie die taak van die kerk as dienslewering (*service*) aan nie. Vir Dulles beteken selfs die term diakonia dat dit op alle bedieninge toegepas kan word, byvoorbeeld die bediening van die Woord, van sakramente en tydelike hulp – en nie 'n noodwendige betekenisinhoud van diens deur die kerk nie. "*The modern notion of the 'servant Church' therefore seems to lack any direct foundation in the Bible. Yet it may be out of place to speak of an 'indirect foundation'*" En later vervolg hy: "*The emphasis is apocalyptic rather than prophetic. The Church is seen as existing for the glory of God and of Christ, and for the salvation of its members in a life beyond the grave. It is not suggested that it is the Church's task to make the world a better place to live in*" (Dulles 2002:92-93). Ten spyte van sy argumente, maak hy tog 'n toegewing deur die huidige aandrang op die kerk as dienskneg (*servant Church*), te sien as 'n teken van spirituele vooruitgang. Maar onmiddellik waarsku hy weer: "*But the concept of service must be carefully nuanced so as to keep alive the distinctive mission and identity of the Church*" (Dulles 2002:94).

#### 2.5.3.1 'n Holistiese benadering

Nie almal redeneer soos Dulles nie. In sy studie oor die werk van Newbigin formuleer Hunsberger (1998:279) Newbigin se siening soos volg: "... *the best way to meet society in terms of the gospel – and avoid the possiblity of compromise – is for Christians [to] be the hermeneutic of the gospel – the interpretive lens through which people will see and read what the gospel has to do with them and the world in which they live*."

Sider et al (2002:13) meen dat daar wye konsensus onder Evangeliese leiers is dat die kerk beide Woord en daad moet kombineer deur evangelisasie en sosiale bediening te verrig. Volgens hulle is al hoe meer kerke besig om in 'n meer holistiese benadering op

te gaan. "*Holistic ministry is incarnational ministry .... It's God's people fleshing out the truth of the gospel... this means making personal commitment to service, not simply donating money from a distance*" In hulle boek, *Churches that make a Difference*, pleit Sider et al (2002:27) vir betrokkenheid in die wêreld, maar dan vanuit 'n holistiese benadering. In hoofstuk 2: "*The church's calling to holistic ministry*", word die volgende gesê*:* "*To spread the kingdom of God is more than simply winning people to Christ. It is also working for the healing of persons, families, and relationships. It is doing deeds of mercy and seeking justice*" (Sider et al 2002:45). Nel (1994:47) noem dat God reeds en steeds in sy wêreld aktief is:

> Hy is ook aktief besig in die gemeenskap waarbinne elke gemeente bestaan. Die gemeente is in die sin sy mense wat vir sy barmhartigheid sensitief geraak het. Soos niemand anders nie weet die gemeente dat God omgee en dat dit vir Hom saak maak wat van mense in hulle nood word. Hulle weet ook eerstehands dat God in staat is om te help... Barmhartigheidsdiens is daarom die mees logiese diens wat die gemeente in sy missionêre gerigtheid op God se wêreld kan lewer. Dit is niks anders as missionêre diens of diakonaat nie. So neem die gemeente deel aan dit waarmee God besig is. Hulle raak betrokke by dit wat God reeds uit liefde doen vir mense in en rondom die gemeente – mense in hulle bestaan van sonde, hartseer, ongeregtigheid, onderdrukking, intimidasie, armoede, werkloosheid, eensaamheid, geweld en nog meer.

Schutte (2003:248, 252-254) is oortuig dat die plaaslike gemeente nie anders kan as om plaaslik by haar gemeenskap betrokke te raak nie – ook wat haar barmhartigheidswerk betref. "Die dae toe evangelisasie net beteken het om siele vir die Koninkryk te wen, is met ander woorde verby ... evangelisasie beteken dus eerder 'n holistiese benadering tot die mens wat buite die gemeente staan. Sy geestelike sowel as fisiese behoeftes moet raakgesien en aangespreek word" (Schutte 2003:254). Hy noem dat meeste lidmate nog nooit geleer is om die fisiese nood van ander raak te sien nie. Mense dink dat dit in die Kerk net om die geestelike nood van mense gaan. In elke gemeente sal 'n sensitiwiteit vir mense in nood gekweek moet word en die diakens sal die gemeente voortdurend vir barmhartigheidsdiens moet toerus. Daarby moet daar ook 'n klemverskuiwing van hoe die gemeente betrek kan word, plaasvind. Dit mag nie gesien word as 'n blote bereidwilligheid om 'n bepaalde finansiële bydrae te lewer of om

bepaalde middele by die kerk te kom aflaai nie. Elke lidmaat moet tot aktiewe deelname aangemoedig word.

Armstrong (1979:47) spesifiseer ook hierdie dienskneggestalte van die kerk deur te wys dat die kerk daar moet wees waar konflik is; om 'n instrument van versoening te wees; waar daar onreg is, moet die kerk die instrument vir hervorming wees; waar daar lyding of bepaalde behoeftes is, moet die kerk 'n gemeenskap wees waar medelye is en moet die behoeftes van mense in nood aangespreek word. Ook ander skrywers sluit aan by hierdie saak van die kerk se "dienskneggestalte". Volgens Callahan (1983:1) is Spesifieke, Konkrete Missionêre doelwitte die eerste kenmerk van 'n suksesvolle kerk. Daarby bedoel hy 'n gemeente wat fokus op spesifieke "*human hurt and hope*" soos deur byvoorbeeld hulp aan alkoholiste en hulle families te verleen. Die gedagte is dat 'n gemeente met sodanige doelwitte werklike diens aan 'n gemeenskap sal lewer en in daardie diens ook 'n missionale gerigtheid sal hê. Daar moet egter in so 'n benadering gewaak word om nie alles vir almal te wees nie. Dit is veral 'n vermaning aan die pastor wat soms neig om alles vir almal te wees en gevolglik uitbrand. Dit herinner aan die woorde van Bilbo in *Lord of the Rings*: "...*I feel all thin, sort of stretched, if you know what I mean: like butter that has been scraped over too much bread. That can't be right. I need a change, or something* (Tolkien 1968:32)" En verder: "*The church that does that, ends up helping no one with anything*." Sjogren (1993:17) definieer dit wat hy "*Servant Evangelism*" noem, soos volg: "*Demonstrating the kindness of God by offering to do some act of humble service with no strings attached*."

Die werk van Moffitt (2006) werp goeie lig op die hele saak van diensevangelisasie en fisiese, sosiale bediening. Die kerk van die negentiende en twintigste eeu het 'n tragiese verlies ervaar. Ten spyte van 'n groeiende getal kerke en Christene wêreldwyd, het die kerk haar vermoë om 'n impak op die wêreld te maak, verloor. Hy verwys ook na die kerk in die Apostolies era (sien paragraaf 2.4.2.1, p. 98) wat met 'n skrale 9,9% die Romeinse wêreld van daardie tyd totaal beïnvloed het (Moffitt 2006:114). Hy (Moffitt 2006:102) verwys ook deur woordspeling na die "*Greek*" Commission (i.p.v die *Great Commission*) omdat die vroeë kerk gekonfronteer was met die Gnostisisme, waarvolgens alles in die geestelike wêreld goed was, maar die fisiese wêreld boos was. Die kerk het 'n onbybelse onderskeid tussen fisiese en geestelike werklikhede ontwikkel – 'n onbybelse afstand tussen "Woord" en "dade". Die internasionale kongres vir Wêreld

Evangelisasie, wat in 1974 in Lausanne, Switserland gehou is, het 'n keerpunt gebring omdat dit beide evangelisasie en sosiale betrokkenheid as sleutelkwessies uitgewys het (Moffitt 2006:115).

Hy identifiseer ses redes waarom die plaaslike gemeente die gemeenskap kan beïnvloed (Moffitt 2006:179-181):

1. Die plaaslike gemeente het 'n **holistiese mandaat**. Dit sluit alle aspekte van die indiwidu en gemeenskap se lewe in, naamlik hul fisiese, spirituele, sosiale en intellektuele behoeftes. God se breëre agenda maak dat die gemeente bedieninge in al die areas van mense se lewens bewerkstellig.
2. Die plaaslike gemeente bied **voortdurende toerusting** vir sy mense. Toerusting geskied deur middel van eredienste, Bybelstudiegroepe, kategese, kleingroepe ensovoorts, "*Equiping is far more than knowledge. It provides preparation and experience. It developes people's skills, attitudes, understanding, abilities, spiritual gifts, faith and faithfulness*."
3. Die plaaslike gemeente **verteenwoordig 'n breë spektrum** van die gemeenskap. As gemeenskap van gelowiges verteenwoordig die plaaslike gemeente alle sosio-ekonomiese klasse, etniese groepe, opvoedkundige vlakke en beroepe. Hierdie mense kan weer oral in hulle onderskeie leefwêrelde 'n verskil maak.
4. Die plaaslike gemeente is **inheems**. Die lidmate en leiers kom uit die gemeenskap wat die plaaslike gemeente bearbei.
5. Die plaaslike gemeente se **bediening is volhoubaar**. Die plaaslike gemeente onderhou haarself uit eie bronne en die uitreike is uit eie middele. Baie organisasies kom van buite af en moet gedurig geld en middele van buite genereer wat, sonder die volgehoue ondersteuning van buitepersoneel en hulpbronne, moeilik is om vol te hou.
6. Die plaaslike gemeente is ontwerp vir **lewenslange betrokkenheid** met haar lidmate. "*There are few other institutions where people come voluntarily, regularly, throughout their lives, to receive instruction about how to live*."

Daar is talle maniere en projekte waardeur die plaaslike gemeente in die gemeenskap betrokke kan raak. Verskillende skrywers haal letterlik dosyne voorbeelde van sodanige uitreike en projekte aan. Sjogren in sy *Conspiracy of Kindness* (1993), bied 'n lang lys

van vindingryke maniere waarop 'n gemeente in die gemeenskap betrokke kan raak. Dit wissel van gloeilampe by huise vervang, gratis koeldrankies by sportbyeenkomste uitdeel, motors was tot selfs die skoonmaak van toilette by restaurante en besighede. Peters (2000) in sy boek, *Tot Uw dienst: Een diakonale bijdrage aan gemeenteopbouw*, noem onder andere die voorsiening van blyplek aan dakloses, diensbeurte by terminale pasiënte te doen, hulpdienste aan minder beweeglike mense te bied, maaltydprojekte, hulp met die inburgering van vreemdelinge en vlugtelinge, koinonia-geleenthede vir nuwe intrekkers ensovoorts. Sider et al (2002) in *Churches that make a difference* inkorporeer deurentyd praktiese voorbeelde van hoe gemeentes 'n verskil kan maak. Gedurende 'n VSA-toer in 2004 saam met prof. Malan Nel het ons een oggend besoek afgelê in 'n stedelike gebied in die omgewing van Princeton. Ons gasheer vir die oggend was Philip Olsen, een van die mede-outeurs van die boek. Olsen het ons na 'n gemeente geneem en vertel hoedat die betrokke gemeente huisvesting vir armoedige gesinne bekom het en dit op 'n volhoubare manier aan hulle verhuur. Die gemeente was ook betrokke by verskeie behuisingsprojekte vir minder gegoede mense.

Wat Moffitt se boek (2006), *If Jesus were Mayor,* so waardevol maak, is dat dit oorloop van ware gebeure oor talle sendingvelde heen, veral ook in gebiede wat oorheersend uit ander godsdiensgroepe bestaan. Aan die einde van die boek gee hy 'n goeie uiteensetting van dit wat hy **saadprojekte** noem. Hy definieer dit as **kortstondige**, **klein**, **eenvoudige** bedieningsaktiwiteite wat deur die **plaaslike gemeente** verrig word deur die aanwending van **eie hulpbronne** ten einde **God se liefde** te **demonstreer** aan diegene **buite die gemeente** (Moffitt 2006:275). Die prinsipiële onderbou van die saadprojekte, asook die praktiese toepassing (Moffitt 2006:273-306) daarvan, is baie opwindend en insiggewend en behoort van groot waarde te wees vir enige plaaslike gemeente wat by die gemeenskap betrokke wil raak. Weens 'n gebrek aan ruimte word hier slegs na die voorbeeld van een saadprojek gekyk, naamlik dié van 'n gemeente in Tegucigalpa, Honduras wat binne 'n paar jaar die volgende vermag het:

- 'n Sokkerliga gereël
- 'n Mediese liga gestig
- 'n Kinderoppas-klas ingestel
- Voorsien klere aan behoeftige kinders
- Tandheelkundige dienste wat 'n tandarts aan huis van behoeftiges gaan lewer
- Tandheelkundige opleiding
- Lakens wat aan gevangenes voorsien word
- Skooltoerusting vir gevangenes se kinders

- Voorkomende gesondheidseminaar gehou
- Verskaffing van vitamine-aanvullings
- Voorsiening van vullishouers in strate
- Een keer ’n week se vas om kos aan behoeftiges te gee
- Verf van spoedhobbels in strate
- Besoeke aan families van alkoholiste
- Opvul van slaggate in strate
- Versoek vir ’n vullisverwyderingslorrie ingesit
- Betontrappies by ’n steilte gebou

Ter afsluiting van hierdie besprekingspunt word by Nel (1994:232) aangesluit as hy sê dat die gemeente die barmhartigste organisme op aarde behoort te wees. Hy (Nel 1994:233) stel ook die volgende vrae aan gemeentestrukture:

- Vergemaklik die strukture die vloei van die barmhartigheid van God en sy mense?
- Is dit moontlik om vinnig hulp en hoop aan diegene wat onverwags in nood kom, te verleen?
- Is die strukture vir hulpverlening “mensvriendelik”?
- Word die menswaardigheid van mense in nood gehandhaaf of aangetas?
- Maak die strukture en vorme dit maklik vir mense wat hulp en hoop ontvang, om in te skakel by die gemeenskap van mense wat omgee en die lewe met mekaar deel?

Teen hierdie tyd behoort daar geen onduidelikheid te bestaan dat diakonaat nie ter wille van die bekering van mense gedoen word nie. Die werk van barmhartigheid word gedoen deur die kerk uit dankbaarheid vir eie verlossing en al die goeie gawes wat ontvang word – omdat God sy son laat skyn oor goeies en slegtes. Tog lewer die diakonaat sy groeivrug wanneer mense tot geloof kom (Nel 1994:232) – die eer en die dank kom altyd die Vader toe.

## 2.6 DIE MEETBAARHEID VAN DIE MISSIONALE

Soos reeds aangedui, gaan hierdie studie vanuit die hipotesestelling uit dat gemeentes wat met ’n gestruktureerde gemeentebouproses besig is, missionaal meer suksesvol is as gemeentes wat geen gestruktureerde gemeentebouproses deurloop nie. Die saak van ’n gestruktureerde gemeentebouproses is reeds onder 2.3 (p. 58) behandel waarin aangedui is wat die kriteria daarvoor behoort te wees. Wat die missionêre betref, is daar by die meeste hoofpunte kriteria aangedui wat kan meehelp om die missionêre gerigtheid en aktiwiteite empiries te kan vaslê.

Maar eers, 'n waardevolle insig uit die pen van Warren (1995:394):

> *Don't worry about the growth of your church. Focus on fulfilling the purposes of your church. Keep watering and fertilizing and cultivating and weeding and pruning. God will grow his church to the size he wants it, at the rate that's best for your situation ... God may allow you to labor for years with little visible results. Don't be discouraged! Underneath the surface things are happening that you can't see. Roots are growing down and out, preparing for what is ahead. Even when you may not see the wisdom of what God is doing, you must trust God … if you are building a ministry on God's eternal purpose, you cannot fail. It will prevail. Keep on doing what you know is right, even when you feel discouraged … Just as with a bamboo tree, when the time is right God can change things overnight. What is most important is that you remain faithful to his purpose.*

By empiriese meting behoort daar duidelik van die veronderstellig uitgegaan te word dat die werk van die gemeente onder leiding van die Heilge Gees nooit volledig verreken en gemeet kan word nie, daarvoor is daar te veel groei en ontwikkeling onder die oppervlakte wat nooit gesien of selfs gepeil kan word nie. Tog bly daar altyd die versugting by die mens om te kan meet en te kan vergelyk. 'n Mens kan ook die Heidelbergse Kategismus, Sondag 32, vraag en antwoord 86 hierby betrek as daar gevra word: "Hoekom moet ons dan nog goeie werke doen...?" 'n Deel van die antwoord lui dan: "...sodat ons vir onsself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry..." 'n Mens sou kon redeneer dat 'n gemeente wat haar missionêre roeping uitleef tog die vrug daarop sou wou sien - met die regte perspektief daarop natuurlik – en dat dit tot aanmoediging en versterking van hulle goeie werk sal wees om met nog groter sekerheid en vasberadenheid op die weg wat ingeslaan is, te volhard.

Kundiges op die gebied maak van verskillende kriteria en meetinstrumente gebruik om wel sukses/resultate op hierdie gebied te meet. In hoofstuk 4 sal daar meer breedvoerig daarop ingegaan word, veral wat die toetsing van die missionale betref. So is daar byvoorbeeld resente voorbeelde van missionale toetsing by Hancke (2006) en Moffitt (2006). Dan natuurlik, die bekende gemeenteboukonsultant, Kennon Callahan se *12*

*Keys to an effective Church*, wat byvoorbeeld spesifiek die konkrete missionêre doelwitte by ’n gemeente meet. Nel (1994) sluit by Callahan aan en tree wyd in Suid-Afrika as gemeenteboukonsultant op. As studieleier is sy insigte en advies onontbeerlik in die opstel van ’n vraelys. Die onlangse boek van Hendriks (2004), *Studying Congregations in Africa*, bied ook ’n waardevolle invalshoek. Kortom, daar is genoeg resente voorbeelde wat aantoon dat die missionêre karakter, doelwitte en handelinge in ’n gemeente redelik effektief gemeet kan word.

## 2.7 Sleutelkwessies vir die missionale gemeente

Die missio Dei beteken dat God sending is en dat die kerk God se sending aan die wêreld is. Dit beteken dat God sy mense indiwidueel en kollektief gebruik om uit te reik na ongelowiges deur woord, daad en gebed.

In lyn met die NHKA se standpunt val die keuse in hierdie studie op die term “missionaal”, hoewel daar geen kritiek teen die gebruik van die term “missioneel” of selfs “missionêr” is nie.

Groei in getalle is gewens, veral as dit kom uit nie-gelowiges en kerklos en -vervreemde mense. Tog behoort die kerk kennis te neem van die verbruikersmentaliteit in die huidige era wat lei tot die “church-hopper” sindroom wat skadelik is vir die kerk.

’n Gemeente wat in missionale karakter groei, neem toe in passie wat Apostoliese -oorgawe, fokus, gebed en besluitneming insluit.

Die Apostoliese era bied ’n perspektief van Christene wat sonder die kenmerke van ’n institusie en kerkgeboue ’n impak op die samelewing gemaak het en wel op só ’n wyse dat die totale orde deur ’n skrale 9,9% van die bevolking omgekeer is.

Die Christendom era het gesorg dat die kerk institusioneel geraak het met ’n verweefdheid van staat en kerk. Die staat was kerk en die kerk was staat. Elke keer as institusionalisme hoogty gevier het, het God wêreldgebeure só geplooi dat die evangelie wyer versprei het – op pad na die uithoeke van die wêreld.

’n Gemeente wat haar missionale karakter ontwikkel, gee aandag aan die saak van sendingdimensie en sendingintensie. Sendingdimensie het te doen met die opbou van lidmate om ’n missionale karakter te kweek, terwyl ’n sendingintensie die lidmate na anderkant die mure van die kerkgebou neem om missionaal betrokke te raak by “punte van konsentrasie”.

Die gemeente se missionale karakter realiseer as gestuurde gemeente, (die oorwig van lidmate) as getuigende gemeente in elke sfeer van die samelewing en as dienende gemeente waar daar ook al nood is.

Die SAVGG is ’n uitstekende instrument vir gemeentes om van ’n instandhoudingsgemeente na ’n gemeente wat gestuur is, te transformeer. Betrokke gemeentes vorm “clusters” in ’n bepaalde streek en groei saam na ’n gemeenskaplike doel – om hoe langer hoe meer in effektiewe gestuurde gemeentes te ontwikkel.

Onder die gemeente as getuigende gemeente dien die saak van missionale eredienste, lidmate wat in hulle leefwêreld getuienis lewer, onderlinge verhoudinge as getuienis, evangelisasie en sending.

Missionale eredienste wil ’n basis bied waar lidmate en besoekers tuiskom, versterk en toegerus word vir hulle diens en gestuur-wees in die wêreld.

Lidmate behoort toegerus te word om getuies in die wêreld te wees. Getuienislewering is nie sonder meer evangelisasie nie, maar evangelisasie kan ook nie sonder die element van getuienislewering nie. Getuie-wees geskied vanuit ’n Godgesentreerdheid, insig in die hele dinamika daarvan, asook ’n regte lewenstyl.

Die vestiging van kleingroepe dien baie ideale. As dit by die missionale kom, dien die kleingroep as instrument van evangelisasie (die ‘oopstoel’ herinner daaraan). Dit dien veral as veilige inkomplek (en broeikas) vir nuwe gelowiges.

Evangelisasie is inbegrepe by die hele saak van gestuurde gemeentes. Lidmate behoort toegerus te word om die evangelie op die mees effektiewe manier te bring aan mense wat die Here op hulle pad stuur.

Naas die feit dat die gemeente ’n gestuurde gemeente behoort te wees, is daar ’n klein aantal mense in die gemeente wat die gawe het om grense oor te steek, hetsy geografies, kultureel, sosiaal ensovoorts om sendingwerk te doen. Die huidige situasie in Suid-Afrika roep die gemeente op om eerstens plaaslik betrokke te raak by die “nuwe sendingveld” wat in ons midde ontstaan het, alvorens daar op korttermyn-sendinguitreike vertrek word.

Die plaaslike gemeente is geroep om daadwerklik by dienslewering in die gemeenskap betrokke te raak. Daar is baie voorbeelde wat as suksesvolle modelle in hierdie verband dien.

Die empiriese toetsing van missionale sukses blyk heel haalbaar te wees.